

**Die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolesent tydens 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk: 'n maatskaplikewerkondersoek**

Deur

**Liezel-Joan le Roux**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling  
van die vereistes vir die graad

**MAGISTER SOCIALIS DELIGENTIAE**

In

**MAATSKAPLIKE WERK  
(Speltherapie)**

in die

**Fakulteit Geesteswetenskappe**

Universiteit van Pretoria

**Studieleier: Dr C.E. Prinsloo**

**PRETORIA**

**NOVEMBER 2004**

## DANKBETUIGINGS

Besondere waardering en opregte dank word aan die volgende persone betuig:

- Dr C.E. Prinsloo, my studieleier, wat ten spyte van duisende kilometers 'n onuitputbare bron van leiding en aanmoediging was. Dit was vir my 'n voorreg om hierdie studie onder u leiding te voltooi.
- Christopher, for your unwavering support. Thank you for being there throughout the 'ups and downs' of this journey.
- Die respondente: vir julle gewillige deelname ten spyte van veeleisende werksure en beperkte vryetyd. Elkeen van julle het iets besonders van julle ervaring tydens hierdie studie gedeel.
- My Hemelse Vader wat vir my die krag en gesondheid geskenk het om hierdie studie te voltooi.

## **OPSOMMING**

### **DIE AANPASSING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE LAAT-ADOLESSENT TYDENS 'N WERKSVAKANSIE IN DIE VERENIGDE KONINKRYK: 'N MAATSKAPLIKEWERKONDERSOEK**

**Deur**

Liezel-Joan le Roux

**STUDIELEIER**

**DR C.E. PRINSLOO**

**DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK**

**MSD (Speltherapie)**

Die doel van hierdie navorsingstudie is om die aard van die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolescent wat op 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is, te ondersoek.

Ten einde hierdie doel te bereik, is daar 'n literatuurondersoek uitgevoer ten opsigte van laat-adolescentie, die ontwikkelingstake van hierdie lewensfase, kultuur en kultuurskok en die aanpassing daarby.

'n Empiriese studie is uitgevoer waartydens semi-gestruktureerde onderhoude as data- insamelingsmetode benut is. Tydens hierdie onderhoude is vrae aan die respondente gestel om te bepaal wat die laat-adolescente as aangenaam en onaangenaam omtrent hulle werksvakansie in die Verenigde Koninkryk ervaar, watter verskille hulle merk ten opsigte van die Suid-Afrikaanse kultuur en die Britse kultuur, watter probleme hulle ervaar het met aanpassing, of hulle heimweë ervaar, wat dit veroorsaak en hoe hulle dit hanteer. Tien respondente is in individuele onderhoude by die navorsing betrek.

Verkennde navorsing is as navorsingsontwerp benut omdat die navorser die tendens rondom laat-adolescente wat 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk

onderneem geëksplorieer het. Die navorser het kwalitatiewe navorsing uitgevoer om sodoende die navorsingsvraag te beantwoord. Die navorsingsvraag wat vir die doel van hierdie studie geformuleer is, was: wat is die aard van die aanpassing van die laat-adolesent wanneer hulle in die Verenigde Koninkryk woon en werk?

Die navorser het gebruik gemaak van die een groep natoets-ontwerp as navorsingsprosedure aangesien die onderhoude met die laat-adolesente gevoer was nadat hulle vir 'n periode van ten minste vier maande in die Verenigde Koninkryk gewoon het.

Empiriese data is verkry met behulp van 'n skedule wat gedurende die semi-gestruktureerde onderhoude benut was en dit het die volgende aangedui:

- Die laat-adolesente ervaar kultuurskok tydens die aanvang van hulle werksvakansie in die Verenigde Koninkryk.
- Verskille in die omgewing word beleef.
- Kulturele verskille tussen Suid-Afrikaners en Britte word waargeneem.
- 'n Verhoging in selfstandigheid word ervaar.
- Werkservaring word opgedoen en geld word verdien wat die laat-adolesente in staat stel om in hulle behoeftes te voldoen.
- Kohesie en solidariteit word met mede-Suid-Afrikaners in Londen beleef.
- Blootstelling word ervaar.
- Heimweë word ervaar.

Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat die laat-adolesent aanvanklik kultuurskok ervaar maar dat ondersteuning van Suid-Afrikaners en 'n verhoging in selfstandigheid aanpassing tot gevolg het. Heimweë word ervaar en word hanteer op wyses wat uitgetoets word.

## **LYS VAN SLEUTELTERME**

- Laat-adolessensie
- Identiteitsontwikkeling
- Werksvakansie in die Verenigde Koninkryk
- Aanpassing
- Kultuur
- Kultuurskok
- Hantering
- Akkulturering

## **SUMMARY**

### **THE ADJUSTMENT OF THE SOUTH AFRICAN LATE ADOLESCENT WHILST ON A WORKING HOLIDAY IN THE UNITED KINGDOM: A SOCIAL WORK INVESTIGATION**

**By**

Liezel-Joan le Roux

**SUPERVISOR**

**DR C.E. PRINSLOO**

**DEPARTMENT OF SOCIAL WORK**

**MSD (Play Therapy)**

The purpose of this research was to investigate the nature of the South African late adolescent's adjustment whilst on a working holiday in the United Kingdom.

In order to achieve this goal a thorough literature study was done with attention afforded to late adolescence, the developmental tasks of this life stage, culture and culture shock and the adjustment to the latter.

An empirical study was conducted whereby semi-structured interviews were utilized as a data collection method. During these interviews questions were posed to the respondents to ascertain what they regarded as pleasant as well as unpleasant in relation to their working holiday in the United Kingdom, the perceived cultural differences between South Africans and Britons, problems experienced with the adjustment, homesickness, triggers thereof including ways in which to cope with it. Ten respondents were individually interviewed during this research.

An exploratory research design was followed as the researcher explored the trend of late adolescents who embark on a working holiday in the United Kingdom. The researcher performed qualitative research to answer the research question. The research question that was formulated for the purpose of this study was: what is the

nature of the adjustment of the late adolescent whilst living and working in the United Kingdom?

The researcher applied the one-group posttest-only design as research procedure because interviews were conducted following a period of at least four months in which the respondents had lived in the United Kingdom.

Empirical data was obtained by means of an interview schedule and the following themes were identified:

- Late adolescents experience culture shock upon arrival in the United Kingdom.
- Environmental differences are experienced.
- Cultural differences between South Africans and Britons are noted.
- Independency increases.
- Work experience is gained and money earned in order to meet needs.
- Cohesion and solidarity are experienced with fellow South Africans in London.
- Exposure is experienced.
- Homesickness is experienced.

The researcher concludes that the late adolescent experiences initial culture shock that is absorbed by the support of fellow South Africans and results in increased independence. Homesickness is experienced and is dealt with in ways that had been tested.

## **LIST OF KEYWORDS**

- Late adolescence
- Identity development
- Working holiday in the United Kingdom
- Adjustment
- Culture
- Culture shock
- Coping
- Acculturation



## INHOUDSOPGAWE

<b>LYS VAN TABELLE</b>	<b>.....6</b>
<b>LYS VAN FIGURE</b>	<b>.....6</b>
<b>HOOFSTUK 1</b>	<b>.....7</b>
<b>ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE</b>	<b>.....7</b>
<b>1.1 INLEIDING</b>	<b>.....7</b>
<b>1.2 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK</b>	<b>.....8</b>
<b>1.3 PROBLEEMFORMULERING</b>	<b>.....9</b>
<b>1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE ONDERSOEK</b>	<b>.....14</b>
1.4.1 Doelstelling.....	14
1.4.2 Doelwitte.....	14
<b>1.5 NAVORSINGSVRAAG</b>	<b>.....14</b>
<b>1.6 NAVORSINGSBENADERING</b>	<b>.....15</b>
<b>1.7 TIPE NAVORSING</b>	<b>.....15</b>
<b>1.8 NAVORSINGSONTWERP</b>	<b>.....16</b>
<b>1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN -STRATEGIE</b>	<b>.....17</b>
<b>1.10 VOORONDERSOEK</b>	<b>.....19</b>
1.10.1 Literatuurstudie.....	19
1.10.2 Konsultasie met deskundiges.....	19
1.10.3 Uitvoerbaarheid van die studie.....	20
1.10.4 Toetsing van die meetinstrument.....	21
<b>1.11 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN STEEKPROEFNEMING</b>	<b>.....21</b>
<b>1.12 ETIESE KWESSIES</b>	<b>.....23</b>
1.12.1 Toestemming.....	23
1.12.2 Vertroulikheid.....	25
1.12.3 Bevoegdheid van die navorser.....	25
1.12.4 Bekendmaking van resultate.....	25
1.12.5 Misleiding van die respondente.....	26
1.12.6 Herstel van die respondente.....	26
<b>1.13 PROBLEME EN LEEMTES ERVAAR TYDENS NAVORSING</b>	<b>.....26</b>
<b>1.14 DEFINIËRING VAN HOOFKONSEPTE</b>	<b>.....27</b>
1.14.1 Werksvakansie.....	27

1.14.2	Aanpassing.....	28
1.14.3	Laat-adolessensie .....	28
<b>1.15</b>	<b>INHOUD VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG</b>	<b>.....29</b>
	<b>HOOFSTUK 2</b>	<b>.....30</b>
	<b>ADOLESENSIE AS ONTWIKKELINGSFASE EN DIE LAAT-ADOLESENT SE ERVARING VAN KULTUURSKOK</b>	<b>.....30</b>
<b>2.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>.....30</b>
<b>2.2</b>	<b>DEFINIËRING VAN ADOLESENSIE</b>	<b>.....30</b>
<b>2.3</b>	<b>ONTWIKKELINGSTEORIEË</b>	<b>.....31</b>
2.3.1	Biologiese siening .....	31
2.3.2	Kulturele teorieë .....	31
2.3.3	Psigoanalitiese teorie: Sigmund Freud.....	31
2.3.4	Psigososiale sienings.....	32
2.3.5	Kognitiewe teorieë.....	33
<b>2.4</b>	<b>ONTWIKKELINGSTAKE</b>	<b>.....34</b>
<b>2.5</b>	<b>ADOLESENTE EN WERK</b>	<b>.....35</b>
<b>2.6</b>	<b>IDENTITEIT</b>	<b>.....36</b>
<b>2.7</b>	<b>DIE INDIVIDUALISASIEPROSES</b>	<b>.....44</b>
2.7.1	Binding ( <i>attachment</i> ) en hantering .....	45
2.7.2	Persoonlike probleme in laat-adolessensie .....	45
<b>2.8</b>	<b>KULTUUR EN KULTUURSKOK</b>	<b>.....46</b>
2.8.1	Die aard van kultuurskok .....	46
2.8.2	Om na 'n nuwe land te verhuis: landskok.....	47
<b>2.9</b>	<b>VERDUIDELIKINGS VIR KULTUURSKOK</b>	<b>.....50</b>
2.9.1	Agtergrond.....	50
2.9.2	Negatiewe lewensgebeure .....	50
2.9.3	Waardeverskille .....	52
2.9.4	Hantering ( <i>coping</i> ).....	53
2.9.5	Lazarus se teorie van hantering .....	53
2.9.6	Hanteringstyle van adolessente .....	54
<b>2.10</b>	<b>FASES VAN AANPASSING</b>	<b>.....54</b>
2.10.1	Interkulturele aanpassing .....	55
2.10.2	Heimweë ( <i>homesickness</i> ) .....	56
<b>2.11</b>	<b>AKKULTURASIE</b>	<b>.....58</b>

2.11.1	Stresteenwerkingfaktore.....	59
2.11.2	Sosiale ondersteuning.....	61
<b>2.12</b>	<b>SLOTGEDAGTE</b>	<b>..... 62</b>
<b>2.13</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>..... 64</b>
<b>HOOFSTUK 3</b>		<b>..... 66</b>
<b>EMPIRIESE ONDERSOEK</b>		<b>..... 66</b>
<b>3.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>..... 66</b>
<b>3.2</b>	<b>NAVORSINGSPROSES</b>	<b>..... 66</b>
3.2.1	Analisering van die probleem en beplanning van die projek .....	66
3.2.2	Insameling van data en sintese .....	68
3.2.3	Ontwerp .....	68
3.2.4	Data-analise .....	69
<b>3.3</b>	<b>BIOGRAFIESE GEGEWENS</b>	<b>..... 69</b>
<b>3.4</b>	<b>EMPIRIESE GEGEWENS</b>	<b>..... 71</b>
3.4.1	Vraag 1 .....	72
3.4.1.1	Verbale response van respondente.....	72
3.4.1.2	Hooftemas vanuit vraag 1.....	74
3.4.1.3	Subtemas vanuit vraag 1 .....	74
3.4.2	Vraag 2.....	76
3.4.2.1	Verbale response van respondente.....	76
3.4.2.2	Hooftemas vanuit vraag 2.....	79
3.4.2.3	Subtemas vanuit vraag 2.....	79
3.4.3	Vraag 3.....	80
3.4.3.1	Verbale response van respondente.....	80
3.4.3.2	Hooftemas vanuit vraag 3.....	84
3.4.3.3	Subtemas vanuit vraag 3.....	84
3.4.4	Vraag 4 .....	85
3.4.4.1	Verbale response van respondente.....	85
3.4.4.2	Hooftemas vanuit vraag 4.....	87
3.4.4.3	Subtemas vanuit vraag 4 .....	87
3.4.5	Vraag 5.....	88
3.4.5.1	Verbale response van respondente.....	88
3.4.5.2	Hooftemas vanuit vraag 5.....	90
3.4.5.3	Subtemas vanuit vraag 5.....	90
3.4.6	Vraag 6 .....	91

3.4.6.1	Verbale response van respondente.....	91
3.4.6.2	Hoofemas vanuit vraag 6.....	94
3.4.6.3	Subtemas vanuit vraag 6.....	95
3.4.7	Vraag 7.....	95
3.4.7.1	Verbale reponse van respondente .....	95
3.4.7.2	Hoofemas vanuit vraag 7.....	97
3.4.7.3	Subtemas vanuit vraag 7.....	98
<b>3.5</b>	<b>ANDER GEGEWENS</b>	<b>.....99</b>
<b>3.6</b>	<b>SAMEVATTING</b>	<b>... 101</b>
	<b>HOOFSTUK 4</b>	<b>.... 103</b>
	<b>SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</b>	<b>.... 103</b>
<b>4.1</b>	<b>INLEIDING</b>	<b>.... 103</b>
<b>4.2</b>	<b>SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</b>	<b>... 103</b>
4.2.1	Hoofstuk 1: Algemene inleiding.....	103
4.2.1.1	Samevatting.....	103
4.2.1.2	Gevolgtrekkings.....	104
4.2.1.3	Aanbevelings .....	105
4.2.2	Hoofstuk 2: Laat-adolessensie as ontwikkelingsfase en die beleving van kultuurskok in 'n vreemde omgewing .....	106
4.2.2.1	Samevatting.....	106
4.2.2.2	Gevolgtrekkings.....	107
4.2.2.3	Aanbevelings .....	108
4.2.3	Hoofstuk 3: Empiriese ondersoek.....	109
4.2.3.1	Samevatting.....	109
4.2.3.2	Gevolgtrekkings.....	110
4.2.3.3	Aanbevelings .....	113
<b>4.3</b>	<b>DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE</b>	<b>.... 115</b>
4.3.1	Doelstelling.....	115
4.3.2	Doelwitte van die studie.....	115
<b>4.4</b>	<b>NAVORSINGSVRAAG</b>	<b>.... 117</b>
<b>4.5</b>	<b>SLOTGEDAGTE</b>	<b>.... 117</b>
	<b>BRONNELYS</b>	<b>.... 118</b>
	<b>BYLAAG 1: INGELIGTE TOESTEMMING: DEELNAME AAN NAVORSING.</b>	<b>..... 126</b>

<b>BYLAAG 2: INGELIGTE TOESTEMMING: DEELNAME AAN NAVORSING</b>	
.....	<b>128</b>
<b>BYLAAG 3: Onderhoudskedule:</b>	<b>.... 130</b>

**LYS VAN TABELLE**

	<b>BLADSY</b>
Tabel 1: <i>Social readjustmant scale (Furnham &amp; Bochner, 1986:179)</i> .....	51
Tabel 2: Tydperk van verblyf.....	69
Tabel 3: Tipe werk.....	70
Tabel 4: Hoeveelheid kontak met familie/vriende in Suid-Afrika.....	70

**LYS VAN FIGURE**

	<b>BLADSY</b>
Figuur 1. Die Shermis & Coleman (1990) model van adolessentstres en -hantering.....	59
Figuur 2: Woonopset.....	71

## HOOFSTUK 1

### ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

#### 1.1 INLEIDING

Die aankoms in 'n nuwe land gaan gepaard met veelvuldige eise weens die kultuurverskille tussen die nuwe aankomeling en die plaaslike burgers. Daar bestaan ook 'n gebrek aan die gewone ondersteuningsnetwerk waaraan 'n individu in sy of haar eie land gewoond is. Om 'n nuwe woning te vind, by 'n nuwe geldeenheid aan te pas asook die aanpassing van taalgebruik is slegs enkele van die uitdagings wat buitelanders ervaar sodra hulle in 'n nuwe land arriveer. Hierdie aanpassing word deur Lackland (2000:5) as 'n komplekse en multi-faset fenomeen beskryf aangesien soveel verskillende veranderlikes betrokke is. In hierdie studie word ondersoek ingestel na die aanpassing van die laat-adolesent wat op 'n twee jaar werksvakansievisum in die Verenigde Koninkryk werk.

In hoofstuk een word aandag gegee aan die motivering vir die uitvoering van hierdie studie. Die probleem word geformuleer en die oorhoofse doelstellings en doelwitte word uitgeengesit. Die navorsingsvraag, navorsingsbenadering, tipe navorsing, navorsingsontwerp, navorsingsprosedure en strategie word bespreek. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is gevolg. Die navorsingsontwerp is volgens de Vos (2001:102) die plan vir die sistematiese ondersoek met die doel om 'n beter begrip van 'n fenomeen te bewerkstellig.

Die vooronderzoek is gedoen om die uitvoerbaarheid van die studie te bevestig. Die begrensing van die studie word aangeraak en die etiese kwessies geniet aandag. Die hoofkonsepte onderliggend aan die studie, naamlik werksvakansie, laat-adolessensie en aanpassing, word gedefinieer.

Alhoewel die beskrywing van die studie beide geslagte sal insluit, word daar in die verslag verwys na "hy" wat ter wille van bondigheid na sowel manlike as vroulike individue verwys.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

Die motivering vir die ondersoek het uit eie ervaring, die ervaring van mede-landgenote en 'n ondersoek na literatuur gespruit. Dit is 'n groeiende tendens dat jong Suid-Afrikaners die land vir 'n periode van ongeveer twee jaar verlaat. 'n Geskatte 600 000 – 800 000 Suid-Afrikaners woon in die Verenigde Koninkryk. Daar is twee wyses waarop die Verenigde Koninkryk binnegegaan kan word, naamlik volle immigrasie na die Verenigde Koninkryk of 'n werksvakansie vir 17 – 27 jariges (rainbownation, 2003). Die navorser gaan in hierdie studie fokus op die adolessent wat pas sy skoolloopbaan voltooi het en met 'n twee jaar werksvakansie in die Verenigde Koninkryk werk.

Die Suid-Afrikaners wat met 'n werksvakansievisum in die Verenigde Koninkryk woon en werk, vestig hoofsaaklik in Londen. Hierdie Suid-Afrikaners deel huise weens die hoë koste van akkommodasie. Een element sentraal tot die suksesvolle aanpassing onder akkulturerende individue, volgens Berry (in Lackland, 2000:7), is die manier waarop hulle gelyktydig twee kwessies hanteer: (a) kulturele onderhouding (dit is die mate waarin hulle hulle kulturele eienskappe as belangrik ag) en (b) kontakdeelname (dit is die mate waarin hulle in kontak kom met die gasheersamelewing en deelneem aan sy lewenswyses). Die Suid-Afrikaners wat huise met ander Suid-Afrikaners deel, sorg dus dat hulle hulle kultuur onderhou weens volgehoue kontak met lede van dieselfde kultuur.

In die Verenigde Koninkryk word daar klem gelê op die noodsaaklikheid van 'n jaar weg van die huis af. Bird (2000:v) verwys na hierdie jaar vir die lede van die samelewing wat sestien jaar of ouer is, as die "*gap year*" of gapingsjaar. Dit word verder deur Bird (2000:v) beskou as 'n belegging in die toekoms aangesien dit bydra tot die ontwikkeling van lewensvaardighede waarna werkgewers in werknemers soek.

Die navorser werk ook tans in die Verenigde Koninkryk met 'n twee jaar werksvakansievisum. Ten spyte van inligting van mede-landgenote wat reeds die geleentheid benut het om in die Verenigde Koninkryk te werk en brosjures wat voor die afloop van die ervaring geraadpleeg was, was die aanvanklike aanpassing steeds 'n uitdaging.



Die navorser het vriende besoek wat in Londen woon en gevind dat 'n aantal Suid-Afrikaners 'n huis deel weens die hoë koste van behuising. Dit lei tot ongewenste omstandighede weens die gebrek aan privaatheid en die feit dat mede-huurders gedurig in ag geneem moet word.

Die navorser woon in die Noorde van die Verenigde Koninkryk. In die Noorde is daar 'n aansienlik kleiner persentasie Suid-Afrikaners woonagtig. Dit het tot gevolg dat die plaaslike inwoners minder blootstelling kry aan Suid-Afrikaners. Gevolglik lei dit tot houdings wat as xenofobies beleef word.

Die navorser moes dus aanpassings maak om hierdie kulturele verskille te begryp. Dit het gelei tot die behoefte aan 'n ondersoek ten opsigte van die aanpassings van adolessente aangesien hulle in 'n vroeër ontwikkelingsfase in vergelyking met die navorser is. Hierdie ontwikkelingsfase kan ander wyses van aanpassing teweegbring. Die afleidings wat na afloop van die studie vanuit die data gemaak word, kan bydra tot verdere studies rondom intervensies vir laat-adolessente wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk. Hierdie inligting kan ook bydra tot programontwikkeling om sowel laat-adolessente wat in die toekoms in die Verenigde Koninkryk sal werk en woon, as hulle ouers, op die ervaring voor te berei.

### **1.3 PROBLEEMFORMULERING**

Daar is talle redes waarom adolessente na afloop van hulle skoolloopbaan in 'n ander land wil gaan werk. In hierdie studie is die fokus op die aanpassing by die nuwe en/of vreemde land waarin hulle werk.

Die volgende aspekte word deur Bird (2000:3) aangebied as motivering vir hierdie gapingsjaar:

- om die lewe te ervaar en/of te werk voor die aanvang van drie en meer jare van tersiêre opleiding;
- om geld te maak;
- om 'n relevante onderwerp in 'n nuwe situasie te bestudeer;
- om een of meer beroepe uit te toets voordat 'n finale keuse gemaak word;
- om nuwe vaardighede te ontwikkel;
- om persoonlike ervaring te verbreed;

- om tyd konstruktief te vul;
- om vriende te maak; en
- om te reis.

Butcher & Rees (2000:5) voer die volgende redes aan as motivering:

- om 'n CV te verbeter deur te toon dat daar goeie benutting van tyd in werkloosheid was;
- om 'n nuwe taal te leer (of 'n tweede taal te verbeter soos in die geval van Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners);
- om te leer om vir homself op te staan;
- om ontslae te raak van eksamenstres; en
- om meer selfvertroue te kry.

Terselftertyd voer Butcher & Rees (2000:5) die volgende redes aan teen die besluit om 'n jaar weg te gaan:

- vriende is 'n jaar voor die persoon wat oorsee werk op universiteit;
- dis moeilik om weer te begin studeer;
- dis maklik om kontak te verloor met vriende wat reeds universiteit toe gegaan het;
- families wat ongelukkig is met die besluit; en
- aanpassing tydens die terugkeer.

Die bogenoemde redes waarom die adolessent in 'n ander land gaan werk, moet binne die konteks van sy ontwikkelingsfase beskou word.

Adolessensie is volgens Erickson (in Allison & Schultz, 2001:509) 'n periode van eksplorerende self-analise en self-evaluasie wat 'n sameloop vorm tot die vestiging van 'n geïntegreerde sin van self of identiteit. Hierdie proses behels die eksplorering en toetsing van alternatiewe idees, waardes en gedrag wat hierdie periode kenmerk as een van beide dramatiese verandering en onsekerheid. Erickson het 'n teoretiese raamwerk vir die konseptualisering van die transformasie van die self gedurende adolessensie ontwikkel. Hierdie raamwerk is ontwerp vir die ontwikkeling van 'n sin van 'n persoon se individualiteit en voortbestaan met betekenisvolle ander.

'n Eeu gelede het James (in Elbogen, Carlo & Spaulding, 2001:657) gepostuleer dat elke individu verskillende self-konsepsies vir verskillende sosiale kontekste ontwikkel

soos 'n spirituele self, 'n materiële self en 'n sosiale self. Erik Erickson (in Elbogen *et al.*, 2001:657) het in sy bydrae tot persoonlike identiteit, uitgebrei op die self van familie, ideologie, vriendskap, beroep en romantiek. Onder adolessente word gevind dat die omvang van die sosiale self met ouderdom toeneem. Gedurende adolessensie dra die kognitiewe vordering en sosialiseringsdruk by tot 'n meer gedifferensieerde konsep van die self.

Naas selfdifferensiasie vind die integrering van die self ook plaas. Hierdie integrasie word deur Elbogen *et al.* (2001:658) gedefinieer as "... a capacity to synthesize apparently conflicting ideas to choose between them". Die integrering van die self beteken dat die individu 'n persoonlike identiteit in 'n meer samehangende geheel ontwikkel gedurende die transisie van laat adolessensie tot jong volwassenheid. In 'n studie deur Elbogen *et al.* (2001:666) is gevind dat die selfstrukture van vierdejaarstudente in vergelyking met eerstejaarstudente meer geïntegreerd is.

Tydens die oorgang na volwassenheid is adolessente meer gefokus op hulle geantisipeerde identiteite, 'n beroep, huwelik en ouerskap (Kerpelman & Pittman, 2001:491). Hierdie geantisipeerde identiteite word "moontlike selwe" genoem en alhoewel dit nog nie werklike identiteite is nie, is hulle besig om te ontwikkel. Soos werklike identiteite, beskik hulle oor georganiseerde self-sienings en waargenome verwagtings van ander. Onder verwysingsgroepe is beide vriendskappe en romantiese verhoudings kontekste vir eksplorering en konstruksie van identiteit.

Die laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk werk, se fokus op geantisipeerde identiteite sal moontlik verskil van die geantisipeerde identiteite van die verwysingsgroep in Suid-Afrika. In hierdie studie is gevind dat die laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk werk, identiteite antisipeer wat hom help om in 'n vreemde omgewing aan te pas.

Gedurende die proses van identiteiteksplorasië beskik die moontlike self volgens Kerpelman & Pittman (2001:491) oor aspekte wat sensitief is vir terugvoer uit die omgewing. Eksplorasië word deur Berman, Schwartz, Kurtines & Berman (2001:513) gedefinieer as 'n proses van ondersoek en ontdekking van wie en wat 'n persoon mag wees, met 'n verbintenis tot 'n identiteit wat 'n konsolidering van hierdie proses is. Eksplorering kan dus gesien word as 'n basiese proses onderliggend aan die vorming van 'n identiteit.

Aangesien die adolessent sensitief is vir terugvoer vanuit die omgewing, bied dit aan die laat-adolessent wat in die Verenigde Koninkryk werk uitdagings in terme van sy aanpassing. Vanuit die versamelde data is dit duidelik dat terugvoer vanuit die Suid-Afrikaanse konteks en terugvoer vanuit die Britse konteks verskil. Aangesien die laat-adolessent nog in die proses van identiteitseksploratie is, kan moontlike verwarring ontstaan.

Kerpelman & Pittman (2001:510) dui aan dat laat-adolessente nie werklik seker is oor hulle "moontlike selwe" nie. Voordat rolle beklee word, bied moontlike selwe aan adolessente "begin-waarde" wat (moontlik op dramatiese wyses) sal verander soos wat nuwe terugvoer ontvang word en nuwe rolle direk ervaar word. Dit is ook belangrik om sosiale konteks in ag te neem. Die aard van nabye verhoudings wat teenwoordig is in die proses van identiteitseksplorering sowel as die insette wat hierdie mense tot die proses van identiteitsvorming maak, moet in ag geneem word.

Die laat-adolessent wat in die Verenigde Koninkryk werk, eksplorieer nuwe rolle. Die konteks waarin hy homself bevind, gee reeds vir die laat-adolessent die nuwe rol van buitelandse. Hierdie rol moet tot die identiteit wat besig is om te ontwikkel, bygevoeg word.

Die laat-adolessent wat in die Verenigde Koninkryk werk, beleef kultuurskok. Furnham & Bochner (1986:47) beskryf kultuurskok as die ervaring van 'n nuwe kultuur as 'n onaangename verrassing of skok, gedeeltelik omdat dit onverwags is en gedeeltelik omdat dit tot 'n negatiewe evaluering van 'n persoon se eie kultuur kan lei. Die laat-adolessent moet dus by hierdie ervaring aanpas.

Furnham & Bochner (1986:125) het die aanpassing van studente wat in die buiteland studeer, ondersoek. Hulle het gevind dat die studente eerstens met probleme gekonfronteer word wat enige iemand wat in 'n vreemde kultuur woon, ervaar naamlik rassediskriminasie, taalprobleme, probleme met akkommodasie, skeidingsreaksies, diëetbeperkings, finansiële kommer, misverstande en eensaamheid. Tweedens is daar ook probleme wat alle laat-adolessente en jong volwassenes in die gesig staar naamlik om emosioneel onafhanklik en selfonderhoudend te raak, pro-aktief te wees en 'n verantwoordelike lid van die samelewing te word.

Laat-adolescente vanaf Suid-Afrika staar soortgelyke probleme in die gesig. Dit is die navorser se ervaring dat Suid-Afrikaanse jongmense wat in Londen woon, akkommodasie bekom wat lae standarde handhaaf. Die doel van die studie is om te bepaal wat die aard van die adolessente se aanpassing rondom die kultuurverskille in hulle rol as buitelanders is.

'n Studie wat deur Lackland (2000:19) onderneem is om die aanpassing van adolessente met immigrantagtergronde te ondersoek, het gevind dat sosiale groeidentiteit die grootste rol in die aanpassingsproses speel. Furnham & Bochner (1986:128) het ook die belangrikheid van sosiale groepe ondersoek en drie onderskeie sosiale netwerke geïdentifiseer:

1. 'n Primêre monokulturele netwerk wat uit hegte vriendskappe met reisende landgenote bestaan. Dit bied 'n opset waarin etniese en kulturele waardes uitgeleef en uitgedruk kan word.
2. 'n Sekondêre bikulturele netwerk bestaan uit bande tussen die reisigers en betekenisvolle gasheerburgers soos akademici, studente, adviseurs en staatsamptenare. Die hoof funksie van die netwerk is om die professionele en akademiese aspirasies van die reisigers te fasiliteer.
3. 'n Derde multikulturele netwerk is een van vriende en kennisse. Die hoof funksie van die netwerk is om 'n kameradie vir ontspanning te voorsien wat nie-kulturele asook nie-taakgeïntereerde aktiwiteite is.

Die navorsingsresultate eggo bogenoemde waar die laat-adolescent sy rol as dié van groepslid benut in sy aanpassing in die Verenigde Koninkryk.

Die probleem wat in hierdie studie ondersoek word, is die aanpassing van die laat-adolescent in die buiteland en hoe dit deur sy ontwikkelingsfase beïnvloed word. Uit die literatuur is dit duidelik dat die laat-adolescent se ontwikkelingstaak van identiteitsontwikkeling beïnvloed kan word deur sy ervaring in die Verenigde Koninkryk. Die studie het dus die aanpassing van die laat-adolescent ondersoek met inagneming van sy identiteitsontwikkeling.

## **1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE ONDERSOEK**

### **1.4.1 Doelstelling**

Die doel van die studie is om die aard van die aanpassing van die Suid-Afrikaanse adolessent wat op 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is, te ondersoek.

### **1.4.2 Doelwitte**

Die volgende doelwitte is tydens hierdie studie beoog:

- Om ondersoek in te stel na die aard van die ontwikkelingstake van die laat-adolessent asook die redes vir werksvakansies in die buiteland.
- Om ondersoek in te stel na die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolessent in die Verenigde Koninkryk.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die verkreeë inligting te maak met die oog op die ontwikkeling van moontlike programme wat reeds in Suid-Afrika aan laat-adolessente wat die moontlikheid van 'n werksvakansie oorweeg, asook aan laat-adolessente wat reeds in die Verenigde Koninkryk werk, aangebied kan word.

## **1.5 NAVORSINGSVRAAG**

Navorsing vind volgens de Vos (2001:115) plaas met een of meer vrae of hipoteses as stimilus. Vrae word gewoonlik gestel omtrent die aard van werklike situasies terwyl hipoteses stellings is oor dinge wat kan wees. Navorsingsvrae is volgens de Vos (2001:116) meer relevant vir die navorser wat kwalitatief werk.

Aangesien die navorser verkennende navorsing onderneem het en 'n kwalitatiewe studie uitgevoer het, is geen hipotese gestel nie. Die volgende navorsingsvraag is vir die studie geformuleer:

**Wat is die aard van die aanpassing van laat-adolessente wanneer hulle in die Verenigde Koninkryk woon en werk?**

## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

Kwalitatiewe navorsing word deur Mark (1996:401) gedefinieer as 'n benadering tot navorsing wat staat maak op algemene en narratiewe beskrywings eerder as nommers en statistiek. Kwalitatiewe navorsing poog om die volle kompleksiteit van sosiale verskynsels te ondersoek en om die waargenome betekenis van die verskynsels wat bestudeer word, vas te stel. Die navorser het die aanpassing van Suid-Afrikaanse laat-adolesente wat pas na hulle matrikulasie in die Verenigde Koninkryk gaan werk, kwalitatief ondersoek.

'n Kwalitatiewe studie is gepas vir die doeleindes van die studie aangesien die navorser die betekenis van die laat-adolesente aan hulle aanpassing in die Verenigde Koninkryk heg, wou ondersoek.

Kwalitatiewe navorsing word deur Marshall & Rossman (1999:3) gedefinieer as 'n breë benadering tot die studie van sosiale verskynsels en bevat drie hoofkomponente, naamlik:

1. 'n fokus op individuele beleefde ervarings;
2. 'n fokus op samelewing en kultuur, en
3. 'n fokus op taal en kommunikasie.

Vir die doeleindes van die studie het die navorser se fokus op individuele ervarings primêre data voorsien aangesien dit die aard van die laat-adolesent se aanpassing beskryf het. Samelewing en kultuur is twee belangrike komponente in hierdie studie omdat dit die konteks skep waarin die aanpassing plaasvind. Die Suid-Afrikaanse laat-adolesent in die Verenigde Koninkryk beleef 'n oorgang vanaf een kultuur na 'n ander.

## 1.7 TIPE NAVORSING

Sodra kwalitatiewe navorsingswerk meer humanisties en relevant tot die lewens van mense gedoen word, beweer de Vos (2001:80) dat dit as toegepaste navorsing bestempel kan word. Toegepaste navorsing is volgens Neuman (1997:22) gewoonlik beskrywende navorsing en die belangrikste sterk punt is die onmiddellike praktiese gebruik. Die navorser het beoog om die belewenisse van laat-adolesente wat in die

Verenigde Koninkryk werk, te beskryf. Dit kan moontlik bydra tot verdere studie rondom intervensies vir suksesvolle aanpassing van laat-adolesente wat in die Verenigde Koninkryk werk.

Die tegnieke wat benut word vir die insameling van kwalitatiewe data is minder gekoppel aan 'n spesifieke teorie of navorsingsvraag. Kwalitatiewe navorsing neig om meer oop te wees vir die gebruik van 'n reeks bewyse en die ontdekking van nuwe kwessies. Die navorser het kwalitatiewe data ingesamel om sodoende die sosiale verskynsel te verken rondom die laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk werk. Hierdie verkennende studie kan binne die raamwerk van toegepaste navorsing beskou word.

## **1.8 NAVORSINGSONTWERP**

Verkennende navorsing kan volgens Neuman (1997:19) die eerste fase in 'n reeks van studies wees. Verkennende navorsing voorsien baie min definitiewe antwoorde en spreek "wat"-vrae aan. Verkennende navorsing maak volgens Neuman (1997:20) gewoonlik van kwalitatiewe data gebruik. In hierdie studie word daar gepoog om "wat"-vrae te beantwoord aangesien die navorser wou bepaal wat die aard van die aanpassing van die laat-adolesent in die Verenigde Koninkryk is.

Verkennende navorsing word deur Dane (1990:5) beskryf as 'n poging om te bepaal of 'n verskynsel bestaan en illustreer aan die hand van 'n voorbeeld dat verkennende navorsing nie noodwendig 'n spesifieke teorie toets nie, alhoewel navorsers 'n teoretiese raamwerk vir hulle verkenning bereik. Navorsers "ontdek" nie 'n verskynsel nie, maar eksploreer nuwe aspekte daarvan.

Aspekte rondom die aanpassing tydens die werksvakansie van die laat-adolesent is verken. Die navorser ontdek nie die verskynsel van adolessente wat Suid-Afrika na matriek verlaat om vir twee jaar in die Verenigde Koninkryk te werk nie, maar het die aspekte met betrekking tot die aanpassing van die laat-adolesente geëksploreer.



## 1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN -STRATEGIE

Die navorser het gebruik gemaak van die fenomenologiese strategie. Hierdie strategie word deur Schurink (in de Vos, 2001:244) beskryf as 'n strategie wat gekenmerk word deur observasie en die beskrywing van die aksies van 'n klein hoeveelheid subjekte en die betekenis wat aan hulle aksies geheg word. Die hoofdoel is om objektiewe uittreksels van beleefde ervarings te skryf. Die respondentegroep vir hierdie navorsing is nie ewekansig vanuit 'n spesifieke populasie gekies nie, daarom sal die resultate van die bevindinge nie na enige ander groep of populasie veralgemeen kan word nie.

Vir die doeleindes van die studie is data ingesamel deur semi-gestruktureerde onderhoude met die laat-adolesente te voer. Die kwalitatiewe onderhoud word deur Babbie (2004:300) gedefinieer as 'n onderhoud wat eerder gebaseer is op 'n stel onderwerpe wat in diepte bespreek moet word as op die gebruik van gestandaardiseerde vrae. Die ervaring wat ondersoek is, is die belewenis van die laat-adolesente wat in die Verenigde Koninkryk werk.

Schwardt (1997:75) noem dat kwalitatiewe studies oor die algemeen die meeste gebruik maak van ongestruktureerde, oop-einde, informele onderhoude om buigsaamheid en responsiwiteit van respondente toe te laat. Die gebruik van gestruktureerde onderhoude is egter nie ongewoon is in veldstudies waar daar 'n tydse beperking is of waar dit wenslik is om sommige spesifieke of gefokusde inligting van 'n groot groep mense in te samel nie.

In hierdie studie was daar 'n tydse beperking aangesien die onderhoude uitgevoer moes word binne die eerste jaar van die laat-adolesent se verblyf in die Verenigde Koninkryk. Terselfertyd moes die respondente reeds 'n tydperk in die Verenigde Koninkryk vertoef het om werklik in staat te wees om terugvoer oor hulle aanpassing te kon gee.

Die semi-gestruktureerde onderhoud word deur Kvale (1996:124) beskryf as 'n onderhoud wat oor sowel 'n reeks temas wat gedek moet word as voorgestelde vrae beskik. Daar is terselfertyd 'n oopheid tot verandering in die reeks en vorm van die vrae om sodoende die respondente se antwoorde en stories wat vertel is, op te volg.

Die volgende sewe fases in die volledige onderhoudproses word deur Kvale (1996:88) uiteengesit:

1. Gee van 'n tema (*thematizing*): Verkry duidelikheid oor die doel van die onderhoud en die konsepte wat geëksploreer moet word.
2. Ontwerp: Die uitlê van die proses waardeur hierdie doel bereik moet word met inagneming van die etiese dimensie.
3. Onderhoudvoering: Om die onderhoude uit te voer.
4. Transkribering: Skep van 'n geskrewe teks van die onderhoude.
5. Analisering: Bepaal die betekenis van die ingesamelde materiaal in verhouding tot die doel van die studie.
6. Verifiëring: Kyk na die betroubaarheid en geldigheid van die materiaal.
7. Verslaggewing: Vertel aan ander wat geleer is.

In hierdie studie het die navorser die bogenoemde sewe stappe gevolg vir die insameling en die verwerking van die verkreeë data.

Die navorser het fenomenologie as strategie vir die studie benut. Volgens de Vos (2001:80) word hierdie strategie gebruik om die betekenis wat subjekte aan hulle daaglikse lewe heg, te verstaan en te interpreteer. Om dit te kan doen, moet die navorser die subjek se leefwêreld betree en homself in die skoene van die subjek plaas. Vir die doeleindes van die studie het die navorser betekenis wat die laat-adolescente aan hulle aanpassing by die daaglikse lewe in die Verenigde Koninkryk heg, geïnterpreteer. Creswell (1998:51) voeg hierby ook die konsep of fenomeen van die individue. Die fenomeen van laat-adolescente wat Suid-Afrika na afloop van hulle matriekeindeksamen verlaat, is die fenomeen wat in hierdie studie ondersoek is.

Data in kwalitatiewe analise is gewoonlik volgens Poggenpoel (in de Vos, 2001:335) in tekstuele narratiewe formaat, dus getranskribeerde onderhoude. Die navorser het in hierdie studie van oudiobande gebruik gemaak. Transkripsies is van die opnames gemaak. Volgens Poggenpoel (2001:336) is die eenvoudigste metode van data-analise die gebruik van helder penne om die hoofemas uit te lig. Analitiese induksie is as strategie vir data-analise gebruik. Hierdie strategie word deur Poggenpoel (2001:338) omskryf as die ontwikkeling van universele stellings wat oor die essensiële eienskappe van 'n fenomeen beskik, of wat gevind word om die bestaan van 'n sosiale gebeurtenis te verklaar. Die navorser het vanuit die transkripsies

stellings ontwikkel oor die essensiële eienskappe van die fenomeen van Suid-Afrikaanse laat-adolesente wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk.

## **1.10 VOORONDERSOEK**

Voordat navorsing uitgevoer word, is dit belangrik om eers 'n vooronderzoek uit te voer. Neuman (1997:141) maak die aanname dat dit geldigheid verbeter. Die doel van die vooronderzoek word deur Huysamen (in Strydom, 2001:179) beskou as die ondersoek na die uitvoerbaarheid van die beplande projek en om moontlike probleme in die metingsprosedure na vore te bring.

### **1.10.1 Literatuurstudie**

'n Literatuurstudie is gedoen om te bepaal wat reeds oor die onderwerp nagevors is. Dit het die navorser in staat gestel om die uitvoerbaarheid van die studie te bepaal. Dit voorkom ook terselfertyd herhaling.

'n Rekenaarsoektog is gedoen met behulp van die Akademiese Inligtingsdiens, Universiteit van Pretoria. Die doel van die soektog was om te bepaal of daar reeds navorsing rondom die laat-adolesent wat na aflegging van die matriekeindeksamen in die Verenigde Koninkryk op 'n werksvakansievisum werk, bestaan. Geen navorsing oor hierdie onderwerp is gevind nie. Geen verwante studies rondom adolessente wat saam met hulle ouers na die Verenigde Koninkryk geïmmigreer het, is ook opgespoor nie.

Die literatuursoektog het boeke en joernaalartikels ingesluit. Nasionale en internasionale bronne, ook vanuit ander vakgebiede soos Sosiologie en Sielkunde, is benut en is in die verloop van die studie gebruik.

### **1.10.2 Konsultasie met deskundiges**

Die navorser het 'n onderhoud gevoer met Me Johanna Renz. Me Renz, BA (Hons), MSc, DSM, DST, is 'n geregistreerde psigoterapeut en bestuurkonsultant. Sy is die stigter en besturende direkteur van Upsticksandgo, 'n organisasie in Engeland waar berading aangebied word aan *expatriots* wat professionele hulp vereis terwyl hulle oorsee woon, studeer of werk.

Me Renz het 10 jaar ervaring as terapeut en konsultant en was betrokke by twee navorsingsprojekte wat gehandel het oor vaardigheidsgebreke en die behoeftes van oorsese werkers. Me Renz het ook 'n model ontwikkel om die probleme aan te spreek wat deur morele konflikte in kruis-kulturele opsette veroorsaak word.

Me Renz is van mening dat die adolessent se aanpassing bemoeilik word deur die gebrek aan die adolessent se kulturele waardes tuis wat gedrag rig asook die eise wat sy ontwikkelingstake in 'n vreemde konteks stel aan hom stel.

Die navorser het 'n onderhoud gevoer met Dr Dawie van Vuuren. Dr van Vuuren is die leraar vir die Suid-Afrikaanse gemeente, Sentrale Wyk in Londen. Dr van Vuuren woon vir die afgelope 18 maande in die Verenigde Koninkryk en kom in kontak met die laat-adolessent wat die fokuspunt van hierdie studie is. Ongeveer 1 000 – 1 500 lidmate woon eredienste in die Sentrale Wyk van die Suid-Afrikaanse gemeente in Londen by.

Dr van Vuuren se opinie omtrent die laat-adolessent wat in die Verenigde Koninkryk werk, is dat hulle nog nie gevestig is in hulle identiteit nie en dat hulle in 'n eksperimentele fase is. Die konteks waarin die laat-adolessent woon en werk, bied dus moontlikhede waarmee hulle kan eksperimenteer.

### **1.10.3 Uitvoerbaarheid van die studie**

Die navorser het toestemming verkry van die leraar van die Suid-Afrikaanse gemeente in Sentraal-Londen (gemeente met die grootste persentasie jongmense) om 'n afkondiging te maak tydens 'n erediens. 'n Afkondiging is gemaak waar die laat-adolessente uitgenooi is om die navorser na afloop van die diens te ontmoet. Vier name is na afloop van die erediens verkry.

Aanvanklik het die navorser gepoog om 'n fokusgroep te hou waarin die data ingesamel sou word. Die doel was om een fokusgroep te hou waaraan 6 – 8 lede sou deelneem. Dit was nie prakties uitvoerbaar nie. Die navorser het elke week na afloop van die afkondiging die laat-adolessente geskakel met die doel om 'n fokusgroep te reël. Weens die laat-adolessente se lang werksure (insluitend werk oor naweke) was dit prakties nie moontlik om lede op dieselfde dag bymekaar te kry nie.

Na afloop van konsultasie met die navorser se studieleier is die data-insamelingsmetode gewysig na semi-gestruktureerde onderhoude. 'n Onderhoudskedule met sewe vrae (Bylaag A) is uitgewerk. Hierdie onderhoude was prakties uitvoerbaar aangesien slegs individuele werksure in ag geneem moes word in plaas daarvan om verskillende individue se werksure te koördineer. Weens die streng tydsbeperking (soos bespreek onder 1.9) het die individuele onderhoude 'n meer praktiese metode van data-insameling gebied.

Die onderhoude is oor naweke gevoer en het gestrek oor 'n periode van een en 'n half maande. Die tydsduur van die onderhoude het gewissel tussen tien en twintig minute. Tien individuele onderhoude is gevoer, dus met tien respondente.

Die kwalitatiewe data is in die navorser se vrye tyd (insluitende naweke) verwerk. Die koste verbonde aan die navorsing was reisgeld en verblyfkoste. Daar is ook administratiewe onkoste aangegaan. Hierdie uitgawes is deur die navorser gedek.

#### **1.10.4 Toetsing van die meetinstrument**

Weens die kwalitatiewe aard van die studie, is daar nie van vraelyste of meetinstrumente gebruik gemaak nie. Die vrae wat in die semi-gestruktureerde onderhoude gebruik is, is met die oog op moontlike aanpassing aan 'n klein groep laat-adolesente, wat nie aan die respondentegroep behoort nie, voorgehou, asook aan die Navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe.

### **1.11 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN STEEKPROEFNEMING**

Die populasie of universum van ondersoek word deur Arber (in Gilbert, 1993:68) omskryf as die groter groepering waarvan die steekproef deel is. Arber (in Gilbert, 1993:68) gaan verder deur aan te voer dat 'n populasie enige goed gedefinieerde stel elemente is. Die navorser selekteer die steekproef vanuit hierdie populasie.

Die kwalitatiewe aard van die studie het bepaal dat die navorser van doelbewuste steekproeftrekking gebruik sou maak. Doelbewuste steekproeftrekking identifiseer volgens Schurink (in de Vos, 2001:253) die toegangspunte om sodoende proefpersone te trek wat oor die nodige eienskappe beskik.

Silverman (2000:104) voer aan dat doelbewuste steekproewe die navorser toelaat om 'n geval te kies omdat dit 'n kenmerk of proses illustreer waarin die navorser geïnteresseerd is. Groepe, opsette en individue word volgens Denzin & Lincoln (in Silverman, 2000:104) opgesoek waar die prosesse wat bestudeer word mees waarskynlik sal voorkom. Die navorser het weens dié rede die respondente vir die semi-gestruktureerde onderhoude vanuit die gemeente in Sentraal-Londen geselekteer aangesien die meeste laat-adolescente in Londen woon.

Die navorser het die steekproef vanuit die populasie Suid-Afrikaanse laat-adolescente getrek wat pas na matriek in die Verenigde Koninkryk kom werk het. Die respondente wat gekies is, moes aan sekere kriteria voldoen. Die kriteria is die volgende:

- Die laat-adolescent moes in 2003 gematrikuleer het.
- Die laat-adolescent moet Afrikaanssprekend wees.
- Die laat-adolescent moet tussen 17 en 19 jaar oud wees.
- Die laat-adolescent moet vir ten minste vier maande in die Verenigde Koninkryk gewoon het.
- Die laat-adolescent moet op 'n werksvakansievisum in die Verenigde Koninkryk wees.

Die navorser het 'n steekproef vanuit die Suid-Afrikaanse gemeente in Sentraal-Londen getrek. Weens data beskerming in die Verenigde Koninkryk, het die navorser nie toegang gehad tot 'n lys van name waarvolgens 'n ewekansige steekproef getrek kon word nie. Die hoë omset van gemeentede weens die aard van die verblyf van die jongmense in Londen, maak dit onmoontlik om 'n groep adolessente te hê wat as respondente geïdentifiseer kan word. Die navorser het dus 'n afkondiging tydens 'n erediens laat maak waarin daar 'n beroep gedoen is op adolessente wat aan die bogenoemde kriteria voldoen het, om aan die studie deel te neem.

Aangesien slegs vier name met behulp van bogenoemde steekproeftrekking bekom is, het die navorser ook gebruik gemaak van toevallige steekproeftrekking. Toevallige steekproewe is nie-waarskynlike steekproeftrekking wat in Strydom & de Vos (2001:198) beskryf word as 'n steekproef wat bestaan uit mense wat die

navorser se pad kruis en iets te doen het met die fenomeen. Die respondente is geselekteer totdat die gewenste hoeveelheid respondente verkry is.

## **1.12 ETIESE KWESSIES**

Etiese kwessies verwys na die standarde van hoe navorsing uitgevoer word om morele gedrag te verseker (Mark, 1996:36). Strydom (2001:24) voer aan dat verskillende outeurs verskillende etiese kwessies aanspreek. Die navorser sal etiese kwessies bespreek wat op hierdie studie van toepassing sal wees.

### **1.12.1 Toestemming**

Etiese maatskaplikewerknavorsers ontwerp volgens Mark (1996:40) hulle studies om ingeligte toestemmingsprosedures in te sluit. Navorsers moet bevoeg wees om hierdie ingeligte toestemming te kan voorsien. Daar moet volgens Mason (1996:57) met ingeligte toestemming seker gemaak word dat die respondent werklik weet waarvoor hy toestemming gee. Vier vrae kan hier gevra word:

1. Gee hy toestemming om deel te neem aan die onderhoud?
2. Gee hy die navorser die reg om die data deur die onderhoud gegeneer, soos wat hy dink gepas is, te gebruik?
3. Gee hy die navorser die reg om data te interpreteer en te analiseer en vergelykings te maak met data wat deur ander interaksies gegeneer is?
4. Gee hy die reg om data en die analise te publiseer of te herproduseer?

In ooreenstemming met bogenoemde, voer Mark (1996:40) aan dat genoegsame inligting omtrent die studie voorsien moet word om potensiële deelnemers toe te laat om te besluit of hulle wil deelneem of nie. Deelname deur die deelnemers moet ook werklik vrywillig en nie gedwonge wees nie. Die navorser het voor die aanvang van elke onderhoud 'n gesprek met die respondente gevoer waartydens hulle deeglik ingelig is rondom die doel van die studie, die rol van die respondent en wat die navorser met die data beoog. Die navorser het die vrywillige deelname beklemtoon en aan hulle die geleentheid gegee om vrae met betrekking tot die navorsing aan die navorser te stel.

Aangesien die navorser van bandopnames gebruik gemaak het, is respondente vooraf daarvan in kennis gestel. Geen gebruik van versteekte media word volgens Strydom (2001:29) toegelaat sonder die toestemming van die respondente nie.

In Suid-Afrika sou daar, weens die ouderdom van die respondente, toestemming van die respondente se ouers ontvang moes word voordat deelname kon plaasvind. Die navorser het kontak gemaak met twee respondente se ouers wat nie bereid was om die vorm te teken nie. Hulle was van mening dat die respondente self die besluit kan neem rondom hulle deelname aan die navorsing. Aangesien die navorser in die Verenigde Koninkryk navorsing doen, word hierdie toestemming onder die beginsel van "*Gillick competence*" benader.

Om 'n beperking op 'n spesifieke ouderdom op kinders (in hierdie studie die laat-adolesent) se besluitnemingsproses te plaas, hang af van kinders se volwassewording. Hierdie feit word in die howe van die Verenigde Koninkryk erken as 'n resultaat van die *Gillick vs West Norfolk and Wisbech Area Health Authority (1985)*. Die hofuitspraak het 'n oordeel gespreek oor die bevoegdheid van kinders om besluite te neem in verband met mediese behandeling wat in teenstelling is met hulle ouers of voogde se wense. Dit het gestel dat: "*As a matter of law the parental right to determine whether or not their minor child below the age of 16 will have medical treatment terminates if and when the child achieves sufficient understanding and intelligence to enable him to understand fully what is proposed*" ([www.open2.net](http://www.open2.net)).

Die navorser werk as maatskaplike werker in die Verenigde Koninkryk. Bogenoemde beginsel word op 'n daaglikse wyse toegepas in enige domein waar 'n kind in staat geag word om vir homself 'n besluit te neem. Die laat-adolesente wat in die Verenigde Koninkryk werk, word as "*Gillick competent*" beskou omdat hulle oor genoegsame begrip en intelligensie beskik om te kan besluit of hulle aan die navorsing wil deelneem. Die ouers se toestemming is om hierdie rede dus nie vereis nie.

Die respondente (laat-adolesente) sou aanvanklik 'n persoonlike geskrewe brief van ingeligte toestemming onderteken (Bylaag A). Weens die aanpassing van die data-insamelingsmetode is hierdie brief gewysing (Bylaag B). Om inligting op 'n geskrewe



wyse te bied is na Mark (1996:45) se mening 'n wyse om beide die deelnemers en die navorser te beskerm.

### **1.12.2 Vertroulikheid**

Individue wat deelneem aan maatskaplike navorsingstudies het die reg om te weet dat alle inligting omtrent hulle op 'n verantwoordelike wyse hanteer sal word (Mark, 1996:46).

Vertroulikheid plaas volgens Strydom (2001:29) 'n sterk verpligting op die maatskaplike werker om jaloers te waak oor die inligting wat aan hom toevertrou is. Strydom (2001:28) onderskei tussen anonimiteit en vertroulikheid. Vertroulikheid behels dat slegs die navorser en sekere personeellede bewus moet wees van die respondente se identiteit en moet 'n verbintenis hê met verwysing na vertroulikheid. Anonimiteit beteken dat niemand, selfs die navorser, in staat moet kan wees om die respondente te identifiseer nie.

Weens die aard van die studie, kon daar moontlik sensitiewe kwessies na vore gekom tydens die onderhoude. Die navorser het die vertroulikheid van die inligting teenoor die adolessente verseker deur nie hulle name te publiseer nie. Die navorser het verseker dat die respondente bewus was daarvan dat inligting wat tydens die onderhoude na vore gekom het, aangeteken sou word.

### **1.12.3 Bevoegdheid van die navorser**

Die navorser is 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker. Die teorie en die prakties vir die doeleindes vir die voltooiing van die MSD in Speltherapie is reeds deur die navorser voltooi.

### **1.12.4 Bekendmaking van resultate**

Die resultate sal in die vorm van 'n mini-verhandeling volgens die vereistes van die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria bekend gemaak word. Die resultate sal anoniem wees, dus sal geen name van die respondente bekend gemaak word nie.

### **1.12.5 Misleiding van die respondente**

Ten einde misleiding van die respondente te vermy, het die navorser tydens elke ontmoeting met 'n respondent haarself aan die respondente bekend gestel. Die respondente is ingelig rondom die doelstelling en doelwitte van die ondersoek.

### **1.12.6 Herstel van die respondente**

Die moontlikheid het bestaan dat die onderhoude negatiewe gevoelens rondom die adolessente se aanpassing kon ontlok. Indien die navorser sou vind dat daar wel respondente was wat aanpassingsprobleme ondervind, sou hulle onmiddelik vir hulp verwys geword het. Die laat-adolessente wat wel baat sou vind by professionele hulp kon na Me Renz verwys word weens haar ervaring in hierdie veld. Die laat-adolessente kan ook vir die algemene praktisyn waarby hulle geregistreer is, om 'n verwysing vra. Die algemene praktisyn sal die laat-adolessent verwys na 'n primêre geestesgesondheidsorg-verpleegkundige wat 'n assessering uitvoer en vervolgens 'n verwysing na 'n sielkundige maak.

Tydens die ondersoek het geen van die respondente professionele hulp benodig rondom hulle aanpassing in die Verenigde Koninkryk nie.

## **1.13 PROBLEME EN LEEMTES ERVAAR TYDENS NAVORSING**

Tydens die ondersoek is die volgende probleme en leemtes ervaar:

- Logistieke probleme: Weens die afstand tussen die stad waar die navorser woon en dié van die respondente, kon die navorser slegs oor naweke onderhoude voer. Weens die werksure van die respondente was dit prakties onmoontlik om 'n groot hoeveelheid onderhoude per naweek te voer. Die afstand tussen respondente het ook die hoeveelheid onderhoude per naweek ingeperk. Weens die onvoorspelbaarheid van die respondente se werksure, kon die navorser slegs op kort kennisgewing reëlings vir onderhoude tref.
- Die navorser het 'n leemte ervaar in beskikbare navorsing omtrent Suid-Afrikaanse laat-adolessente wat in die buiteland woon en werk. Daar bestaan nie inligting omtrent die huidige tendens van laat-adolessente wat besluit om direk na matriek vir 'n jaar tot twee jaar in die buiteland te gaan werk nie.

- Die ondersoek was verkennend van aard. Aangesien die navorser kwalitatiewe navorsing uitgevoer het, was daar slegs 'n beperkte aantal respondente by die ondersoek betrokke. Die inligting wat dus in hierdie studie ingesamel is, kan nie veralgemeen word na die populasie van Suid-Afrikaanse laat-adolescente wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk nie.
- Dit was moeilik om respondente vir die studie te bekom. Die afkondiging by die kerk het nie genoeg name van potensiële respondente voorsien nie. Die navorser het 'n advertensie geplaas op 'n webwerf wat deur Suid-Afrikaners benut word vir onder andere akkommodasie, werk en sosiale geleenthede ([www.thegumtree.co.uk](http://www.thegumtree.co.uk)), maar het geen respons verkry nie. Tydens die uitvoer van die onderhoud het die navorser tot die besef gekom dat die respondente nie geredelike toegang tot die internet het nie. Sou hulle wel van die internet gebruik maak, is hulle tyd beperk aangesien daar kostes aan verbonde is.

## 1.14 DEFINIËRING VAN HOOFKONSEPTE

### 1.14.1 Werksvakansie

Die werksvakansieskema is 'n reëling waar 'n persoon tussen die ouderdomme van 17 en 27 jaar na die Verenigde Koninkryk kan gaan vir 'n uitgebreide vakansie vir tot twee jaar. So 'n persoon mag deeltydse of tydelike werk doen. Werk mag nie die hoofdoel van die besoek wees nie.

Om te kwalifiseer vir 'n werksvakansie, moet die persoon:

- 'n statebondburger wees;
- na die Verenigde Koninkryk kom vir 'n verlengde vakansie en beplan om tydelike werk te aanvaar;
- ongetroud wees of getroud met 'n persoon wat ook kwalifiseer as 'n werksvakansieganger en beplan om die werksvakansie saam te onderneem;
- geen afhanklike kinders hê wat 5 jaar of ouer is, of wat 5 jaar oud sal wees voordat die vakansie verstreke is nie;
- se vakansie en nie die werk nie, die hoofdoel van die besoek wees;

- homself kan onderhou en akkommodeer sonder die hulp van publieke fondse;
- geen verpligtinge hê wat 'n gereelde salaris vereis nie;
- vir enige verdere reis kan betaal; en
- beplan om die Verenigde Koninkryk teen die einde van die vakansie te verlaat (britishhighcommission, 2003).

Die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat dus na afloop van matriek in die buiteland werk, voldoen aan die bogenoemde eise.

#### **1.14.2 Aanpassing**

Die aanpassing wat hier bespreek word, word bespreek in die konteks van die adolessent wat vanuit een land (Suid-Afrika) na 'n ander land (Verenigde Koninkryk) reis vir 'n langtermynperiode. Daar word in hierdie studie dus gekyk na die aanpassing in 'n ander kulturele milieu.

Aanpassing word volgens die Piaget-teorie gedefinieer as integrering of assimilasië. Dit kan ook beskou word as die verstaan van 'n situasie en die integrasie in 'n persoon se verstaanskema. Aanpassingsgedrag word gedefinieer as die graad waarmee 'n persoon sy samelewing hanteer (Dictionary of Developmental Psychology, 1996:3).

Die navorser is van mening dat aanpassing die manier is waarmee 'n mens met die nuwe en/of vreemde omgewing identifiseer.

#### **1.14.3 Laat-adolessensie**

Laat-adolessensie word gedefinieer as die periode van die transisie tussen kinderjare en vroeë volwassenheid. Outeurs verskil in die stel van parameters vir hierdie periode, maar die periode tussen 12 en 18 jaar in ouderdom is algemeen (Dictionary of Developmental Psychology, 1996:3).

Newman & Newman (1995:470) stel dat die ouderdomme vir laat-adolessensie tussen 18 en 22 jaar is. Dit is dus duidelik dat die respondente wat in hierdie studie betrek was, tot laat-adolessensie behoort.

Laat-adolessensie word deur die navorser beskou (vanuit 'n Suid-Afrikaanse konteks) as die persoon wat sy skoolloopbaan voltooi het en nuwe opsies oorweeg in terme van loopbaan en ervaring wat hom sal bystaan in volwassenheid.

### **1.15 INHOUD VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG**

Die inhoud van die navorsingsverslag bestaan uit vier hoofstukke:

- Hoofstuk 1 is die inleiding tot die studie.
- In Hoofstuk 2 word laat-adolessensie en die ontwikkelingstake van die laat-adolescent volledig bespreek. Aandag word geskenk aan die laat-adolescent se vermoë om aan te pas in 'n vreemde konteks met inagneming van sy ontwikkelingstake.
- Hoofstuk 3 gee die empiriese gegewens weer.
- Hoofstuk 4 stipuleer die aanbevelings en gevolgtrekkings wat vanuit die empiriese gegewens gemaak word.

## HOOFSTUK 2

# ADOLESENSIE AS ONTWIKKELINGSFASE EN DIE LAAT-ADOLESENT SE ERVARING VAN KULTUURSKOK

### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk gaan die navorser sowel die adolessent as sy ontwikkeling vanuit verskeie ontwikkelingsteorieë bespreek met spesifieke klem op die laat-adolessent se ontwikkelingstake. Adolessente word volgens Adams, Abraham & Markstrom (in Adams, 2000:72) geklassifiseer op die basis van hulle gerapporteerde ervaring van "krisis" en "verbintenis" tot een van die vier identiteitstatusse wat in hierdie hoofstuk bespreek sal word. Een van die primêre ontwikkelingstake van adolessensie is identiteitsontwikkeling. Vir die doeleindes van die navorsingstudie sal daar gekyk word hoe die Suid-Afrikaanse laat-adolessent wat in die proses van identiteitsontwikkeling is, by 'n veranderende omgewing inskakel.

Collins (1999:117) maak 'n onderskeid tussen "kultuurskok" en "kultuurdisoriëntasie". Skok impliseer dat iets skielik gebeur, maar kultuurdisoriëntasie "bekruip" 'n persoon. Die laat-adolessent wat in die buiteland werk, sal vind dat dit nie maklik is as 'n hy aan kultuurskok lei nie.

Kultuurskok is 'n respons op die transisie tussen twee kulture. Hierdie respons kan tussen individue wissel. Geslagsverskille bestaan in terme van die ervaring van kultuurskok asook die aanpassing daarby. Vrouens neig meer om heimweë te ervaar as mans. Die aanpassing by 'n nuwe kultuur beweeg deur verskeie fases. Aanpassing by 'n nuwe kultuur word aangehelp deur sosiale ondersteuning.

### 2.2 DEFINIËRING VAN ADOLESENSIE

Adolessensie word gedefinieer as: "...the period of physical and psychological development from the onset of puberty to maturity" ([www.dictionary.com](http://www.dictionary.com)). Dit word ook beskryf as 'n transisionele fase van groei en ontwikkeling tussen kinderjare en

volwassenheid. Adolessensie strek tussen die ouderdomme van 12 en 20 en is die ekwivalent van "tienerjare" ([www.britannica.com](http://www.britannica.com)).

Vir die doeleindes van die studie sal die navorser vervolgens onderskeie ontwikkelingsteorieë bespreek om sodoende 'n beskrywing te gee van die adolescent en sy ontwikkeling en hoe die Suid-Afrikaanse laat-adolescent daardeur geraak word.

## **2.3 ONTWIKKELINGSTEORIEË**

Daar bestaan volgens Berzonsky (in Adams, 2000:12) vyf tipe ontwikkelingsteorieë: 1) biologiese sienings; 2) kulturele sienings; 3) psigoanalitiese sienings; 4) psigososiale sienings; en 5) kognitiewe sienings. Die teorieë word vervolgens bespreek met klem op die psigososiale siening aangesien dit by die doeleindes van die studie aansluit.

### **2.3.1 Biologiese siening**

Berzonsky (2000:13) verwys na die storm-en-stres-jare wanneer hy na adolessensie verwys. Die hoofdimensies van adolescentontwikkeling is intellektuele ontwikkeling, seksuele ontwikkeling, fisiese- en geestesgesondheid, adolescentmisdad en antisosiale gedrag asook fisiese- en motoriese ontwikkeling. Die hoofklem word geplaas op die hipotese dat adolessensie universeel en buitengewoon turbulent en 'n stresvolle fase van lewe is.

### **2.3.2 Kulturele teorieë**

Antropologiese bevindings het gelei tot die term kulturele relativisme. Die wyse waarop adollesente reageer en die probleme wat hulle ervaar, is relatief tot die kulturele omstandighede waarbinne hulle lewe en ontwikkel. Vervolgens is daar nie 'n enkele kulturele teorie van adolessensie nie, maar verskillende mikro-teorieë vir elke kultuur (Berzonsky, 2000:13).

### **2.3.3 Psigoanalitiese teorie: Sigmund Freud**

Soos die behaviorisme en sosiale leer teoretici, glo psigoanalitiese teoretici volgens Berzonsky (2000:15) dat tienergedrag en -ontwikkeling beïnvloed word deur omgewingsfaktore – hoofsaaklik deur die tipe ervarings wat die individu gedurende

die eerste hoeveelheid jare van lewe in gesinne het. Psigoanalitiese teoretici plaas die meeste fokus op vroeë kinderervarings met spesifieke verwysing na hoe moeders aan kinders verbind is en wat klaarblyklik die wyse van dink en optrede teenoor ander beïnvloed.

Psigoanalitiese teoretici voer aan dat ontwikkeling deur onderskeie stadiums verloop met sekere sielkundige en seksuele uitdagings wat opgelos moet word om sodoende goed aangepaste adolessente en volwassenes te word.

#### **2.3.4 Psigososiale sienings**

Volgens Nielson (1996:10) het kontemporêre psigoanalitiese teoretici soos Peter Blos en Erik Erikson Freud se oorspronklike teorieë aangepas. Adolessensie word gesien as 'n belangrike periode om sekere aspekte van die self te vorm en te hervorm. Adolessensie word verder beskryf as 'n kritiese tyd vir skeiding en individualisering van die gesin om sterker verhoudings met portuurgroepe te bou om sodoende in die volwasse wêreld te funksioneer.

Berzonsky (2000:19) verwys na Erikson wat die outonome of konflikvrye ontwikkeling van die aanpassingsego beklemtoon het. Erikson postuleer dat mense 'n behoefte het om die verlede en hede te integreer en saam te voeg asook die behoefte om hulle basiese behoeftes te vervul. Optimale persoonlikheidsfunksionering vereis die vestiging van 'n gekonsolideerde sin van ego-identiteit.

Deur die epigenetiese beginsel te volg, het Erikson (in Dunkel & Anthis, 2001:765) voorgestel dat die voorvereiste fisiese-, geestes- en sosiale groei gedurende adolessensie binne die sielkundige taak van identiteitsvorming ontstaan.

Volgens Erikson ontwikkel persoonlikheid deur agt lewensfasies (Berzonsky, 2000:19). Elke fase word gekenmerk deur 'n normatiewe konflik wat onderhandel moet word. Hierdie bipolêre krisisse mag ontstaan vanuit intrapsigiese konflikte, maar die aanpassende effektiwiteit of oplossing hang af van die sosiale verhouding waarin dit plaasvind. Die stadiums word op 'n kumulatiewe wyse gebou. Om ego-identiteit gedurende adolessensie te bereik, is 'n teoretiese luspen. Dit is die basis vir die integrering van vorige ontwikkeling en dien as die fondasie waarop gevolglike vordering gebaseer word. Die naam van elke stadium reflekteer die psigososiale krisis wat gedurende daardie lewensstadium ontstaan.



Hendry, Shucksmith, Love & Glendinning (1993:8) noem dat die psigo-analitiese en die sosiologiese benaderings hoofsaaklik in klem verskil. Die een beklemtoon interne kragte, terwyl die ander eksterne faktore beklemtoon. Hulle is egter duidelik interafhanklik. Hendry *et al.* (1993:8) beklemtoon dat adolessensie 'n stresvolle periode is.

### **2.3.5 Kognitiewe teorieë**

Jean Piaget, in kontras met bogenoemde teoretici, het nie die sosiale of emosionele invloed op 'n adolessent se gedrag in ag geneem nie, maar volgens Berzonsky (2000:22) na die adolessent gekyk in hoe hy aktief poog om 'n begrip van sy wêreld te konstrueer.

Piaget het kognisie gesien as wyses waarop adolessente in die alledaagse lewe aanpas. Berzonsky (2000:22) verwys na kognitiewe strukture as interne organisering van verstandseenhede wat mense gebruik om die wêreld beter te verstaan. Volgens Piaget word hierdie strukture gedurig verfyn, hersien en verbeter soos wat die adolessent ontwikkel. Hoe meer gedifferensieer en geïntegreer 'n adolessent se kognitiewe strukture is, hoe meer effektief en doeltreffend kan hulle probleme oplos en by die veranderende omgewingseise aanpas.

Die stadiumkonsep van Piaget impliseer na Crain (2000:132) se mening verskeie sterk posisies vir die aard van ontwikkeling. Piaget se stadiums verwys na algemene patrone van denke en die wete dat 'n kind in 'n spesifieke stadium is, kan daartoe lei dat gedrag vir 'n verskeidenheid van take voorspel kan word (Crain, 2000:133).

Berzonsky (2000:23) noem dat kognitiewe ontwikkeling volgens Piaget deur vier kwalitatief verskillende stadiums beweeg. Formeel-operasionele denke ontstaan gedurende adolessensie. Piaget het volgens Moshman (1999:11) geglo dat daar 'n meer gesofistikeerde vorm van rasionaliteit as konkrete operasies is en daarna as formele operasies verwys. Berzonsky (2000:24) postuleer dat konkrete denkers beskryf wat gebeur het terwyl formele operateurs verder as die beskrywing gaan en poog om te verduidelik hoekom dinge gebeur het. Formeel-operasionele adolessente dink in terme van die groter gebied van hipotetiese moontlikhede. Op die vlak van formele operasies werk die adolessent volgens Crain (2000:131) sistematies in terme van alle moontlikhede. Formele adolessente raak volgens

Berzonsky (2000:24) betrokke in hipotetiese-deduktiewe redenering om moontlike verduidelikings of hipoteses wat hulle genereer, te toets en te verifieer.

Volgens Elkind (in Rycek, Stuhr, McDermott, Benker & Swartz, 1998:743) is adolessent-egosentrisme (die geloof van tieners dat hulle spesiaal en uniek is) die bereiking van nuwe verstandsvermoëns. Elkind (1998:742) het voorgestel dat adolessente 'n "verbeelde gehoor" konstrueer wat bydra tot die verhoogde selfbewustheid. Adolessente glo dat ander, veral hulle verwysingsgroep, hulle dophou, aan hulle dink en geïnteresseerd is in hulle denke en gedrag. Elkind (1998:742) het voorgestel dat dit gedeeltelik toegeskryf kan word aan die ontstaan van hulle formele operasionele denke wat hulle toelaat om te dink omtrent hulle eie denke en dié van ander. Adolessente se egosentrisme verteenwoordig 'n gebrek in hulle denke wat kenmerkend is van vroeë formele operasies. Vartanian (2001:347) noem dat hierdie adolessent-egosentrisme teen laat-adolessensie afneem.

## 2.4 ONTWIKKELINGSTAKE

Die ontwikkelingstake van 'n spesifieke lewensstadium word deur Heaven (1994:4) beskryf as daardie vaardighede, kennis en funksies wat 'n persoon moet verkry of bemeester om sodoende suksesvol na die volgende stadium te beweeg. Aangesien adolessensie 'n unieke stadium is, het die fase eie geassosieerde probleme en ontwikkelingstake. Heaven (1994:4) lys ontwikkelingstake van adolessente soos deur Havighurst voorgestel:

- Ontwikkeling van nuwe verhoudings met die portuurgroep van beide geslagte.
- Verkryging van 'n manlike of vroulike sosiale rol.
- Aanvaarding van 'n persoon se liggaam en effektiewe gebruik daarvan.
- Raak emosioneel onafhanklik van ouers en ander volwassenes.
- Voorbereiding vir huwelik en gesinslewe.
- Selektoring en voorbereiding vir 'n ekonomiese beroep.
- Verkryging van waardes en 'n etiese sisteem as 'n riglyn tot gedrag.
- Begeerte en bereiking van sosiaal verantwoordelike gedrag.

Die adolessent moet 'n vorm van seksuele uitdrukking en geslagsroloriëntasie vestig. Die taak van intimiteit versus isolasie, soos beskryf deur Erikson, is volgens Kroger (2000:91) 'n primêre taak van jong volwassenheid. Intimiteit gedurende laat-

adolessensie sluit in beide intieme vriendskappe en romantiese betrokkenheid. Intimiteit word gedefinieer as die individu se vermoë om in verhoudings te tree wat gekenmerk word deur gemeenskaplikheid van gevoelens, oop en eerlike kommunikasie en die vorming van emosionele verbintenisse. 'n Persoon se vermoë om in sulke verhoudings betrokke te raak, is gebaseer op die sekerheid en stabiliteit van 'n persoon se eie sin van identiteit.

In aansluiting by bogenoemde, noem Jackson & Rodriguez-Tomé (1993:1) dat vir die oorgrootte meerderheid van jongmense, die beweging na adolessentjare 'n uitbreiding in die kompleksiteit van hulle sosiale lewe behels. Die aard van verhoudings met ouers verander soos wat die adolessent na meer onafhanklikheid beweeg. Die verwysingsgroep begin 'n meer sentrale rol in baie areas van die jongmens se lewe speel. Nuwe moontlikhede vir kontakte met die verwysingsgroep word geëksploreer (Bergin, Talley & Hamer, 2003:14).

Dit is volgens Jackson & Rodriguez-Tomé (1993:2) belangrik om in ag te neem dat die verloop en invloede van hierdie sosiale wêreld van adolessent tot adolessent verskil. Individuele verskille ontstaan vanuit faktore soos ouers se voorbeelde en aanmoediging, huislike omstandighede, die teenwoordigheid of afwesigheid van geografiese beperkinge en persoonlike eienskappe.

Volgens Berzonsky (2000:20) is die taak van die adolessent identiteit en diffusie. Alhoewel hierdie proses psigososiaal van aard is, word realiteitstoetsing en die verkryging van selfkennis beklemtoon. Die stadia wat na adolessensie volg, word direk beïnvloed deur die identiteit wat gedurende adolessensie bereik is.

Die navorser bespreek vervolgens die adolessent en werk. Aangesien die hoofdoel van die Suid-Afrikaanse laat-adolessent se besoek aan die Verenigde Koninkryk na die navorser se mening werk is, is dit noodsaaklik om dit as 'n ontwikkelingstaak te bespreek.

## **2.5 ADOLESSENTE EN WERK**

Kracke (2002:19) beskryf die bewuswording van 'n moontlike toekomstige beroep en om voor te berei vir die transisie tussen skool en werk as 'n belangrike

ontwikkelingstaak in die transisionele periode van adolessensie. Dit word gereflekteer in die adolessent se oordeel omtrent die relatiewe belangrikheid van verskeie ontwikkelingstake. Ouer adolessente rapporteer dat opvoedings- en beroepskwessies meer belangrik is as ander jeug-spesifieke ontwikkelingstake soos romantiese verhoudings of die beplanning van 'n gesin.

Individue gaan volgens Heaven (1994:170) deur verskeie stadiums van beroepsidentiteitformasie. Dit begin in die kinderjare met beroepsvoorkeure wat aanbeweeg vanaf die fantasieperiode tot die tentatiewe periode gedurende pre-adolessensie en dan na die realistiese periode in laat-adolessensie.

Individuele gelowe en waardes word gedurig geherformuleer sodat die tiener gedurende laat-adolessensie volgens Heaven (1994:170) 'n duideliker idee het. Die laat-adolessent het spesifieke en gekristaliseerde idees omtrent belangstellings en vermoëns en sal poog om dit in die selfkonsep te integreer. Laat-adolessente wat dus werk soek, selekteer gewoonlik beroepe wat ooreenstem met hulle selfkonsep en wêreldsiening.

Die navorser sal vervolgens in meer besonderhede na identiteitvorming kyk, aangesien dit 'n primêre taak in die ontwikkeling van die adolessent is. Die navorser huldig die mening dat identiteit 'n belangrike rol speel in die adolessent se werksvakansie en sal aan die hand van die literatuurstudie aandui waar dit van toepassing is.

## 2.6 IDENTITEIT

Identiteit word deur Archer ([www.inside.bard.edu/academic](http://www.inside.bard.edu/academic)) gedefinieer as 'n geïndividualiseerde definisie van die self. Erikson word ook aangehaal in sy definisie van identiteit as 'n: "...*subjective sense of an invigorating sameness and continuity...*" asook 'n "...*sense of feeling active and alive...*".

Newman & Newman (1995:470) dui aan dat die jare tussen 18 en 24 gekenmerk word deur 'n verhoogde sensitiwiteit vir die proses van identiteitsontwikkeling. Persoonlike identiteit word ontwikkel soos wat die individu worstel om antwoorde op vrae te vind: Wat is die betekenis van my lewe? Wie is ek? Waarheen is ek op pad?

Identiteitsontwikkeling in die periode van 18 tot 24 jaar is volgens Newman & Newman (1995:470) 'n hoeksteen van die unieke individualiteit van volwassenheid. Die werk aan identiteit gedurende hierdie periode is sentraal tot persoonlikheidsontwikkeling soos wat dit in volwassenheid uitspeel. Met die verhoging van lewenskeuses en lewensrolle in die kontemporêre samelewing, is dit moontlik vandag meer belangrik as wat dit in die verlede vir jong mense was om praktiese waardes, doelwitte en lewensverbintenisse te bemeester. Hulle moet beseef dat die proses van opklaring en evaluering van hulle waardes en doelwitte 'n konstante uitdaging sal wees. Identiteit is nie 'n vaste bloudruk vir die res van die lewe nie, maar eerder 'n oriënteringsraamwerk en 'n gids wat met besluitneming help.

Om vir 'n periode in die Verenigde Koninkryk te woon en werk, is 'n toegevoegde keuse vir die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat skool verlaat. Dit is daarom belangrik vir die laat-adolesente wat wel die werksvakansie aanpak om oor sowel praktiese waardes as doelwitte en 'n mate van verbintenis, byvoorbeeld ten opsigte van werksverantwoordelikhede en self-versorging, te beskik.

Implisiet in identiteitsvorming is rolspesperimentering (Heaven, 1994:29). Tieners is bewus van 'n verskeidenheid van gedrag, rolle, waardes en lewensstyle. Sosiale modellering is belangrik, want adolessente leer van eksterne agente soos vriende, tydskrifte en televisie. Binne beperkinge wat deur familie gestel word en met die aanmoediging van vriende, is adolessente geneig om met gedrag en rolle te eksperimenteer in 'n poging om hulle identiteit te bereik.

Dié wat deur middel van eksperimentering met verskillende rolle, waardes en verhoudings 'n sin van persoonlike identiteit ontwikkel, eindig na die krisis volgens Green & Piel (2002:89) met 'n sin van selfwaarde wat hulle selfbepaalde waarde tot die samelewing insluit. Diegene wat in hierdie krisis misluk, kan volhou om in volwassenheid onverdraagsaam en onvolwasse te wees in hulle hantering van positiewe houdings teenoor ander wat van hulle verskil.

Die laat-adolesent wat besluit om 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk te onderneem, word gekonfronteer met 'n omgewing waar daar deurentyd met verskillende rolle, waardes en verhoudings eksperimenteer word. Die konteks

waarin hulle hulself bevind, moedig eksperimentering aan aangesien hulle blootgestel word aan meer rolle, waardes en verhoudings.

Tesame met konsoliderings van groei in die biologiese sfeer, noem Kroger (2000:89) dat die sielkundige en samelewingsarena die meeste na vore kom in die identiteitsformasieproses in laat-adolessensie. Dit is belangrik om in ag te neem dat die Suid-Afrikaanse laat-adolesent blootgestel word aan 'n samelewing buite Suid-Afrika, met nuwe rolle en waardes, wat gevolglik 'n invloed sal hê op die laat-adolesent se identiteitsvormingsproses.

'n Fundamentele taak vir die adolessent, soos deur Heaven (1994:29) beskryf, is die integrering van biologiese en kognitiewe verandering, eie vrye keuse en die druk van ouers en portuurgroep. Adolessente voel verplig om by nuwe gedrag betrokke te raak en moet dus hulle ouers se verwagtings, wat soms dié van die portuurgroep weerspreek, konfronteer.

Adolessensie is 'n stadium waar adolessente volgens Heaven (1994:29) aandag moet gee aan volwassewording en die eise en rolle van die volwasse lewe. Adolessente word dus in beslag geneem deur hulle eie subkultuur en aanvanklike identiteitvorming. In hierdie verband word die invloed van 'n portuurgroep belangriker. Soos wat die adolessent 'n ontwaking van sosio-emosionele, seksuele en fisiese identiteit eksplorieer, speel die portuurgroep 'n prominente rol in die voorsiening van aanvaarbare rolmodelle en stel dit grense vir gedrag.

Aangesien die Suid-Afrikaanse laat-adolesent in die Verenigde Koninkryk saam met Suid-Afrikaners woon, leen die konteks daartoe dat die laat-adolesent sy identiteit binne die portuurgroep waarmee hy bekend is, kan ontwikkel.

Die ontwikkeling van 'n persoonlike identiteit is gekoppel aan beroepsidentiteit en 'n persoonlike filosofie. Om betaalde indiensneming te verkry of om met tersiêre opleiding te begin, dui 'n multigevormde identiteit en onafhanklikheid van die gesin aan. Beroepsrolidentiteit versterk persoonlike identiteit aangesien dit aandui dat die adolessent vaardighede het waaroor ander nie beskik nie. Verder voer Heaven (1994:31) aan dat beroepsidentiteit, of om te werk, 'n sin van identiteit versterk wat tot algehele geestesgesondheid bydra.

Die Suid-Afrikaanse laat-adolesente wat in die Verenigde Koninkryk werk, ontwikkel dus 'n nuwe identiteit aangesien hulle juis kom om te werk. Die feit dat hulle 'n beroep begin en dit boonop in 'n ander land, dra by tot hulle identiteit en onafhanklikheid van die gesin.

- **Identiteitstatus**

Sentraal tot identiteitsvorming is krisis en verbintenis (*attachment*). Krisis verwys volgens Heaven (1994:31) na tieners wat verskeie gedrags- en houdingsopsies selekteer. Verbintenis verwys na die mate waarin tieners 'n persoonlike belegging maak in houdings en gedrag. Krisis en verbintenis verskil tussen individue wat vier identiteitstatusse tot gevolg het.

Die sentrale konsepte van die identiteitstatusse is eksplorering en verbintenis. Lidmaatskap tot elke identiteitstatus word volgens Johnson, Buboltz & Seemann (2003:1) bepaal deur die graad van persoonlike eksplorering en verbintenis wat verwant is aan ideologiese en interpersoonlike kwessies. Eksplorering word deur Côté & Schwartz (2002:572) beskryf as oorweging van alternatiewe, doelwitte, rolle en waardes en verbintenis beteken die formasie van konsolidasies van hierdie oorwegings as moontlike roetes vir toekomstige aksie. Die vier identiteitstatusse is die volgende:

- 1. Identiteitsdiffusie**

Gedurende identiteitsdiffusie het tieners volgens Heaven (1994:32) nog nie 'n identiteitskrisis ontwikkel nie. Dit is volgens Côté & Schwartz (2002:572) die mees onvolwasse stadium en ook minder kompleks. Individue wat diffuus bly na vroeë of middeladolessensie is geneig tot middelmisbruik, riskante seksuele gedrag en akademiese mislukking. Heaven (1994:32) noem dat hierdie adolessente laer selfbeeldtellings het as dié in ander statusgroepe. Hulle aanvaar ook verkeerde persoonlikheidsbeskrywings omtrent hulself en is geneig om hulle opinie te verander.

- 2. Identiteitsluiting**

Hierdie adolessente het 'n persoonlike verbintenis gemaak tot sekere waardes, menings, aanvaarbare gedrag en 'n beroep of studierigting. Hulle het egter nog nie volgens Heaven (1994:32) 'n identiteitskrisis ervaar nie. Hierdie adolessente is sterk gesosialiseer deur hulle ouers of verwysingsgroep en dus nie genoegsaam uitgedaag om eie besluite te neem nie. Mense wat in hierdie stadium bly, neig

volgens Côté & Schwartz (2002:572) om lae ontwikkelingskompleksiteit te toon met 'n konformerings- en gedragsoriëntasie.

### 3. Identiteitmoratorium

Adolesente in hierdie fase kan moontlik 'n krisis ervaar maar het nog nie keuses of verbintenisse gemaak nie. Heaven (1994:32) skryf dat hulle in hierdie fase in 'n persoonlike stryd betrokke is en dat hulle alternatiewe evalueer. Moratorium word deur Heaven (1994:33) beskryf as essensieel vir hierdie bereiking aangesien die adolessent ten volle betrek is by identiteitontwikkeling.

Identiteitmoratorium word deur Côté & Schwartz (2002:572) beskou as 'n funksioneel meer komplekse status aangesien die individu pro-aktiewe stappe neem in die outonome inagneming van identiteitalternatiewe. Hoë vlakke van angstigheid kan volwassenheid inperk.

Alle samelewings voorsien volgens Green & Piel (2002:95) 'n geskeduleerde tyd vir die voltooiing van 'n persoonlike identiteit. Terwyl daar redelike kulturele variasie in die tydsberekening, intensiteit en rituele van adolessensie bestaan, kan sommige samelewings tyd toestaan waarin daar van die adolessent verwag word om sekere lewenslange verbintenisse te maak en 'n vaste selfdefinisie te vestig. Die begrip "*time-out*" wat deur Green & Piel (2002:95) gebruik word, word die psigososiale moratorium genoem. Adolesente staak hulle onvolwasse geloof in idees en mense om individue en sieninge te soek wat werklik geloofwaardig is en wat objektief waar is eerder as om subjektief gewaardeer te word. Die moratorium kan 'n verlengde toestand van sielkundige verwarring ten opsigte van die verskeie rolle wat 'n persoon in 'n samelewing kan aanneem, tot gevolg hê.

Die psigososiale moratorium word vergesel van 'n sin van krisis, 'n onvermydelike keerpunt wanneer ontwikkeling in 'n rigting moet beweeg. Adolesente moet volgens Green & Piel (2002:96) besluite neem wat onomkeerbaar is, soos om van die huis af weg te trek, universiteit toe te gaan, 'n beroep te kies of om te trou.

Die laat-adolessent in die moratoriumstatus gaan volgens Kroger (2002:97) deur 'n proses om hulself te differensieer van belangrike ander met wie hulle geïnternaliseer is.



#### 4. Identiteitbereiking

Hierdie stadium is sinoniem met volwassenheid en uiteindelik identiteitvorming. Dit merk die voltooiing van adolessensie en dui aan dat die identiteitskrisis suksesvol opgelos is. Aangesien die individu 'n krisis ervaar het, voer Heaven (1994:33) aan dat 'n verbintenis gemaak is. Die bereiking van 'n identiteit help die adolessent om 'n skakeling tussen toekomstige aspirasies en die verlede te maak

Dit word deur Côté & Schwartz (2002:572) beskryf as die mees volwasse en funksioneel komplekse status en word onder andere geassosieer met gebalanseerde denke, volwasse interpersoonlike verhoudings en gee-en-neem verhoudings met ouers. Heaven (1994:33) meen dat nie alle tieners wat in volwassenheid beweeg, volledige identiteitbereiking vermag het nie.

Erikson se siening omtrent identiteitbereiking word deur Kroger (2000:91) beskryf as 'n reeds bestaande proses waar besluite geneem word met verwysing na geskikte sosiale rolle en waardes wat tentatief gemaak word. 'n Identiteit wat gebaseer is op vorige identifikasies met belangrike ander gee aanleiding tot 'n identiteit wat gebaseer is op 'n meer persoonlike assessering van 'n persoon se eie vaardighede, sterktes, belangstellings en talente. Die adolessent moet 'n inkomste verdien en dus word besluite in verband met beroepsrigtings meer eisend. Terselfertyd moet 'n betekenisvolle lewensfilosofie gevestig word asook spirituele en/of sosiale waardes, vorming van seksuele uitdrukkings en geslagsroloriëntasie asook 'n oorhoofse lewensstruktuur om jong volwassenheid binne te gaan.

Die kritiek wat Côté & Schwartz (2002:572) omtrent die statusbenadering noem, is dat die benadering as eng beskou word en dat sosiale kontekstuele faktore wat identiteitontwikkeling kan beïnvloed nie genoegsame aandag ontvang nie. Die eksplorering en verbintenis is primêr intrapsigiese prosesse en teoreties gesproke nie noodwendig gekoppel aan die sosiale omstandighede waarin 'n identiteit gevorm is nie.

Die historiese en sosiale kontekste speel na Newman & Newman (1995:470) se mening hoofrolle in die vorming van die individu se identiteit. In enige historiese periode hang 'n persoon se keuses af van ekonomiese realiteite. Die reeks van keuses word geaffekteer deur historiese realiteite soos oorlog of 'n politieke revolusie. Beide die inhoud van identiteit en die emosies rondom identiteitvorming,

die sin van optimisme en hoopvolheid of agterdogtigheid, kan beïnvloed word deur die geleentheid wat vir opvoeding, opleiding en betaalde indiensneming bestaan.

Bogenoemde is ook waar vir die Suid-Afrikaanse laat-adolesent. Minder werkseleenthede is beskikbaar vir skoolverlaters. Om in die Verenigde Koninkryk te werk, bied aan die Suid-Afrikaanse laat-adolesent die geleentheid om in diens geneem te word, dra tot werkservaring by en bied 'n geleentheid vir verdere identiteitsontwikkeling.

Die adolesent se identiteitskrisis reflekteer volgens Green & Piel (2002:89) die teenstelling tussen die behoefte om 'n self-identiteit te ontwikkel en die oorgloed van moontlike sosiale identiteite wat deur kultuur ondersteun word. Jeug in ontwikkelde kulture mag rolle en rolmodelle hê om van te kies; terwyl dié in meer primitiewe kulture dalk minder rolle en rolmodelle mag hê.

Vir die Suid-Afrikaanse laat-adolesent bestaan daar wel verskeie volwasse rolle waarmee jeugdiges kan identifiseer. Die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk werk, word blootgestel aan 'n Eerstewêreld-kultuur en het vervolgens bygevoegde rolle waarmee daar geïdentifiseer kan word.

In sielkundige navorsing oor adolessensie is dit volgens Hammer (in Skoe & von der Lippe, 1998:83) belangrik om in ag te neem hoe 'n veranderende samelewing die sosiale geleentheid en omstandighede vir ontwikkeling gedurende adolessensie beïnvloed. Vanuit 'n sosiologiese perspektief word die individu en die lewenskoers kultureel gekonstrueer. Elke lewensstadium word vergesel deur die kulturele definisies van behoeftes, bevoegdhede, take en gedrag wat gepas geag word vir individue wat tot 'n spesifieke ouderdomsgroep behoort. Sulke amptelik erkende kenmerke vorm die basiese element van die individu se sosiale identiteit. Dit is daarom belangrik om die sosiale konteks van identiteitvorming in adolessensie te verstaan en hoe sosiale verandering persoonlike ontwikkeling affekteer.

In vandag se samelewing is daar volgens Hammer (1998:88) min oorgangsmerkers oor wat volwassenheid aandui. Ekonomiese onafhanklikheid, om die ouerhuis te verlaat en die vestiging van 'n gesin met kinders is die oorblywende kritiese merkers van 'n volwasse rol.

Die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk werk en woon, voldoen aan twee van die bogenoemde kriteria naamlik ekonomiese onafhanklikheid en om die ouerhuis te verlaat. Die verlating van die ouerhuis is tydelik aangesien hierdie adolessente gewoonlik terugkeer huis toe na afloop van hulle werkvakansie.

Kroger (2000:93) voer aan dat die samelewing 'n belangrike rol speel in die identiteitsvormingsproses van laat-adolessensie. Gedurende hierdie fase berei die breër sosiale institusies voor om die laat-adolesent te ontvang en as 'n jong lid van 'n groter kollektiewe orde te bevestig. Die gevoel om tot 'n gemeenskap te behoort, bevestig die sin van identiteit. Die rol van die samelewing om die laat-adolesent te erken en om deur hom erken te word, kan nie in die identiteitsvormingsproses van die jeug onderskat word nie. Individuele identiteit is 'n aanpassing tot die sosiale konteks (Kroger, 2000:93). Verskillende samelewings en kulture vereis verskillende vorms van aanpassing.

Moderne samelewings bied meer opsies vir jong mense in terme van opvoeding, kultuur en verskillende lewenswyses (Hammer, 1998:91). Hulle kan eie keuses maak en is minder gebind deur geslag, geloof, ouerbeheer of tradisies. Dit word in Hammer (1998:91) beskryf as kulturele emansipasie. Alhoewel hierdie samelewingsveranderinge voordele het, beweer Côté & Schwartz (2002:573) dat daar ook nadele is. Die bron van hierdie nadele is die feit dat hierdie "vryheid" baie van mense vereis en druk op hulle plaas waarvoor hulle nog nie toegerus is om dit te kan hanteer nie.

Dieselfde kan waar wees vir die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk werk en woon. Alhoewel hulle nuwe vryheid ervaar, word hulle terselfertyd aan nuwe eise blootgestel. Daar word van die laat-adolesent verwag om vir homself te kan sorg en self besluite te neem.

Hierdie druk moet volgens Côté & Schwartz (2002:574) die volgende insluit, naamlik voortdurende reflektoring op verhoudings met ander; gedurige vooruitbeplanning; lewensveranderende besluitneming, neem van verantwoordelikheid vir persoonlike mislukkings en beperkinge; en die oorkoming van enige strukturele struikelblokke wat hulle beïnvloed. Hierdie struikelblokke is verwant aan sosiale klas, ras, geslag en ouderdom.

Alhoewel Piaget in sy latere geskifte geglo het dat formele-operasionele denke tussen 15 en 20 jarige ouderdom bereik is, voer Kroger (2000:92) aan dat ontwikkelingsteoretici nou 'n redelike variasie vind in wanneer hierdie operasies werklik bereik word. Studies met kollegestudente het gevind dat tussen 17% en 67% van laat-adolesente in rasonale terme dink. Dit is belangrik om bewus te wees dat ten minste een derde van laat-adolesente nie formeel-operasionele logika gebruik nie, of dat hulle dit ongereeld gebruik.

## 2.7 DIE INDIVIDUALISASIEPROSES

'n Verskil tussen die konsepte individualisasie as 'n sosiologiese en 'n sielkundige konsep word soos volg deur Côté & Schwartz (2002:573) verduidelik: individualisasie verwys na die geestesproses van skeiding-individualisasie wat in die vroeë kinderjare begin wanneer die grens tussen die "ek" en die "nie-ek" gevestig word. Hierdie proses verwys na die poging van die kind om in sy eie reg te bestaan met 'n emosionele afstand met sy ouers. Die tweede individualisasieproses van adolessente verwys na 'n soortgelyke stryd met ouerintrojekte. In kontras, verwys die individualisasie na die sosiale prosesse waar 'n persoon poog om te kompenseer vir 'n gebrek aan kollektiewe ondersteuning van sulke gemeenskappe en kultuur. Laasgenoemde kan die ouers of die breër samelewing impliseer.

Twee van die belangrikste sielkundige ontwikkelings van laat-adolessensie word deur Kroger (2000:90) beskryf as die tweede skeiding-individualisasieproses en die kapasiteit vir nuwe vorms van intimiteit. Die suksesvolle bemeestering van die skeiding-individualisasiekwessies is 'n kritiese ontwikkelingstaak vir die laat-adolesent periode (Holmbeck & Leake, 1999:1). Skeiding-individualisasie behels die kapasiteit om toenemende verantwoordelikheid te aanvaar vir kwessies wat voorheen aan ander oorgelaat was. Hierdie proses beteken volgens Kroger (2000:91) dat die adolessent 'n meer outonome sin van self het.

Geuzaine, Debry & Liesens (2000:2) maak melding van Mahler se skeiding-individualisasieteorie waar drie vlakke in die sielkundige skeidingsproses gedurende adolessensie gedefinieer word: die kognitiewe vlak met houdingsonafhanklikheid (verteenwoordiging van die self as uniek en verskillend van ouers); die gedragsvlak met funksionele onafhanklikheid (bestuur van 'n persoon se eie sake sonder die hulp

van ouers); en laastens die affektiewe vlak wat in twee aspekte verdeel word, naamlik emosionele onafhanklikheid (vryheid van 'n oormatige behoefte aan emosionele ondersteuning van ouers) en konflikterende onafhanklikheid (afwesigheid van oormatige skuld, wantroue en woede teenoor ouers).

### **2.7.1 Binding (*attachment*) en hantering**

Bindingsteorie word deur Greenberger & McLaughlin (1998:121) opgesom as 'n teorie wat vanuit studies rondom moeder-baba verhoudings en die implikasies wat dit regdeur die lewe het, ontwikkel het. Uit hierdie studie is dit duidelik dat laat-adolesente met sterk bindings met hulle ouers minder sielkundige probleme en meer gewenste romantiese ervarings rapporteer. Volwassenes met sterk houdings rapporteer meer bevredigende en minder geabsorbeerde verhoudings teenoor hulle werk. Bowlby (in Greenberger & McLaughlin, 1998:122) meen dat sterk bindings nie net interpersoonlike verhoudings nie, maar ook individuele hanteringsvaardighede as 'n sin van persoonlike waarde en selfdoeltreffendheid tot gevolg het. Kobak & Sceery (in Greenberger & McLaughlin, 1998:122) dui op die verband tussen houdingstyle en hanteringsmeganismes. Volgens hulle kan daar van persone met sterk bindings verwag word om sielkundige stres te hanteer deur dit te herken en met konstruktiewe aksie te verminder, terwyl daar van persone met swakker binding verwag kan word om innerlike stres te vermy of dit te minimaliseer.

O'Koon (1997:1) meld dat gesonde binding met 'n bindingsfiguur 'n positiewe selfbeeld tot gevolg het. Dit lei daartoe dat 'n persoon goed voel oor homself in 'n verskeidenheid van aanpassingsareas insluitend liggaamsbeeld, beroeps/opvoedingsdoelwitte en sosiale verhoudings. Daar is gevind dat ouerbinding gedurende adolessensie tot beter welstand lei as binding met 'n verwysingsgroep. Binding met ouers hang nie af van fisiese nabyheid nie, maar van emosionele bande. Sterk ouer-adolesent bindingsverhoudings laat adolessente toe om nuwe omstandighede onafhanklik te eksploreer en daarin te floreer.

### **2.7.2 Persoonlike probleme in laat-adolessensie**

Teen laat-adolessensie kan hoë vlakke van sielkundige versteuring insluitend angs, depressie, selfmoord en selfmoordgedagtes bestaan (Rickwood, 1995:685). Gedurende adolessensie kan geestesgesondheidsprobleme ontwikkel en hanteringsgedrag word aangeleer. Hantering of "*coping*" kan gedefinieer word as die kognitiewe- en gedragspogings wat aangewend word om eksterne en interne eise te

bemeester, te tolereer of te verminder. Hanteringstrategieë sluit 'n wye reeks response in waarvan die soeke na hulp een is. 'n Soeke na hulp in die vorm van benutting van informele ondersteuning en professionele dienste is 'n spesifieke tipe hanteringsrespons en word getermineer wanneer probleem-gefokusde inligting bekom is. Meeste vorme van hantering hang af van die self en van interne bronne. Om hulp te soek, is 'n omgewingshanteringsrespons.

Mechanic (in Rickwood, 1995:686) se navorsing toon dat kinders en adolessente wat meer selfbewus is, meer simptome en probleme rapporteer as dié wat minder selfbewus is. Om op simptome en probleme te fokus, kan die ervaring van pyn vermeerder. Dit is veral relevant gedurende adolessensie as 'n stadium van self-aandag en introspeksie. Hanteringstrategieë wat 'n fokus op die self en simptome versterk, kan nadelig wees vir geestesgesondheid.

Die navorser sal vervolgens kultuur en kultuurskok bespreek. Daar sal gekyk word na die invloed van kultuurskok en die aanpassing by 'n nuwe kultuur op die laat-adolessent se ontwikkeling.

## **2.8 KULTUUR EN KULTUURSKOK**

### **2.8.1 Die aard van kultuurskok**

Kultuur word gedefinieer as die totaliteit van gedragspatrone, kuns, gelowe, institusies en alle ander produkte van menslike werk en gedagtes wat sosiaal oorgedra word. Hierdie patrone, trekke en produkte word beskou as die uitdrukking van 'n spesifieke periode, klas, gemeenskap of populasie. Kultuur kan ook beskou word as die oorheersende houdings en gedrag wat die funksionering van 'n groep of organisasie kenmerk ([www.yourdictionary.com](http://www.yourdictionary.com)). Kultuur is 'n komplekse web van norme, waardes, aannames, houdings en gelowe wat kenmerkend van 'n spesifieke groep is.

Kultuurskok word gedefinieer as 'n sin van verwarring en soms onsekerheid met gepaardgaande gevoelens van angstigheid wat mense wat sonder genoegsame voorbereiding met 'n vreemde kultuur gekonfronteer word, kan ervaar ([www.m-w.com](http://www.m-w.com)). Marx (2001:5) beskryf kultuurskok as die skok wat mense ervaar wanneer hulle gekonfronteer word met die onbekende in die buiteland. Die term "kultuurskok"

is deur die antropoloog Oberg geskep om beide die simptome en die proses van aanpassing by 'n vreemde kultuur te verduidelik. Die ervaring van 'n nuwe kultuur word gesien as 'n onplesierige verrassing of skok – 'n skok wat plaasvind wanneer verwagtings nie ooreenstem met realiteit nie.

Walsh & Horenczyk (2001:2) definieer kultuurskok as 'n fenomeen waar 'n krisis waarskynlik sal plaasvind as 'n resultaat van 'n skielike verlies van die bekende omgewing en die trek na 'n vreemde en onvoorspelbare een. Die proses sluit gewoonlik "rou" in weens die verlies van familie, vriende, taal, musiek en kos wat 'n aankomeling se identiteit kan bedreig. Die "psigiese stroming" van die eise wat immigrasie stel, vereis herorganisering van die self soos wat die immigrant poog om dit te hanteer en aan te pas by die verandering wat ervaar word in die oorgang na 'n nuwe kultuur.

Die proses van oorgang in immigrasie word deur Walsh & Horenczyk (2001:2) beskryf as beide 'n potensiële positiewe ervaring, wat die geleentheid vir persoonlike groei en self-ontwikkeling verteenwoordig, asook 'n potensiële risikobelaaide negatiewe ervaring wat 'n persoon se identiteit kan bedreig.

Die konsep kultuurskok word deur Yeh & Inase (2002:69) gedefinieer as gevoelens van angs wat mense ervaar wanneer hulle nie in staat is om probleemoplossende strategieë te kan benut wat hulle in die verlede toegepas het nie. Kultuurskok veroorsaak spanning en gevoelens van ongemak en kan lei tot sielkundige wanaanpassing. Jongmense kan ekstreme kultuurskok ervaar aangesien hulle te doen het met onbekende waardes, gedrag en norme. Beide Yeh & Inase (2002:69) en Walsh & Horenczyk (2001) noem dat 'n sin van verlies ervaar word aangesien hulle hulle land van oorsprong, asook hulle gemeenskap en sosiale sisteem verlaat het. Hulle kan as 'n resultaat daarvan gefrustreerd, geïrriteerd, depressief, teruggetrokke en lusteloos raak.

### **2.8.2 Om na 'n nuwe land te verhuis: landskok**

Voordat 'n mens leer hoe om met die plaaslike mense oor die weg te kom, moet 'n mens volgens Storti (2001:2) eers die trek oorsee oorleef. Die persoon wat oorsee gaan woon en werk, moet gewoon raak aan 'n nuwe land, 'n nuwe fisiese omgewing, 'n nuwe gemeenskap en 'n nuwe werk. Addisionele spanning word ervaar wanneer 'n persoon aanvanklik onsuksesvol is in 'n soeke na werk. Alhoewel

meeste mense al verhuis het en 'n nuwe werk moes begin het, vind al hierdie verandering terselfertyd plaas.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse laat-adolesent nie werklik verhuis nie, is die ervaring soortgelyk aangesien hy sy land met die nodige besittings verlaat om vir 'n lang termyn in die Verenigde Koninkryk te woon. Dit behels ook spanning aangesien die laat-adolesent sy eerste voltydse werk moet soek in 'n nuwe fisiese omgewing en terselfdertyd ook 'n nuwe woonplek moet vind.

Storti (2001:3) beskryf die klimaat as die eerste element waarby in 'n nuwe land aangepas moet word. Wanneer die klimaat uitermate verskil, beteken dit 'n aanpassing in lewenswyse. Die Suid-Afrikaanse laat-adolesent moet by drastiese klimaatsverskille aanpas aangesien die winter veel langer en kouer as in Suid-Afrika is. 'n Nuwe klimaat behels aanpassings by kleredrag en aande wat vroeër donker word in die winter.

Die tweede element wat Storti (2001:4) noem, is aspekte waarsonder klaargekom moet word. Dit kan aspekte insluit wat nie beskikbaar is nie of dinge wat nie gedoen kan word nie. Dit sluit in voedselsoorte, dienste, boeke in 'n persoon se moedertaal of 'n gunsteling sport of tydverdryf. Om sonder hierdie dinge te leef, kan tot ongelukkigheid en frustrasie lei. Vir die laat-adolesent van Suid-Afrika is laasgenoemde ook waar. Weens die hoeveelheid Suid-Afrikaners wat in die Verenigde Koninkryk woon, is 'n behoefte aan Suid-Afrikaanse winkels geskep. Suid-Afrikaners is bereid om duur te betaal aangesien hulle 'n behoefte aan eie produkte in 'n vreemde land ervaar. Die Afrikaanse laat-adolesent sal moontlik behoefte aan leesmateriaal in Afrikaans ontwikkel. Die navorser het self ook die behoefte aan Afrikaanse leesmateriaal gehad.

'n Derde element wat Storti (2001:5) beskryf, is 'n gebrek aan roetine. Roetine is 'n aksie wat uitgevoer word op 'n voorspelbare, onveranderde wyse. Vervoer in 'n vreemde land kan 'n versteuring in roetine meebring. Dit is 'n aanpassing om aan publieke vervoer gewoond te raak en beteken blootstelling aan byvoorbeeld ondergrondse treine wat nie in Suid-Afrika bestaan nie. Dit beteken dus dat die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat afhanklik was van motors as wyse van vervoer (hetsy ouers of hulle eie), 'n aanpassing sal moet maak.



'n Vierde element, soos deur Storti (2001:7) beskryf, is onbekende gesigte. Vir die eerste paar weke sal die buitelanders (in hierdie studie die laat-adolesse) gedurig met mense in interaksie wees wat hulle glad nie ken nie of nie goed ken nie. Dit is nie noodwendig 'n probleem nie, maar vereis ekstra inspanning en energie. 'n Vyfde element is 'n nuwe gemeenskap. Storti (2001:13) beskryf dit as 'n praktiese eerder as 'n emosionele of sielkundige aanpassing. Die buitelanders moet leer hoe om sy weg te vind. Sodra die buitelanders weet waar dinge is, moet hy verstaan hoe dit werk. Storti (2001:14) noem besigheidsure en watter "sisteme" in 'n apteek, bank, poskantoor, fliks, petrolstasie en verspreidingsmarkte bestaan, as voorbeelde. Hierdie onsekerhede is veral gedurende die eerste drie weke relevant. Dit is nie soseer die insidente wat 'n probleem is nie, maar die hoeveelheid wat oorweldigend kan wees.

Bogenoemde was ook die navorsers se ervaring. Alhoewel daar ooreenkomste bestaan, is daar onsekerheid oor die dienste in die nuwe land. Die navorsers moes byvoorbeeld leer hoe om self 'n motor by 'n motorhawe te vul en uitvind hoe die betaling werk. Hierdie prosesse mag eenvoudig voorkom, maar kan aan die begin van die ervaring tot frustrasie lei as gevolg van die onsekerheid en tydrowendheid daarvan.

'n Sesde element is om 'n nuwe werk te vind. Ten spyte van kultuurverskille kan enige nuwe werk uitdagings stel. 'n Nuwe werk beteken nuwe verantwoordelikheid en nuwe vaardighede wat bemeester moet word. Storti (2001:15) noem dat nuwe prosedures, regulasies en kantoorprotokolle aangeleer moet word.

Om suksesvol tydens 'n oorsese verblyf te wees, moet die buitelanders volgens Storti (2001:25) effektief met die plaaslike mense kommunikeer. Weens die kulturele verskille is kruis-kulturele interaksies onderworpe aan verwarring, misverstande en misinterpretasie. Die kulturele verskille kom duidelik na vore wanneer gekommunikeer word.

## **2.9 VERDUIDELIKINGS VIR KULTUURSKOK**

### **2.9.1 Agtergrond**

Furnham & Bochner (1986:177) lys drie areas ter verduideliking van kultuurskok en voer aan dat hulle nie mededingend is nie, maar eerder komplimentêr. Die eerste area is negatiewe lewensgebeure en siekte en die tweede area is sosiale ondersteuningsnetwerke. Negatiewe lewensgebeure suggereer dat die ervarings van groot veranderinge in 'n persoon se lewe tot geestes- en fisiese siektes kan lei. Die sosiale ondersteuningsnetwerke is meer besorg oor die verligting van stres en voorspel 'n positiewe verhouding tussen kwaliteit en kwantiteit van ondersteuning van ander en die vermoë om stres te hanteer. Die derde area is volgens Furnham & Bochner (1986:177) meer besorg oor die hoofdimensies van waardeverskille tussen verskeie groepe as oor die verduideliking waarom verskillende waardes tot stres, angs of 'n tekort aan welstand kan lei. Tog voorsien hierdie studieveld interessante insigte in die oorsaak van kultuurskok.

### **2.9.2 Negatiewe lewensgebeure**

Negatiewe lewensgebeure word deur Furnham & Bochner (1986:178) beskryf as gebeure soos die verlies van 'n huweliksmaat of 'n werk. Negatiewe lewensgebeure kan 'n persoon siek maak. Hoe meer negatief die lewensgebeure in terme van intensiteit, duur en gevolge, hoe meer ernstig is die siekte. Migrasie of geografiese verandering is een van die mees intense negatiewe lewensgebeure aangesien dit gewoonlik 'n groot hoeveelheid belangrike lewensveranderinge insluit. Mense wat migreer ervaar volgens Furnham & Bochner (1986:178) die volgende negatiewe lewensgebeure en die intensiteit van elkeen word soos volg op die "*Social readjustment rating scale*" aangedui:

Rang	Lewensgebeurtenis	Gemiddelde waarde
2	Huwelikskeiding	65
15	Besigheidsheraanpassing	39
16	Verandering in finansies	38
18	Verhouding tot 'n nuwe lyn van werk	36
21	Opheffing van verband of lening	30
22	Verandering van verantwoordelikhede by die werk	29
26	Vrou begin of hou op om te werk	26
28	Verandering in lewenstoestande	25
31	Verandering van werksure of –toestande	20
32	Verandering van woning	20
33	Verandering van skole	20
34	Verandering van ontspanning	19
35	Verandering van kerkaktiwiteit	19
36	Verandering van sosiale aktiwiteit	18
39	Verandering in hoeveelheid familie bymekaarkomstes	15
40	Verandering in eetgewoontes	15

**Tabel 1: *Social readjustmant scale (Furnham & Bochner, 1986:179)***

Die totale telling van hierdie items oorskry 300 en vir Rahe & Holmes (in Furnham & Bochner, 1986:180) word 'n telling van 164 as hoog geag. Aangesien migrasie 'n groot hoeveelheid potensieel stresvolle veranderinge behels, kan die ontwikkeling van sielkundige of fisiese siektes direk daaraan toegeskryf word.

Nie noodwendig al die faktore in bogenoemde tabel sal op die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk van toepassing wees nie. Wat dit wel illustreer, is dat om in 'n vreemde land te woon tot 'n verhoging in spanning kan lei.

Furnham & Bochner (1986:80) voeg by dat wanneer stresvolle ervarings deur 'n groep of 'n gemeenskap gedeel word, dit voordelige effekte vir geestesgesondheid inhou. 'n Gevoel van konfrontering met 'n gemeenskaplike bedreiging kan lei tot

verhoogde groepskohesie, verhoogde sosiale interaksie, 'n afleiding van persoonlike bekommernisse, nuwe rolle of selfs status vir persone wat voorheen geïsoleer was. Dit kan aan 'n persoon wat 'n mate van persoonlike probleme ervaar, 'n eksterne rede vir hulle toestand voorsien. Dit beteken dat hulle nie 'n verduideliking hoef te soek wat gebaseer is op persoonlike onbevoegdheid nie.

### **2.9.3 Waardeverskille**

Hofstede (in Furnham & Bochner, 1986:191) meld dat kulture volgens vier reghoekige dimensies verskil. Die eerste dimensie is magsafstand en verwys na die mate waarin verskillende samelewings verskillende klem plaas op ongelykhede in areas soos prestige, rykdom en mag. Die tweede dimensie word onsekerheidsvermyding genoem en verwys na die mate waarin 'n kultuur die onsekerheid van tegnologie, wetgewing en godsdiens hanteer. Die derde dimensie word individualisme genoem en verwys na die wyse waarop mense in verhoudings saamleef. Die vierde dimensie word manlikheid genoem en verwys na die geslagsrolle wat deur sosialisering in families, skole, portuurgroepe en deur die media ontwikkel. Hofstede (in Furnham & Bochner, 1986:191) het verskeie lande in kwadrante geplaas en Brittanje en vorige kolonies (wat Suid-Afrika insluit) is in dieselfde kwadrant geplaas.

Om die gevolge van waardeverskille vir migrante te verstaan, voer Furnham & Bochner (1986:196) aan dat dit belangrik is om drie veranderlikes in ag te neem: die kwaliteit en kwantiteit in verskille van ooglopende waardes tussen die gasheer- en migrantsamelewings, die toleransie van verskillende kulturele waardesisteme binne dieselfde samelewing en individue se kognitiewe kompleksiteit, vermoë en motivering om hulle kulturele waardesisteme te verander.

Wardesisteme word deur Furnham & Bochner (1986:196) beskryf as dinamies en deurentyd aan die verander weens maatskaplike, politiese en ekonomiese invloede. Dit is dus soms moontlik dat daar in sommige kulture sowel binne-kulturele as tussen-kulturele waardeverandering is. Dit is veral die geval waar samelewings radikale verandering ondergaan. Aanpassing by die waardes van 'n spesifieke kultuur of land kan betekenisloos wees as daar nie een algemeen aanvaarbare of koherente sisteem is nie.

Waardesisteme word deur Furnham & Bochner (1986:197) geag as bruikbare voorspellings van hoeveel spanning reisigers voel asook hoe hulle hierdie spanning hanteer.

#### **2.9.4 Hantering (*coping*)**

Met tyd het hantering 'n verskeidenheid konseptuele betekenis verkry en word afgewissel met konsepte soos bemeestering, verdediging en aanpassing (Frydenberg, 1997:28). Hantering word volgens Frydenberg (1997:28) vanuit verskillende teoretiese perspektiewe ondersoek. Die psigo-analitiese perspektief fokus op die wyse waarin konflik opgelos word deur impulse en realiteitstoetsing. Hierdie perspektief fokus gewoonlik op die gebruik van verdedigingsmeganismes. Die lewensiklusperspektief behels bemeestering en ontwikkelingsoorgange. Suksesvolle bemeestering verhoog selfwaarde, selfeffektiwiteit en interne beheer. Die evolusionêre- en gedragsmodifikasieperspektief fokus op probleemoplossing. Die kulturele- en sosio-ekologiese perspektief sien hantering as 'n aanpassing tot die fisiese omgewing. Die integrerende perspektief sien hantering as een aspek van vermoëns saam met ander bronne wat eise byvoeg of verminder.

#### **2.9.5 Lazarus se teorie van hantering**

Lazarus se definisie word deur Frydenberg (1997:29) aangehaal as “die kognitiewe en gedragspogings om spesifieke interne of eksterne eise, wat gesien word as veeleisend of 'n oorskryding van 'n persoon se bronne, te bestuur”. Daar is drie sleutelkonsepte in Lazarus se definisie van hantering:

1. Hantering is verbind tot 'n konteks eerder as primêr gedrewe deur stabiele persoonlikheidseienskappe.
2. Hanteringstrategieë word gedefinieer deur poging. Hantering hoef dus nie die suksesvolle voltooiingsdaad te wees nie, maar 'n poging om 'n probleem te hanteer.
3. Hantering word gesien as 'n proses wat gedurende 'n spesifieke gebeurtenis met verloop van tyd verander.

Die navorser sal vervolgens kyk na die adolessent se hanteringstyle. Dit is belangrik om die ontwikkelingsstadium in ag te neem, veral met verwysing na hulle aanpassing in 'n vreemde omgewing en hulle hantering daarvan.

### 2.9.6 Hanteringstyle van adolessente

Hantering (*coping*) tydens adolessensie betrek volgens Mullis & Chapman (2000:539) kommunikasie en gedragswyses om stres te hanteer, beide emosioneel en instrumenteel. Probleemoplossingsvaardighede van adolessente verander en verbeter met ouderdom as 'n funksie van kognitiewe ontwikkeling en sosiale ervaring. Spivak & Shine (in Mullis & Chapman, 2000:539) argumenteer dat adolessente se geslag en selfwaarde hulle hanteringstyle kan beïnvloed. Stark, Spirit, Williams & Guevremont (in Mullis & Chapman, 2000:539) het gevind dat manlike adolessente wensdenkery in hulle hanteringstrategieë benut terwyl vroulike adolessente meer geneig is om op sosiale ondersteuning staat te maak. Adolessente met lae selfwaarde maak op emosie-gebaseerde strategieë in hantering van stres staat, terwyl adolessente met hoë selfwaarde op strategieë wat gerig is op probleemoplossing staatmaak.

### 2.10 FASES VAN AANPASSING

Oberg (in Marx, 2001:7) het 'n model van aanpassing ontwikkel wat impliseer dat mense wat oorsee gaan deur 'n siklus met onderskeie fases gaan. Die eerste fase is die wittebroodfase waar alle ervarings in die nuwe plek as opwindend, positief en stimulerend gesien word. In die tweede fase word kultuurskok ervaar. Oberg (2001:8) voer aan dat 'n bewustheid van disoriëntasie begin ontwikkel asook negatiewe simptome soos spanning (onvermoë om te slaap of eet), irritasie, 'n negatiewe siening van 'n persoon se werk, die land en kollegas.

Die derde fase is die fase van herstel. Dit begin gewoonlik deur te aanvaar dat 'n probleem bestaan en dat daaraan gewerk moet word en behels 'n kompromie tussen die gevoel en denke van die wittebroodfase en die kultuurskokfase. Die kompromie word gemaak tussen oordrewe verwagtinge en realiteit. In die finale aanpassingsfase is die persoon in staat om effektief te kan werk, die beperkinge van sy vaardighede te ken en meer buigsaam te wees.

Hierdie fases vind volgens Marx (2001:10) nie altyd in 'n netjiese volgorde plaas nie. Die fases kan ook in 'n dinamiese en herhalende siklus voorkom. Sielkundig moet drie vlakke van kultuurskok met verwysing na die werksplek hanteer word:

- Emosies - hantering van gemoedsveranderinge.

- Denke - verstaan buitelandse kollegas.
- Sosiale vaardighede en -identiteit - ontwikkel 'n sosiale en professionele netwerk en effektiewe sosiale vaardighede.

Marx (2001:13) identifiseer drie vlakke van internasionale aanpassing:

- Hantering van spanning van die oorgang.
- Daag die persepsie en interpretasie van gebeure en gedrag uit (ontwikkel 'n nuwe wyse van denke wat kultureel effektief is).
- Ontwikkel beter sosiale vaardighede en 'n internasionale identiteit.

### **2.10.1 Interkulturele aanpassing**

Alle besoekers aan 'n nuwe land word deur Kim & Gudykunst (in Humber, 2001:229) as vreemdelinge beskryf. Hulle ervaar 'n hoë vlak van onsekerheid en onbekendheid wat inherent aan die teenwoordigheid in 'n nuwe kulturele milieu is. Interkulturele nuweling deel gemeenskaplike aanpassingservarings en 'n hoofsaak vir hulle is om 'n graad van interkulturele bevoegdheid te verkry wat hulle in staat stel om op 'n minimale vlak te kan funksioneer. Hulle gebruik die term kruiskulturele aanpassing *"...in a broad and all-inclusive sense to refer to the complex process through which an individual acquires an increasing level of 'fitness' or 'competibility' in the new cultural environment..."*.

Terwyl die reisigers kultuurskok ervaar, weet hulle nie wat die gepaste gedrag vir 'n situasie is nie. Hulle het nie beheer oor die situasie nie en voel ongemaklik in die kulturele opset. Kim (in Humber, 2001:229) beskryf akkulturasie as die aanleer van nuwe gewoontes en kulturele maniere, en dekulturnasie as die verlenging van gewoontes van die huiskultuur wat nie meer gepas vir die situasie is nie. Beide vorm deel van die aanpassing in 'n nuwe land. Kruiskulturele aanpassing sluit stresaanpassing en groeidinamika in. Stres ontstaan wanneer die reisiger se bevoegdheid nie by die eise van die nuwe kulturele opset kan aanpas nie. Om die teenstrydighede in die situasie te hanteer, is aanpassing en groei nodig. Die proses is nie staties nie maar siklies en vereis voortdurende hantering van spanning.

Kim (2001:229) beskryf voorbereidheid vir die kruiskulturele ervaring as 'n belangrike faktor in aanpassing en definieer voorbereidheid as verstands-emosionele en motiveringsgereedheid om die kulturele omgewing te hanteer, insluitend die verstaan van die gasheertaal en kultuur. Openheid, ontvanklikheid vir nuwe inligting,

weerstand, risikoneming, gehardheid, volharding, geduld, aanpasbaarheid en vindingrykheid is persoonlikheidsienskappe wat positiewe kruiskulturele aanpassing ondersteun.

Volgens Mansel (in Humber, 2001:229) ervaar reisigers in die proses van interkulturele aanpassing vier emosionele en affektiewe toestande, naamlik:

1. Vervreemding: Die reisiger verwerp die gasheerkultuur en behou 'n sterk identifikasie met sy eie.
2. Grensgeval (*marginality*): Die reisiger is vasgevang tussen twee kulture en ervaar verdeelde lojaliteite.
3. Akkulturasie: Die reisiger aanvaar wyses van die gasheerkultuur.
4. Dualiteit: Die reisiger ontwikkel bikulturaliteit. Die reisiger akkommodeer beide die oorspronklike- en die gasheerkultuur terwyl hy in 'n nuwe omgewing leef.

Die Chinese gesegde: “'n Vis weet nie hy is nat nie”, is volgens Humber (2001:243) gepas om die onsigbare jas van kultuur wat mense omring, te beskryf. 'n Persoon besef nie sy kultuur en die invloed daarvan totdat 'n persoon dit verlaat nie. Om na 'n ander land te reis, dra daartoe by dat reisigers deur 'n periode gaan waar hulle hulle kulturele verskille herken en waar hulle moet aanpas by daardie verskille. Die navorser het ook die bogenoemde ervaar. Aangesien die navorser met 'n ander kultuur gekonfronteer is, besef sy hoe haar eie kultuur haar gedrag- en denkwyses beïnvloed.

### **2.10.2 Heimweë (*homesickness*)**

Die term *homesickness* (heimweë) dek volgens Archer, Ireland, Amos, Broad en Currid (1998:205) reaksies op 'n aantal omstandighede wat skeiding van bekende of geliefde mense en plekke behels. Fisher (in Archer *et al.*, 1998:205) het kommentaar oor heimweë, wat opgeteken is in dagboeke en briewe deur koshuisleerlinge, studentverpleegsters, universiteitstudiante en 'n voormalige soldaat, versamel. Hulle het almal gevoelens van eensaamheid, depressie, emosionele kommer en 'n behepthed met en verlange na hulle huise ervaar. Heimweë word deur Fisher (1998:205) beskryf as 'n toestand met eienskappe wat verwant is aan rou, verlange en 'n konstante behepthed met die verlede.

Heimweë word deur Stroebe, von Vliet, Hewstone & Willis (2002:147) gedefinieer as depressie as 'n resultaat van 'n afwesigheid van die huis en as 'n verlange na huis en



familie terwyl 'n persoon daarvan afwesig is. Om weg te gaan van die huisomgewing kan, veral vir jongmense, 'n hoogs stresvolle ervaring wees. Heimweë is 'n meer wydverspreide fenomeen as wat gewoonlik geglo word.

Heimweë word deur Archer *et al.* (1998:205) beskou as 'n skeidingsreaksie wat vergelyk kan word met rou. 'n Alternatiewe perspektief is om te konsentreer op die eise wat deur die nuwe omgewing op die persoon gemaak word. Die werkspanningmodel vir heimweë postuleer dat heimweë voorkom wanneer die eise van die omgewing hoog is terwyl die persoon se waargenome beheer laag is.

Volgens Archer *et al.* (1998:13) is daar geslagsverskille in die hanteringstyle van alledaagse negatiewe gebeure. Vroue maak gewoonlik gebruik van emosie-gesentreerde hantering en mans van instrumentele of probleem-gefokusde hanteringstyle. Wanneer verlies ervaar word, benut vroue gewoonlik verlies-geörienteerde hantering. Dit beteken dat hulle verlies aanvaar. Mans benut gewoonlik restorasie-geörienteerde hantering. Hulle poog dus om die struktuur van hulle lewens te behou sonder om te konsentreer op die emosionele impak van die verlies. Stroebe *et al.* (2002:2) rapporteer dat heimweë ewe heersend is onder manlike en vroulike studente. Maniere van hantering daarvan verskil wel waar vroue meer sosiale ondersteuning soek as mans.

Archer *et al.* (1998:11) se studie van heimweë van studente toon aan dat dit beskou moet word vanuit 'n lewensgeskiedenisperspektief. Om universiteit toe te gaan, vind plaas in 'n tyd in die lewenssiklus wanneer aanpassings weg van die huis af sy opvallendheid verloor. Tog is daar steeds die skielike skeiding van die bekende sosiale wêreld van die huis en 'n nuwe omgewing om te hanteer. Archer *et al.* (1998:11) se studie toon dat die impak van enige verlies uitgebalanseer moet word teen potensiële aanwinste of nuwe geleenthede. Sulke nuwe geleenthede kan op sigself spanning by 'n persoon veroorsaak. Bogenoemde is van toepassing op die respondente van die studie. Die laat-adolessente verlaat Suid-Afrika. Dit impliseer 'n skielike skeiding van sowel huis as land. Stroebe *et al.* (2002:4) noem dat daar 'n korrelasie bestaan tussen heimweë en 'n hoeveelheid kognitiewe tekortkominge, swak konsentrasie, werk wat laat ingehandig word, 'n afname in kwaliteit van werk en hoër tellings vir angs en depressiemetings. Vanuit 'n sielkundige perspektief kan heimweë volgens Stroebe *et al.* (2002:3) as 'n "mini rouproses" gesien word.

Hipotetiese teoretiese formulerings van rou kan dus gebruik word om die verskynsel van heimweë te verduidelik.

'n Onlangse rou-spesifieke model, die *Dual Process Model of Coping with Bereavement (DPM)* van Stroebe & Schut (in Stroebe *et al.* 2002:4) voorsien 'n raamwerk vir die integrering van sommige van die sentrale voorstellings van twee verskillende benaderings tot die rouproses, naamlik kognitiewe stres en binding. Beide hierdie teorieë is toegepas op die rouproses. Die DPM identifiseer twee tipes stressors wat relevant is vir die voorspelling van uitkomstes, naamlik dié wat verliesgeoriënteer is teenoor die wat restorasiegeoriënteer is. Verliesoriëntasie verwys na pogings om aan te pas by die meewerkende, veranderende en eisende situasie. Die model postuleer die noodigheid vir "ossilasie" tussen hierdie twee take, identifiseer die behoefte om die verlies te aanvaar en om aan te pas by die vreemde omgewing. Die verliesoriëntasie in heimweë betrek die afwesigheid van familie en vriende (Stroebe *et al.* 2002:4). Meer heimweë word verwag van persone wie se bindings onseker is.

Restorasieoriëntasie vereis dat die persoon wat heimweë ervaar 'n nuwe identiteit en nuwe rolle moet ontwikkel. Die DPM voorspel dat daardie individue wat 'n ernstige stressor beleef (herplasing) of wat 'n tekort aan bronne het (byvoorbeeld 'n gebrek aan ondersteuning van die huis af) nie in staat sal wees om die eise van die nuwe situasie te hanteer nie en gevolglik heimweë sal ervaar en moontlik nadelige gesondheidsgevolge sal beleef.

Die DPM stel voor dat die ossilasie tussen hierdie twee take (verlies- en restorasieoriëntasie) noodsaaklik is vir suksesvolle aanpassing.

## **2.11 AKKULTURASIE**

Akkulturasie word in Farver, Bhadha & Narang (2002:1) gedefinieer as die mate waarin individue hulle kultuur van oorsprong behou of aangepas het by die groter samelewing. Akkulturasie kan volgens Farver *et al.* (2002:2) meer stresvol wees vir sommige etniese groepe. Oor die algemeen geld dit dat hoe groter die verskil tussen die geboortekultuur en die nuwe kultuur, hoe hoër die stres en hoe meer probleme word ten opsigte van sielkundige funksionering ervaar.

Huidige navorsing van akkulturasiehouidings en sielkundige funksionering suggereer (Farver *et al.* 2002:2) dat integrasie die gunstigste vorm van akkulturasie is. In terme van voorkeur word dit gevolg deur assimiliasie of skeiding, met marginalisering as die ongunstigste vorm.


Aanpassing word in Neto (2002:335) gedefinieer as wissellend tussen goed aangepas tot wanaangepas. Beide is die moontlike langtermynuitkomste van sielkundige akkulturasie. Sielkundige aanpassing verwys na sielkundige welstand of goeie geestesgesondheid en bevrediging in 'n nuwe kulturele konteks, terwyl sosiokulturele aanpassing verwys na die leer van nuwe sosiale vaardighede om in interaksie te wees met die nuwe kultuur, om daaglikse probleme te kan hanteer en om take effektief uit te voer. Alhoewel hierdie twee vorms van aanpassing verwant is, is hulle konseptueel verskillend in dat hulle voorspel word deur verskillende faktore. Sielkundige aanpassing word beter geanaliseer binne 'n stres en hanteringsraamwerk terwyl sosiokulturele aanpassing meer verwant is aan die sosiale-leer-sosiale-kognisie-raamwerk.

Daar is volgens Neto (2002:335) vier moontlike wyses waarop etniese groeplede kan deelneem in 'n kultureel diverse samelewing: assimiliasie, integrasie, skeiding en uitrangering. Hierdie strategieë is verwant aan ander kenmerke van die akkulturasieproses soos opvoeding, sosio-ekonomiese status, vriendskapspatrone en taalgebruik. Onder al vier akkulturasie-opsies is integrering die gunstigste opsie.

Gedurende akkulturasie noem Neto (2002:2) dat individue gekonfronteer word met nuwe lewensstyle. Individue wat verskillende houdings het, raak betrokke in verskillende hoeveelhede van kontak met die gasheersamelewing en verskillende hoeveelhede kulturele onderhouding.

### **2.11.1 Stresteenwerkingfaktore**

Printz, Shermis & Webb (1999:716) het 'n gebrek aan modelle vir stres en die hantering daarvan vir adolessente geïdentifiseer. 'n Kognitiewe gedragsmodel van adolessentstres en die hantering daarvan is deur Shermis & Coleman soos aangehaal in Printz, *et al.* (1999:716), ontwikkel. Dit behels vyf hoofkonsepte: omgewingstressors, omgewingsmoderators, persoonlike faktore, stresuitkomste en gedragsuitkomste.



**Figuur 1. Die Shermis & Coleman (1990) model van adolessentstres en -hantering**

Omgewingsfaktore sluit daaglikse probleme in (byvoorbeeld om betrokke te raak in 'n argument, slegte weer) en komplekse lewensgebeure (byvoorbeeld ouerskeiding, dood van 'n vriend of familielid) met differensiële effekte. Omgewingsmoderators sluit ondersteuning van familielede en portuurgroepe in. Shermis & Coleman (1999:717) meen dat die adolessent se persepsie van ondersteuning die mate is waarin die invloed van stres versag word. Persoonlike faktore kan ook 'n impak hê op affektiewe- en gedragsuitkomst. Vorme van kognitiewe hantering sluit in ouderdom, kognitiewe waardering, selfwaarde en probleemoplossende vaardighede.

Stresuitkomst kan fisiese en sielkundige simptome insluit. Gedragsuitkomst kan beskou word as 'n sekondêre respons tot stres. Dwelmmisbruik, jeugmisdaad en swangerskap word deur Shermis & Coleman (1999:717) gelys as wanaanpassende gedragsresponse tot stres.

Immigrasie word deur Walsh & Horenczyk (2001:501) beskryf as 'n komplekse, multi-stadium aanpassingsproses wat 'n herorganisering van 'n sin van self vereis. Dit kan aanvaar word dat sulke herorganisering verskillende vorms kan aanneem. Nie almal ervaar die verplasing van 'n bekende omgewing na 'n nuwe, vreemde een op dieselfde wyse nie. In die studie uitgevoer deur Walsh & Horenczyk (2001:501) is daar gepoog om verskillende aspekte van verskillende ervarings waardeur immigrante gaan, met spesifieke verwysing na geslagsverskille, te ondersoek.

Die vermoë van die individu om suksesvol 'n nuwe identiteit te ontwikkel, is afhanklik van 'n verskeidenheid veranderlikes. Individuele modereringsveranderlikes sluit volgens Walsh & Horenczyk (2001:17) ouderdom, opvoeding, geslag, status, migreringsmotivering, verwagtings, kulturele afstand en persoonlikheid in. Modereringsfaktore gedurende akkulturasie sluit die tydperk in die nuwe land, die akkulturasie strategieë van die individu (houdings en gedrag), hanteringstrategieë, sosiale ondersteuning en samelewingshoudings in. Groepsvlakveranderinge word ook as relevant beskou. Die samelewing van oorsprong, die politiese, maatskaplike en ekonomiese aspekte van die migrasie, die samelewing waarin gevestig word, die houdings van die nuwe samelewing teenoor die immigrant en die mate van ondersteuning wat hulle bied speel 'n rol in die akkulturasieproses.

### **2.11.2 Sosiale ondersteuning**

Sosiale ondersteuning word deur Lu (1997:618) gekonseptualiseer as die voordelige interpersoonlike transaksies wat mense teen ongunstige effekte van stresvolle gebeure beskerm. Om gehelp te word, is gewoonlik lonend en lei tot positiewe gevoelens teenoor die helper. Daar is omvattende bewyse dat verskeie tipes van sosiale ondersteuning – instrumenteel, emosioneel en sosiaal – voordele vir gesondheid, geestesgesondheid en welstand inhou.

Sosiale ondersteuning is volgens Furnham & Bochner (1986:184) direk verwant aan verhoogde sielkundige welstand en het 'n laer waarskynlikheid van fisiese en geestesiektes tot gevolg. Migrasie beteken gewoonlik dat die familie, vriende en kennisse soos werkskollegas en bure agtergelaat word. Furnham & Bochner (1986:185) stel dat bronne van sosiale ondersteuning gevolglik laer is en dat daar volgens teorie vanuit verskeie velde 'n verhoging in fisiese- en geestesiektes is.

Sosiale ondersteuning word deur Cobb (in Furnham & Bochner, 1986:186) gedefinieer as inligting wat aan 'n persoon voorsien word deur te sê daar vir hom omgee word, hy hoog geag word en 'n lid van 'n kommunikasienetwerk met gemeenskaplike verpligtinge is. Dimensies van sosiale ondersteuning is affektief (emosioneel, selfwaarde), instrumenteel (gedragsbystand) en ondersteuning met behulp van inligting (terugvoer).

Daar bestaan volgens Furnham & Bochner (1986:186) 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe aspek. Sosiale ondersteuning moet gesien word as die beskikbaarheid

van helpende verhoudings en die kwaliteit van daardie verhoudings – beide die struktuur en die inhoud van die fenomeen. Sosiale ondersteuning het 'n struktuur (grootte, opset, herhaling, toeganklikheid en die elemente van interpersoonlike verhoudings), inhoud (watter vorm die hulp aanneem soos emosioneel of finansieel), en 'n proses (die wyse waarop 'n individu ontwikkel, ryp word en ondersteunende netwerke benut).

Waargenome sosiale ondersteuning is volgens Huff (2001:4) die persepsie dat sosiale ondersteuning beskikbaar sal wees as 'n individu wens om toegang daartoe te verkry. Daar bestaan 'n betekenisvolle assosiasie tussen bindingstyl en waargenome sosiale ondersteuning. Individue met sterk bindings ervaar meer sosiale ondersteuning van hulle omgewing en is meer tevrede as individue met swak bindings.

Binne die kultuurskokkonteks vind Furnham & Bochner (1986:187) dat 'n voordeel van die sosiale ondersteuningshiptese is dat dit kulturele en nasionale verskille in die aanpassing tot 'n nuwe kultuur toelaat. Die aantal, struktuur en kohesie van nasionale migrante is ook 'n belangrike faktor in die voorspelling van migrantaanpassing (Furnham & Bochner, 1986:188).

## **2.12 SLOTGEDAGTE**

Adolescente bevind hulself volgens Heaven (1994:29) tussen kinderjare en volwassenheid. Die adolessent moet fisiologiese volwassenheid sowel as die dreigende eise en rolle van die volwasse lewe hanteer. Daarom is adolessente betrokke by hulle eie subkultuur vir aanvanklike identiteitvorming. Die invloed van die verwysingsgroep word belangriker. Soos wat die adolessent die ontwaking van sosio-emosionele, seksuele en fisiese identiteit eksplorieer, speel die verwysingsgroep 'n prominente rol in die voorsiening van aanvaarbare rolmodelle. Grense vir gedrag word in die verwysingsgroep gestel.

Die Suid-Afrikaanse laat-adolessent sal in kontak kom met ander Suid-Afrikaanse laat-adolessente wat ook in die Verenigde Koninkryk op 'n werksvakansie vertoef. Hierdie groep laat-adolessente voorsien dus 'n verwysingsgroep waarin die laat-adolessent sy identiteit kan eksplorieer.

Die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat vir 'n werksvakansie na die Verenigde Koninkryk gaan, sal moontlik kultuurskok ervaar. Om te werk in 'n nuwe kultuur kan volgens Marx (2001:5) 'n verskeidenheid reaksies tot gevolg hê, byvoorbeeld:

- Verwarring.
- Angs.
- Frustrasie.
- Opgewektheid.
- Onvanpaste sosiale gedrag.
- Gevoelens van isolasie.
- Depressie.

Al hierdie reaksies is volgens Marx (2001:5) moontlike reaksies tot kultuurskok wat 'n mens ervaar wanneer hy met die onbekende gekonfronteer word. Oberg (in Marx, 2001:5) lys ses hoofaspekte van kultuurskok:

- Spanning wat veroorsaak word deur die poging om aan te pas.
- 'n Sin van verlies en gevoelens van deprivasie met verwysing na vriende, status, professie en besittings.
- Ervaring van verwerping deur lede van die nuwe kultuur.
- Verwarring in rolle, waardes en selfidentiteit.
- Angs en selfs afkeer/woede ten opsigte van vreemde (*foreign*) praktyke.
- Gevoelens van hulpeloosheid om nie in staat te voel om aan te pas by die nuwe omgewing nie.

Bogenoemde kan deur die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk ervaar word. Dit is volgens Marx (2001:5) 'n mite dat die ervaring van kultuurskok 'n swakheid of 'n negatiewe aanwyser van sukses is. Kultuurskok is normaal en is deel van 'n suksesvolle proses van aanpassing.

Die volgende vers uit 'n gedig deur Rudyard Kipling in Storti (2001:106) getiteld "We and They" som die aanpassing by 'n vreemde kultuur gepas op:

*All good people agree,  
And all good people say,  
All nice people, like us, are We  
And everyone else is They:  
But if you cross over the sea,  
Instead of over the way,  
You may end by (think of it!) looking on We  
As only a sort of They!*

### 2.13 SAMEVATTING

Uit die bespreking van laat-adolessensie as ontwikkelingsfase asook die beleving van kultuurskok word daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

2.12.1 Adolessensie strek tussen die ouderdomme van 12 en 20 jaar.

2.12.2 Daar bestaan verskeie ontwikkelingsteorieë vir laat-adolessensie. Dit sluit biologiese, kulturele, psigoanalitiese, psigososiale en kognitiewe sienings in.

2.12.3 Die laat-adolesent moet ontwikkelingstake in hierdie lewensfase bemeester. Die laat-adolesent moet nuwe verhoudings ontwikkel, 'n manlike of vroulike sosiale rol verkry, sy liggaam aanvaar en effektief kan benut, emosioneel onafhanklik van ouers en ander volwassenes raak, voorberei vir huweliks- en gesinslewe, 'n beroep selekteer, etiese waardes ontwikkel en sosiaal verantwoordelike gedrag bereik.

2.12.3 'n Belangrike ontwikkelingstaak vir die laat-adolesent is voorbereiding vir 'n beroep. Die laat-adolesente het spesifieke idees rondom belangstellings en vermoëns en selekteer gewoonlik beroepe wat ooreenstem met hulle selfwaarde en wêreldsiening.



- 2.12.4 Identiteitsontwikkeling in laat-adolessensie is sentraal tot persoonlikheidsontwikkeling. Die bemeestering van doelwitte en lewensverbintenisse is belangrik vir die ontwikkeling van identiteit.
- 2.12.5 Adolessente konfronteer ouers se verwagtinge in hierdie lewensfase en raak betrokke by nuwe gedrag. Die invloed van die portuurgroep word dus van groter belang.
- 2.12.6 Die individualisasieproses voorsien die laat-adolessent van die bewustheid dat hy in eie reg bestaan en dat daar 'n emosionele afstand tussen hom en sy ouers is. Skeidingsindividualisasie is die kapasiteit om toenemende verantwoordelikheid, wat voorheen aan ander oorgelaat is, te aanvaar. Die laat-adolessent verkry dus 'n meer outonome sin van self.
- 2.12.7 Kultuur karakteriseer oorheersende houdings en gedrag van 'n groep of organisering. Kulturele eienskappe sluit in norme, waardes, aannames, houdings en menings wat kenmerkend van 'n spesifieke groep is.
- 2.12.8 Kultuurskok word ervaar deur mense wat verwarring en onsekerheid beleef wanneer hulle gekonfronteer word met 'n onbekende kultuur. Gevoelens van ongemak word ervaar. Dit kan frustrasie, geïrriteerdheid, depressie, teruggetrokkenheid en lusteloosheid tot gevolg hê.
- 2.12.9 Verskeie wyses van hantering van kultuurskok word in die literatuur geïdentifiseer. Fases van aanpassing word ervaar deur die mense wat oorsee gaan.
- 2.12.10 Akkulturasie is die mate waarin die kultuur van oorsprong behou word of die aanpassing tot die groter samelewing. Vier wyses van aanpassing bestaan naamlik assimilasie, integrasie, skeiding en uitrangering.

## **HOOFSTUK 3**

### **EMPIRIESE ONDERSOEK**

#### **3.1 INLEIDING**

In hoofstuk twee is 'n literatuurstudie gedoen oor die definiëring van adolessensie, die ontwikkelingsstake van hierdie lewensfase, kultuur en kultuurskok, wyses waarop hierdie kultuurskok hanteer word en die ervaring van heimweë.

Die fokus van hierdie studie is om te bepaal hoe die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat op 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is, aanpas met inagneming van die ontwikkelingsstake wat in laat-adolessensie voltooi moet word.

Vir die doel van die studie is empiriese data ingewin deur semi-gestruktureerde onderhoude met Suid-Afrikaanse laat-adolesente te voer. Die respondente is deur middel van toevallige steekproeftrekking geselekteer waarvoor die kriteria deur die navorser self bepaal is.

Vervolgens word die navorsingsproses wat tydens die ondersoek gevolg is, kortliks bespreek.

#### **3.2 NAVORSINGSPROSES**

##### **3.2.1 Analisering van die probleem en beplanning van die projek**

Data-analise in kwalitatiewe navorsing begin volgens Poggenpoel (2000:334) met data-insameling. Analise is 'n redeneringstrategie met die doel om 'n komplekse geheel in sy dele op te los (Poggenpoel, 2000:336). Die konstante veranderlikes van faktore wat relevant is vir die verstaan van die fenomeen of gebeurtenis word by wyse van analise geïsoleer.

In hierdie studie word die tendens waar laat-adolesente direk na afloop van matriek Suid-Afrika verlaat om in die Verenigde Koninkryk te woon en werk, as probleem

geanaliseer. Die navorser isoleer die faktore wat die aanpassing van die laat-adolesent se verblyf in die Verenigde Koninkryk beskryf.

Twee hoofaspekte word in hierdie studie in ag geneem. Eerstens is daar die fase van laat-adolessensie waarin die laat-adolesent sekere ontwikkelingstake moet voltooi. Tweedens is daar die aanpassing van die laat-adolesent tydens sy werksvakansie in die Verenigde Koninkryk.

Tydens laat-adolessensie is identiteitsontwikkeling sentraal tot persoonlikheidsontwikkeling soos wat dit in volwassenheid uitspeel (Newman & Newman, 1995:470). Newman & Newman (1995:29) voer aan dat roleksperimentering implisiet is in identiteitsvorming.

Suksesvolle aanpassing in 'n vreemde kultuur behels die onderhouding van die laat-adolesente se Suid-Afrikaanse kultuur en kontakdeelname met die gasheersamelewing (Vgl. Berry, 2000:7).

Die uniekheid van die bogenoemde twee prosesse word gekombineer wanneer die laat-adolesent 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk onderneem. Daar bestaan 'n leemte in navorsing met betrekking tot die ervaring van laat-adolesente wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk.

Die navorser se persoonlike ervaring van aanpassing in die Verenigde Koninkryk het as motivering vir die studie gedien. Die navorser se ontwikkelingstake verskil van dié van die laat-adolesent. Aanpassing was vir die navorser 'n uitdaging. Aangesien die laat-adolesente in 'n vroeër ontwikkelingsfase in vergelyking met die navorser is, het dit tot die behoefte aan 'n ondersoek oor die laat-adolesent se aanpassing gelei.

Die doel en die doelwitte vir die studie is om te bepaal wat die aard van die aanpassing van die laat-adolesent tydens 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is.

Tydens hierdie studie is van 'n kwalitatiewe benadering gebruik gemaak. Toegepaste navorsing is gebruik aangesien die aard daarvan relevant tot mense se lewens is (de Vos, 2001:80).

### **3.2.2 Insameling van data en sintese**

‘n Literatuurstudie is oor die onderwerp gedoen. Inligting met betrekking tot laat-adolessensie asook aanpassing binne ‘n kulturele konteks is ingesamel. Daar bestaan genoegsame inligting rondom laat-adolessensie aangesien dit oor dekades heen deur verskeie dissiplines binne die geesteswetenskappe nagevors is. Die navorser het inligting oor ‘n gapingsjaar vanuit literatuur in die Verenigde Koninkryk verkry.

### **3.2.3 Ontwerp**

Verkennde navorsing word deur Dane (1990:5) beskryf as ‘n poging om te bepaal of ‘n verskynsel bestaan. Navorsers "ontdek" nie ‘n verskynsel nie maar eksploreer nuwe aspekte daarvan. Die navorser "ontdek" nie die verskynsel van laat-adolessente wat op ‘n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is nie, maar eksploreer wyses waarop die laat-adolessente aanpas by hierdie ervaring. Die aanpassing moet op so ‘n wyse beskryf word dat die ontwikkeling van programme daarop geskoei kan word.

Die strategie waarvan gebruik gemaak is, is fenomenologie. Die studie is gedoen ten opsigte van laat-adolessente wat tans op ‘n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is. Die data-insamelingsmetode wat benut is, is semi-gestruktureerde onderhoude. Die onderhoude is individueel uitgevoer. Die navorser het die vraelyste saamgestel met inagneming van die inligting soos voorsien deur die literatuurstudie. Vrae is ook saamgestel vanuit die leemtes wat tans in die literatuur omtrent die laat-adolessente se aanpassing in die Verenigde Koninkryk bestaan.

Weens die kwalitatiewe aard van die studie, is daar van doelbewuste steekproeftrekking gebruik gemaak aangesien dit die navorser toegelaat het om individue op te soek waar die prosesse wat bestudeer word mees waarskynlik sal voorkom (Denzin & Lincoln, 2000:104). Die navorser het respondente vanuit die gemeente Sentraal-Londen geselekteer. Dit het nie genoegsame respondente voorsien nie, dus is daar ook van toevallige steekproeftrekking gebruik gemaak wat in Strydom & de Vos (2001:198) beskryf word as ‘n steekproef wat bestaan uit mense wat die navorser se pad kruis en iets te doen het met die fenomeen. Die benutting van toevallige steekproeftrekking was te wyte aan die feit dat ‘n versadigingspunt met betrekking tot die insameling van die gegewens nog nie bereik is nie.

### 3.2.4 Data-analise

Data in kwalitatiewe analise neem volgens de Vos (2001:335) gewoonlik die vorm aan van tekstuele narratiewe (getranskribeerde onderhoude), geskrewe beskrywings van waarnemings (veldnotas) en refleksies (idees en veronderstellings aangeteken in die navorser se dagboek).

In hierdie studie is hoof- en subtemas vanuit die getranskribeerde onderhoude geïdentifiseer. Die navorser het ook inligting bekom vanuit die biografiese vraelyste soos deur elke respondent voltooi.

### 3.3 BIOGRAFIESE GEGEWENS

Biografiese gegewens is na afloop van elke onderhoud ingewin. Die data wat vanuit hierdie vraelyste ingewin is, word vervolgens bespreek.

➤ **Ouderdom van respondente**

Twee respondente was 18 en agt respondente was 19.

➤ **Geslag**

6 respondente was manlik en 4 vroulik.

➤ **Tydperk van verblyf in die Verenigde Koninkryk ten tye van die onderhoud**

TYDPERK	AANTAL RESPONDENTE
Vier maande	1
Vyf maande	2
Ses maande	1
Sewe maande	2
Agt maande	2
Nege maande	2
<b>TOTAAL</b>	<b>10</b>

Tabel 2: Tydperk van verblyf

➤ **Werk**

Al 10 respondente werk.

➤ **Tipe werk**

<b>AARD VAN WERK</b>	<b>AANTAL RESPONDENTE</b>
<b>Bou meubels</b>	<b>2</b>
<b>Ontvangsdame</b>	<b>1</b>
<b>Sekuriteitsbeampte</b>	<b>4</b>
<b>Kelnerin</b>	<b>1</b>
<b>Belastingadministrateur</b>	<b>1</b>
<b>Deli assistent/"commi" sjef</b>	<b>1</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>10</b>

**Tabel 3: Tipe werk**

➤ **Hoeveelheid kontak met familie en vriende in Suid-Afrika**

<b>HOEVEELHEID KONTAK</b>	<b>AANTAL RESPONSE</b>
<b>Daaglik</b>	<b>Geen</b>
<b>Weeklik</b>	<b>10</b>
<b>Tweeweeklik</b>	<b>1</b>
<b>Maandelik</b>	<b>1</b>
<b>Glad nie</b>	<b>Geen</b>
<b>TOTAAL</b>	<b>12</b>


**Tabel 4: Hoeveelheid kontak met familie/vriende in Suid-Afrika**

Die tweeweeklikse asook maandelikse kontak verteenwoordig kontak met spesifieke vriende/familielede.

➤ **Woon saam met Suid-Afrikaners**

Al 10 respondente woon saam met ander Suid-Afrikaners.

➤ **Woonopset**



**Figuur 2: Woonopset**

**3.4 EMPIRIESE GEGEWENS**

Tydens die semi-gestruktureerde onderhoudvoering met die Suid-Afrikaanse laat-adolescente is verskeie hoof- en subtemas vanuit die response op die vooropgestelde vrae geïdentifiseer.

Die navorser gee vervolgens die vrae soos dit gedurende die onderhoud gestel is asook die response wat van die respondente ingewin is. Die response is direk vanuit die transkripsies aangehaal. Die betekenis wat vanuit die data verkry word, word volgens de Vos (2001:341) bereik deur die reël-by-reël analise van 'n onderhoudstranskripsie van 'n respondente.

Vervolgens word die empiriese gegewens en navorsingsbevindings weergegee soos verkry vanuit die getranskribeerde onderhoud.

### 3.4.1 Vraag 1

*Wat was vir jou die heel ergste toe jy in die Verenigde Koninkryk aangekom het?*

#### 3.4.1.1 Verbale response van respondente

##### Onderhoud 1:

- Die scenario. Jy hoor hierdie mooi prentjies by die huis. Klim jy uit die vliegtuig uit dan dink jy maar hierdie plek lyk soos Soweto. Dit was vir my nog die lelikste plek wat ek nog gesien het.
- ..en hierdie weer. Toe ons geland het was dit so bewolk en dis koud, nee dit was nie oulik nie.
- Die mense is baie onvriendelik.

##### Onderhoud 2:

- Ek het nie fisies Engelse vriende geken nie en dit het vir my 'n bietjie vreemd gevoel.
- Toe ek die eerste keer hier aankom toe ervaar ek dit bietjie...ek weet nie, mense is nie soos Suid-Afrik...jy voel bietjie vreemd.
- Dit voel nie soos jou gemaklike plek nie so dit was vir my bietjie ongemaklik.

##### Onderhoud 3:

- Die koue. Ek het hier aangekom op die 22ste Desember in die middel van die winter op die koudste dag – want hulle het gesê dit was die koudste dag en ons het nie heeltemal voorbereid hier aangekom nie.
- Toe ons hier aankom, toe weet ons nie waar om die ou in die hande te kry wat ons die huis se sleutels moet gee nie. So ons het seker, ag ek weet nie, 10, 12 ure buite rondgewandel in die koue voor ons uiteindelik by die huis aangekom het.
- Die snaakse lewensstyl, jy lewe soos 'n robot in die plek, jy staan op, jy maak kos, jy eet, jy het nie tyd vir niks nie, jy het nie tyd vir jouself nie.

##### Onderhoud 4:

- Seker maar travel. Jy weet nie waarna toe om te gaan nie. Jy ken nog nie die tube sisteem nie. Jy klim op verkeerde busse, daai tipe ding.



- Werk soek. In die begin was (dit) bietjie erg maar ja...sal seker maar daar deur kom.
- ...en dan net om te survive met die hoeveelheid geld wat jy seker maar hier aanbring.

**Onderhoud 5:**

- Ek dink die heel ergste was toe ek by die terminaal ingestap het, daar by die airport. Toe het ek nie eens geweet waar moet ek gaan nie.
- Ek dink die ergste was om werk te soek so gou as moontlik. Jy het maar nou net soveel geld saamgebring en jy kan nie te veel depend op jou familie of whatever nie, jy weet. Jy moet jou eie voete vind so gou as moontlik.
- Dis meestal ook omdat dit maar vreemde omgewing veral, as jy weet nie waar om te gaan nie. Die eerste week...ek wil nie eers uitgaan nie want jy weet nie waar jy is nie. Dis 'n scary gevoel wat jy kry.

**Onderhoud 6:**

- Ek dink dit is om alleen te wees. Die dag toe ek hier aankom het ek niemand geken nie. So ek was op my eie gewees daarso, sonder enige vriende wat ek gehad het of enige iets soos dit.
- Ek meen jy is heavy ver weg van die huis af so dis nie asof jy net kan bel en sê ek gaan nou huis toe kom nie. Dis soos, jy kan nie net in 'n kar klim en huis toe ry nie, jy weet, dis nie so nie.
- Dit was heavy erg om te besef jy is nou hierso en jy moet nou die beste maak daarvan. Jy kan nie nou net huis toe gaan nie.

**Onderhoud 7:**

- Dit het eintlik heel snaaks begin die eerste oggend, toe het ek en my vriend geland. Die ander vriend moes ons opgetel het by die lughawe. En toe het ons daar aangekom en hy was toe nie daar nie toe bel ons hom en ons kry hom nie in die hande op sy selfoon nie. Toe het hy aan die slaap geraak op die tube. Toe ons hom op die ou einde in die hande kry toe is hy nog by die verkeerde lughawe, op Gatwick.
- Dit was vir my 'n hele nuwe wêreld wat oopgaan vir jou as jy hier aankom en jy raak eintlik wakker en sien wat buite jou klein wêreldjie wat by die huis is aangaan. Jy sien wat in die groot wêreld aangaan.

**Onderhoud 8:**

- Ek het vir so 6, 7 ure op die tonnelstasie gesit en wag vir my vriend. Hy het nie opgedaag om my te kom haal nie.
- Die werk soek want almal het gesê dis maklik om werk te kry maar dit was nie so maklik nie want jy kyk in die TNT (tydskrif) en daar is toe nog so 'n paar honderd duisend Suid-Afrikaners wat ook daarin kyk so dis nie so maklik om daai werk te kry nie. Ek het vir 'n maand sonder werk gesit.

**Onderhoud 9:**

- Die koue. Ek het in Februarie hier aangekom en dit was nogals koud.
- Die mense is regtig onbeskof. Ongeskikte mense.
- Dat jy die leefstyl van Suid-Afrika mis. Dis vir jou iets anderste om 'n nuwe leefstyl te hê in Londen, in Engeland, maar jy mis nog steeds jou huis in Suid-Afrika. Ons het 'n ander kultuur as die mense in Engeland so jy mis nog steeds jou Suid-Afrikaanse leefstyl.

**Onderhoud 10:**

- Ek het alleen hier aangekom. Om alleen te wees, hier alles alleen ervaar en jy het niemand om voor te sê "wow kyk daai mooi gebou" nie. Jy is alleen. As ek dit weer moet doen, bring ek iemand saam.
- Die kinders wat 16 is en babatjies het.
- Die onvriendelike mense.
- Almal se morele waardes. Daar is nie so iets nie.
- Hoe die ouers hulle kinders hanteer. Hulle hanteer hulle soos grootmense.

**3.4.1.2 Hoofemas vanuit vraag 1**

- Die respondente het geen oriëntasie gehad toe hulle aangeland het nie; die weer was sleg; die mense was onvriendelik en hulle het nie dadelik werk gekry nie.

**3.4.1.3 Subtemas vanuit vraag 1**

- Hoe Engeland lyk in teenstelling met verwagtinge.
- Die gevoel van vreemdheid.

- Gevoelens van ongemak.
- Vreemdheid van die vervoerstelsel.
- Om ver van die huis af te wees.
- Die besef dat daar geen keuse is as om die beste van hierdie ervaring te maak nie.
- Die waarneming van die gebrek aan morele waardes in die vreemde land.

Volgens Storti (2000:13) is een van die eerste dinge wat 'n persoon in 'n nuwe land moet leer hoe om sy/haar weg te vind. Niks in die omgewing word herken nie en dit neem langer om van een plek na 'n ander te gaan omdat die persoon nie presies weet waar hy is nie. Storti (2000:14) noem dat dit vir ongeveer die eerste twee tot drie weke ervaar word. Dit sluit aan by die ervarings van die respondente in die onderhoude.

Bogenoemde response sluit aan by Storti (2000:2) waar hy ses elemente lys wat aanpassing vereis sodra 'n persoon in 'n nuwe land aankom. Die respondente het by vyf van hierdie elemente aangesluit (die tweede element word onder vraag 6 bespreek). Die eerste element was die klimaat: die respondente het na die koue verwys. Die derde element is 'n gebrek aan roetine: die respondente het 'n gebrek aan oriëntasie beleef. Een van die respondente het na roetine verwys en genoem dat die aanpassing by 'n nuwe roetine as onaangenaam ervaar word.

'n Vierde element is onbekende gesigte: die respondente noem dat hulle alleen gevoel en ongemak beleef het. Gevoelens van ongemak is volgens Humber (2001:229) 'n resultaat van die reisiger se gebrek aan kennis oor wat die gepaste gedrag vir 'n situasie is. Die reisiger verloor dus beheer oor die situasie en dit lei op sy beurt tot ongemak.

'n Vyfde element is die praktiese aanpassing by 'n nuwe gemeenskap: die respondente moes aanpas by die vervoerstelsel. 'n Sesde element is om 'n nuwe werk te vind: respondente het werksoek as 'n inisiële probleem gelys. Storti (2001:2) noem dat addisionele spanning ervaar word wanneer 'n persoon aanvanklik onsuksesvol is in 'n soeke na werk.

### 3.4.2 Vraag 2

*Wat was die heel lekkerste toe jy in die Verenigde Koninkryk aangekom het?*

#### 3.4.2.1 Verbale response van respondente

##### Onderhoud 1:

- Die heel lekkerste was dat daar twee meisiekinders was wat saam met ons gekom het en hulle het notas gemaak op die lughawe, want toe ons hier land, ek en my pêl, toe het ons nie 'n clue waarna toe nie toe sê ons vir die girls: "luister, ons dra tasse, julle kry ons by die plek".
- Wat nou vir my lekker is, is ek het 'n werk wat ek gesettle is.
- Ek het beter verblyf gekry en ek meen toe is ek in 'n nader zone toe is my vervoer ook beter.

##### Onderhoud 2:

- Die lekkerste was om weer saam met my familie hier te wees. Hulle is 6 maande voor my hier.
- Hierdie Desember het ons sneeu gekry. Ek het in my lewe nog nie sneeu gesien nie.
- Ek het nou al soveel ander mense deur my werk ontmoet van klomp verskillende lande, so ek het nou al soveel blootstelling gekry met al die verskillende Chinese en met mense van waar ook al. Ek het nou al mense van Brazil ontmoet, mense van Mexico en, dit is nice. So ek leer meer van hulle kultuur.

##### Onderhoud 3:

- Wel dis die stad self. Kyk ek is nou nie gewoond aan so 'n plek nie so toe ons daar in Piccadilly uitkom en hierdie...massive stad dophou en al die mense en hoe dinge hier is...ag, dit was lovely.
- Alles voel goedkoop as jy nou hier begin geld maak. Ek like dit ook so 'n mens wil net als koop en tekere gaan en alles, so, dit geniet ek.
- Dis lekker om vir jouself te sorg. Dis vir my lekker om hééltemal, heeltemal onafhanklik nou te wees. Ek geniet dit.

**Onderhoud 4:**

- Seker maar net om hier op jou eie te wees, dis maar weg van alles daarso. Jy is weg van jou ma-hulle af, jy het meer vriende hierso, jy doen wat jy wil, jy is jou eie baas. As jy wil dit doen, dan doen jy dit.
- As jy dit wil hê dan koop jy dit vir jou, dis jou geld. Jy is jou eie baas. Geld is heel lekker. Jy kan vir jou koop wat jy wil hê.
- Travelling, jy kan heavy baie travel hier. Travel is goedkoop. Die tipe geld wat jy hier verdien kan jy baie travel.

**Onderhoud 5:**

- Die feit dat ek actually hier was, ek het dit gemaak hiernatoe. Ek het nou al lank gewag daarvoor. So dit was vir my semi so 'n dream come true as ek dit nou maar so mag stel.
- Om my nefie-hulle hier te sien. Ek het hulle nou in 'n lang tyd nie gesien nie, so dit was ook baie spesiaal vir my gewees.
- Om al hierdie nuwe mense te ontmoet. Jy sien soveel tipe van mense hierso van Frankryk, maak nie saak waar ever nie maar net om hulle te hoor. Dis vir my brilliant. Londen dink ek is die plek waar alle nationalities omtrent bymekaar is. Ek het nog nooit so iets gesien nie.
- Om plekke te sien wat jy nog nooit van...jy het dit al van gehoor maar jy hoor net altyd op die TV of jy lees net daarvan. Om actually soontoe te gaan en dit te sien, dis soos brilliant!
- Ek kry vreeslik baie experience in wat ek wil doen op dié stadium. Ek wil gaan studeer as 'n sjef so die experience wat ek hier opdoen werksgewys vir my toekoms is vir my soos brilliant. Ek is baie dankbaar daarvoor.

**Onderhoud 6:**

- Ek love die feit dat alles so bekostigbaar is hierso. Jy kan heavy nice goedkoop vir jouself en jy kan dit bekostig. Ek meen as ek dink hoe lank 'n mens moet spaar by die huis net om nice goeters te koop, dit was vir my terrible.
- Die leefstyl van die mense hier is nogal cool. Ek meen die aandlewe wat hulle het hierso, die cool clubs, nice pubs, dit alles maak 'n nice bydrae om 'n nice experience te maak.
- Ek dink omdat al die Suid-Afrikaners so ver weg is van die huis af dan kry jy maar hierdie pubs waarheen net Suid-Afrikaners toe gaan. En dan ken jy nie die mense daar nie maar dis so 'n cool vibe nog steeds want almal is Suid-

Afrikaners en almal weet dit. En ons almal is so ver weg van die huis af. Almal is maar nou net vriende en jy kry so 'n goeie vibe op so 'n plek. Dis heavy cool.

**Onderhoud 7:**

- Toe ek hier aangekom het, sal ek nie sê ek het so 'n lekker tyd gehad nie. Ek het eers op 'n plaas gaan werk in Manchester. Wat vir my lekker was van Londen self – ek is nou drie maande in Londen - wat vir my lekker was van Londen self naweke, jy sien baie Suid-Afrikaners en dis meer soos 'n ...jy verlang baie na jou familie by die huis maar soos in die huis waarin jy bly, dit raak jou nuwe familie.
- Wat ook 'n lekker hoogtepunt was hier om die rugby te gaan kyk by Zulus (Suid-Afrikaanse kuierplek in Londen). Daar was seker maklik, want dis op die boonste dansvloer en daar kan seker maklik meer as 'n duisend mense ingaan en hulle almal het geskree en Die Stem gesing.

**Onderhoud 8:**

- Seker maar om nuwe plekke te sien. Soos die tube stasies en goed wat jy nie ken nie want in Suid-Afrika ken mens...is nie gewoond aan dit nie.
- Die ou geboue en die, dis heeltemal anders man. Ek hou van iets anders wat nie is soos Suid-Afrika nie.
- Dis lekker om buite Londen ook te kom want dit raak later, mens word so vasgevang in Londen. Jy voel so bedruk en goed en as jy wegkom dan voel dit so lekker. As jy weer terugkom dan voel jy ag al weer, hier kom dit weer.
- Ek geniet nou my werk. Ek het 'n lekker werk uiteindelik gekry.

**Onderhoud 9:**

- Die idee dat jy op jou eie is, dat jy op jou eie lewe. Jy maak jou eie besluite. Jy is 'n volwasse mens. Jy vra nie jou ma en pa vir alles of ek hierna toe kan gaan of...jy is op jou eie en as jy aanjaag, is dit jou probleem. As jy nie kan betaal aan die einde van die maand nie, iets so, dit heeltemal hang van jouself af. Jou pa kan jou nie meer help nie, niemand kan jou help nie. Dis wat vir my lekker is.
- Die scene van Londen. Die hele nice plek, jy weet, bekende plek in die wêreld. Hierso is die, as jy hier was, dit het jy al op TV gesien en al sulke tipe goed.

**Onderhoud 10:**

- Ek kon net myself gewees het. Ek kon van voor af begin want niemand ken my nie, niemand weet hoe ek was nie, niemand weet hoe ek wil wees nie.
- Alles is net so betyds. Als is op datum. Jy is nooit agter nie. Jy is einlik te agter vir die moderne tegnologie nou.
- Jy kan doen wat jy wil. Jy kan in die straat loop en rook. Jy kan dronk by die huis aankom en niemand weet nie. Niemand gee om nie want almal doen dit en daar is altyd iemand wat erger is as jy.

**3.4.2.2 Hooftemas vanuit vraag 2**

- 'n Sentrale tema was die ervaring van selfstandigheid waar die laat-adolescent outonome besluite neem en self verantwoordelikheid moet aanvaar vir die vervulling van behoeftes.
- Die verkryging van werk wat aan die laat-adolescent 'n gevoel van gevestigtheid verleen. Dit dra ook by tot 'n verhoging in werkservaring.
- Die bekostigbaarheid van items wat in die laat-adolescent se behoeftes voorsien asook die geld wat verdien word wat hulle in staat stel om aan hierdie behoeftes te voldoen.
- Die kohesie wat die Suid-Afrikaanse laat-adolescent met mede-Suid-Afrikaners beleef.
- Die vreugde wat ervaar word om familieleden te sien.
- Blootstelling aan ander kulture.
- Londen self – om plekke te sien en te ervaar wat voorheen op televisie gesien is. Die ervaring rondom Londen: die ou geboue en die tegnologie.

**3.4.2.3 Subtemas vanuit vraag 2**

- Beter verblyf.
- Om sneeu te ervaar.
- Die vermoë om te kan toer.
- Die vervulling van 'n droom om hier te wees.

Die navorser huldig die mening dat die positiewe ervarings met verwysing na die verhoging in selfstandigheid direk verband hou met die ontwikkelingsfase van die laat-adolesent. In laat-adolessensie is een van die primêre ontwikkelingstake die bemeestering van selfstandigheid (Heaven, 1994:4). In die konteks van die Verenigde Koninkryk is die laat-adolesent sonder ouers wat besluite vir die laat-adolesente kan neem. Dit laat dus meer ruimte vir die ontwikkeling van onafhanklikheid.

Oberg (2001:8) noem die eerste fase van aanpassing in 'n nuwe land die wittebroodfase waar alle ervarings in die nuwe plek gesien word as opwindend, positief en stimulerend. Die respondente het Londen as 'n opwindende plek beskryf. Die navorser vind vanuit die resultate dat dit aansluit by Oberg se wittebroodfase aangesien die respondente ook noem dat hulle nou gewoond is aan Londen en nie meer die euforie beleef wat hulle aanvanklik beleef het nie.

### **3.4.3 Vraag 3**

***Watter verskille het jy tussen die Suid-Afrikaanse kultuur en die Britse kultuur raakgesien?***

#### **3.4.3.1 Verbale response van respondente**

##### **Onderhoud 1:**

- Hierdie mense het nie 'n kultuur nie. By ons weet jy min of meer as jy mense sien hoe hulle optree, okay, dis min of meer 'n stadsmens, daai is min of meer dis nog die ou boerevolk, dit is nou die nuwe Suid-Afrika mense. Toe ek hier kom toe is almal so...dis asof hulle, elkeen lees sy koerant en hulle het, dis asof hulle gesels nie juis oor iets nie en hulle het geensins 'n behoefte aan Kersfees nie. Ek het gedink hulle het geen kultuur nie want nee dit gaan oor drink.
- Hulle het nie vaste ding en sê 'n doelwit in die lewe kan jy maar sê nie, net behalwe om ryk te word. Dis al. Dit is, vir hulle gaan die lewe om geld en jy moet maar vertrap word of jy moet maar agterbly of wat en dis dit.
- Hulle kan nie bestuur nie.



### Onderhoud 2:

- Hulle verstaan nie eintlik van bring-en-braai en sulke tipe goeters nie. Hierso half verwag almal om, as jy gasvrou speel dan moet jy provide en hulle is glad nie gemaklik om hulle eie bier te bring, hulle eie bier te drink of sulke tipe goed nie, waar ons Suid-Afrikaners dink ek, is baie meer gemaklik so.
- Hulle is baie vriendelik as jy eerste 'n gesprek met hulle aanknoop. Hulle is nie mense wat sommer eerste met jou praat nie en ek dink Suid-Afrikaners sal nog op 'n lugskou en so iemand sien, sommer met iemand gaan praat wat by 'n vliegtuig staan "hoor hier, stel jy ook belang in hierdie vliegtuig?" en sulke tipe goeters waar hierso in die UK is dit eintlik nie so nie. Die Suid-Afrikaners, of ek voel ons praat gewoonlik eerste en dan is hulle baie los, dan praat hulle maklik.
- Die vervoer is baie goed hierso.
- Die honde hierso is verskriklik geboks. Hulle fight nie en hulle blaf nie vir mekaar nie. Hulle speel net met hulle baas en loop net reguit in die paadjies in. Ons het Suid-Afrikaanse honde wat toegehok is en blaf vir elke mens wat verby stap. Vir sekuriteit.

### Onderhoud 3:

- Wel, as ek na mense kyk sal ek sê Britse mense is ongeskik. Die Britse mense dis, dis net vir my weird om die mense gee nie om wat hulle doen nie, hulle gee nie om wat ander mense dink nie, hulle gee nie om...hulle doen wat hulle wil.
- Hulle huisuitleg.
- Hoe hulle stop in die pad, hoe hulle parkeer op 'n manier.
- In Suid-Afrika is daar lekker spasie, jy weet, en daar is plek vir alles. Hierso is, daar is nie plek vir niks nie.

### Onderhoud 4:

- Ek weet nie, ek is nie so baie keen op Suid-Afrikaners hier nie. Dis maar meerderheid mense dink ek wat oorkom...half meer die tipe wash-out mense wat nie lekker weet wat in hulle lewe aangaan nie en dan maar, meerderheid wat dan maar....wegkom van die huis af, hier kom maak, al sy geld wat hy maak kom drink hy maar uit en so aan.
- Mense (Suid-Afrikaners) wat altyd sal skree op die busse, hard praat, hier sal altyd die Engelse mense sien stap, lees sy koerant, niemand smile nie. Jy

kan dadelik sien as iemand inklim dan kan jy sien ja maar dis Suid-Afrikaners. Jy kan net sien aan hoe hulle aantrek, hoe hulle lyk, hoe hulle praat. Engelse mense sal maar altyd net loop en nie...hulle lyk mos maar soos robotte.

**Onderhoud 5:**

- Die huise verskil. Ek meen almal leef so (hou hande met oop palms na aanmekaar) maar ek meen hulle pas aan met hierdie goeters jy weet. Die huise is verskriklik oud. Dis glad nie so modern soos by die huis nie.
- Baie van ons mense is meer plat op die aarde. Ons maak nie soveel issues van dinge (laggie) soos wat die mense hierso maak van klein, klein goeters nie.
- Iets basies soos toiletpapier. Hier begin dit in two ply jy weet. Daar by die huis het jy, jy hoop maar vir 'n semi one ply.
- Vleis is te duur. Ek koop nie regtig soos vir my lekker rump steak en so aan wat jy by die huis sou gekry het nie of hulle wors suck. Hulle het net pork en ek like nie pork nie so ek mis my boerewors verskriklik baie.

**Onderhoud 6:**

- 'n Suid-Afrikaanse familie is baie closer as wat die families hierso is.
- Die feit dat die government so vir baie goeters betaal soos as jy pregnant word en dan betaal hulle so baie geld vir jou. Jy hoef nie te werk nie. Hulle kry vir jou 'n huis om in te bly. Jy kry elke maand geld van hulle af. Jy kry dit nie in Suid-Afrika nie.
- Die jong kinders hierso, joe, hulle word so vinnig oud. Hulle kom nie voor as jong 11, 12 jarige kinders nie, waar die kinders by die huis nog kinders is.

**Onderhoud 7:**

- Almal sê hulle (Britte) het 'n droë sin van humor maar ek vind hulle sin van humor op 'n ander manier baie snaaks. Hulle haal een ou uit en dan lag hulle almal vir hom. Ons lag almal saam vir...in 'n groep as...maar hulle lag vir een mens want daar is...hulle, soos hulle in Engels sê hulle rip mekaar baie af.

**Onderhoud 8:**

- Dis seker omdat ons braai. Hulle verstaan dit glad nie.
- Hulle is baie meer mense wat by die huis bly.

- Hulle is nie eintlik mense wat soos ons loop, ons loop kaalvoet kafee toe en dan sal hulle ons aftrek en vir ons vra waar is ons skoene.
- Hulle het 'n baie ander manier van hoe hulle groot geword het. Hulle het nie respek vir hulle ouers nie.

**Onderhoud 9:**

- Kos, dis die eerste groot verskil, obviously die manier hoe hulle dit doen en die ander tipe kos wat hulle eet.
- Ek sou sê 'n Engelse kind met dieselfde ouderdom as ek is baie meer lui en wil niks doen nie en hulle verwag dat alles net moet na hom toe kom.
- Hulle is glad nie buite-geörienteerd nie. Hulle wil net binne sit, TV kyk waar ons sal weer gaan bal speel of iets buitekant. Hulle is 'n bietjie baie meer daaroor, binne die huis.
- Hulle is glad nie hardwerkend nie.
- Daar is 'n verskil in hulle kulture ook. Van die plaas af Londen toe, die mense hierso, hulle dink hulle is nou meer sophisticated in Londen as op die plase.

**Onderhoud 10:**

- Daar was 'n Engelse ou wat kom kuier het en hy staan toe by die deur en hy is soos uhm, gaan jy omgee as ek my skoene uittrek....en toe trek hy sy skoene uit en hy sit dit so voor die deur en hy loop toe in. En op die ou end praat ek met 'n ander Engelse meisie...en toe sê sy vir my as 'n ou se ouers hom so goed opgevoed het, as hy verskriklik goed opgevoed is, sal hy by jou deur vir jou vra of hy sy skoene kan uittrek want hy wil nie jou mat vuil trap nie.
- Die meisies wat 16 is en almal kinders kry en in Suid-Afrika, as jy op skool swanger is, sal almal jou skeef aankyk want jy sal die outcast wees.
- Die gróót mense wat soos, almal in die club sit.
- Hoe ongelooflik lui die mense is.
- Verskriklik onvriendelike mense. Hulle is onpersoonlik.
- Gaan jy na 'n pub toe, almal staan daar en drink. Almal staan net daar en hulle sal musiek speel maar niemand sal dans nie. Suid-Afrikaners kliek so lekker. Almal dans net en kuier net en, nie soos die Engelse, hulle is almal so styf, weet, soos die een se image tel meer as die ander een.

- Die meisies wat so los is. Hierdie ouens wat niks respek vir die meisies nie as gevolg van die meisies wat so los is.
- Dit irriteer my ook verskriklik om op die tube te sit en te sien almal kyk net so in hulle koerant.

#### **3.4.3.2 Hooftemas vanuit vraag 3**

- Britte braai nie; bestuur verskillend; is ongeskik en onvriendelik; is lui.
- Huise in die Verenigde Koninkryk verskil van die huise in Suid-Afrika.
- Aksies van die Britte, onder meer koerant lees, maak hulle verskillend van Suid-Afrikaners wat as meer luidrugtig beskryf word. Dit geld vir alledaagse sowel as sosiale funksionering.
- Die staat verleen finansiële ondersteuning aan swanger tieners.
- Britte spandeer meer tyd binneshuis terwyl Suid-Afrikaners meer geneig is om buite te wees.
- 'n Onderskeid word getref tussen die gesinswaardes van Suid-Afrikaners en Britte.

#### **3.4.3.3 Subtemas vanuit vraag 3**

- Suid-Afrikaners is beskryf as plat op die aarde, hulle het minder pretensies en sal byvoorbeeld kaalvoet loop.
- Weerspieëlings van 'n Eerstewêreldland word uitgelig, onder meer 'n beter vervoerstelsel, toiletpapier en die prys van items, byvoorbeeld duur vleis.
- Daar word 'n onderskeid getref tussen die morele waardes van Britte en Suid-Afrikaners.

Kulturele verskille word volgens Marx (2001:43) prakties gesproke in elke alledaagse aktiwiteit gevind en sluit die volgende in: groet, die kuns van geselsies aanknoop of om gesprekke te voer, klere, tafelmaniere, etenstye en tipe voedsel. Die respondente het hierby aangesluit. Die navorser vind dat respondente nie net in hulle response op vraag 2 nie, maar ook in hulle response op die ander vrae verskille gemeld het.

Die respondente het waardeverskille tussen Suid-Afrikaners en Britte beskryf. Furnham & Bochner (1986:196) voer aan dat drie veranderlikes by waardeverskille in ag geneem moet word: die kwaliteit en kwantiteit in verskille van ooglopende

waardes tussen die gasheer- migrantsamelewings, die toleransie van verskillende kulturele waardesisteme binne dieselfde samelewing en individuele kognitiewe kompleksiteit, vermoë en motivering om hulle kulturele waardesisteme te verander.

Die navorser vind dat daar in terme van kwaliteit in verskillende diep gewortelde kulturele verskille deur die respondente waargeneem is. Hierdie vraag het die meeste response ingewin en 'n redelike hoeveelheid (dus kwantiteit) verskille tot gevolg gehad het. Geen respondente het die motivering gemeld om hulle kulturele waardesisteme te verander nie.

#### **3.4.4 Vraag 4**

***Watter probleme ervaar jy in die aanpassing by die nuwe omgewing?***

##### **3.4.4.1 Verbale response van respondente**

###### **Onderhoud 1:**

- Toe jy hoor die kinders gaan weer skool toe en dan begin jy soos in, want ek was al die tyd in die koshuis en dan wil jy koshuis toe gaan en dit was nogal 'n bietjie van 'n aanpassing.
- Die ergste aanpassing is, jy kom dit nie so dadelik agter nie, is die weer. As die weer lekker depressing is en goed dan soek jy iemand by jou. Jy wil iemand mee deel.
- Jy kan nie altyd met iemand deel nie. Party keer het jy iets om...ek meen dis nie eers belangrik nie, dit moet net uit anders, dit bou op.

###### **Onderhoud 2:**

- Aan die begin sou ek sê ek bietjie nie gemaklik om in winkels in te gaan en mense te vra vir 'n spesifieke toppie wat hulle dalk het of so. Ek is, was nog nie seker oor my Engels gewees nie. Dit voel half hulle sal jou as 'n buitestaander sien omdat jou aksent nie dieselfde is nie.

###### **Onderhoud 3:**

- Dis nie so erg 'n probleem nie maar aanpassing om hier rond te travel, jy weet met die treine en goeters want dis ek nie gewoond nie.

**Onderhoud 4:**

- Traveling is maar seker erg.
- Die weer, die heeltid reën, vroeg donker word en dan in die somer weer hierdie laat lig word.
- Jy werk elke naweek. Jy werk nie Maandae tot Vrydae nie. Jy weet nie basically watse dag dit meer is nie. Jy verloor heeltemal track of time.

**Onderhoud 5:**

- Om so gou as moontlik gesettle te raak. Jy is so overwelmed aan die begin. Jy weet nie waar om jou voet neer te sit nie, watter kant toe nie.

**Onderhoud 6:**

- Die grootste issue is in 'n plek soos hierdie is om te leer hoe om by 'n plek uit te kom met die tubes en daai tipe ding maar dis heel eenvoudig.

**Onderhoud 7:**

- Die feit dat hier nie 'n see is nie.

**Onderhoud 8:**

- Publieke vervoer. Dis 'n bietjie anderste want ons was gewoon gewees om jy kon maar gery het in jou kar geklim het en gery het waarna toe jy wil en nou moet jy op 'n bus klim, jy moet wag vir hom en dan moet jy vir die tube wag. Vir alles is 'n groot wagproses. Jy weet nooit wanneer dit kom nie so jy moet altyd baie vroeër opstaan wat jy eintlik moet, om betyds by die werk te kan kom.

**Onderhoud 9:**

- Om die aksent te verstaan. As jy sê na iemand, veral oor die telefoon, as jy nog met iemand mens tot mens praat is dit nog alright het ek agtergekom maar as jy met iemand oor die telefoon praat kan jy nooit hoor wat hulle sê nie.
- Huise hierso is 'n probleem. Jy is gewoon aan lekker groot leefareas in Suid-Afrika. Hier kom jy in 'n huisie, dis opgeknop, gecoup en dis klein want daar is nie plek nie.

**Onderhoud 10:**

- Dis my eerste keer dat ek soos in 'n huis saam met 'n klomp mense moet bly en almal is verskillende tye, verskillende maniere van dinge doen, verskillende maniere van dink en jy moet skielik alles respekteer.
- Die vervoer.
- Om te eet soos hulle eet.
- Hierso moet ek vir myself kos maak en ek moet my eie wasgoed was, ek moet self stryk en ek moet self, my kamer self skoon hou en dit, jy moet self jou shopping gaan doen.
- Al die vriendinne wat ek gemaak het, hulle het hierdie vaste ouens en hulle maak vir hulle kos en hulle sorg dat hulle klere gestryk is. Ek kan nie eers vir myself kos maak nie, nou moet ek nog vir 'n ou gaan staan en kos maak.
- Op skool was ek soos, weet, ons vriendinne het vir mekaar alles beteken. Jy los jou ou vir jou vriendin, maar hierso is dit net soos mooi die teenoorgestelde.
- Die storte hier is aaklig, so in die bad.

**3.4.4.2 Hoofemas vanuit vraag 4**

- Aanpassing by die gebruik van publieke vervoer.
- Die weer.
- Kommunikasieprobleme: om met 'n aksent te praat en verstaan te word sowel as om aksente te verstaan waarmee gepraat word.
- Die deel van 'n klein huis met 'n verskeidenheid mense.
- Om dinge te ervaar buite die voorspelbaarheid van die skoolkonteks.

**3.4.4.3 Subtemas vanuit vraag 4**

- Die aanpassing by selfstandigheid – om dinge self te doen en om aan te pas by vreemde werksure.
- Die aanpassing by elemente wat anders (storte, kos) of gebrekkig (geen see) is in die nuwe omgewing.

'n Aanpassing word van die respondente vereis aangesien soveel veranderinge terselfdertyd plaasvind (Storti, 2001:2). Die laat-adolesent op 'n werksvakansie in

die Verenigde Koninkryk verlaat sy ouerhuis asook sy land van herkoms, moet sy ontwikkelingstake bemeester, aanpas in 'n vreemde omgewing, 'n nuwe kultuur verstaan en in die nuwe omgewing funksioneer deur daarin te woon en werk te vind. Alle besoekers aan 'n nuwe land word deur Kim & Gudykunst (2001:229) beskryf as vreemdelinge. Hulle moet hoë vlakke van onsekerheid en onbekendheid hanteer. Die hoofsaak is om 'n graad van interkulturele bevoegdheid te verkry wat hulle in staat stel om op 'n minimale vlak te funksioneer.

Walsh & Horenczyk (2001:2) sluit goed by bogenoemde temas aan waar kultuurskok gedefinieer word as die fenomeen waar 'n krisis plaasvind as 'n resultaat van 'n skielike verlies van die gemiddelde aanvaarbare omgewing en die trek na 'n vreemde en onvoorspelbare een. Die proses sluit "rou" in weens die verlies van familie, vriende, taal, musiek en kos. Hierdie faktore kan 'n aankomeling se identiteit bedreig.

Die respondente ervaar kommunikasieprobleme. Kruiskulturele interaksies is volgens Storti (2001:25) onderworpe aan verwarring, misverstande en misinterpretasie weens kulturele verskille.

Vanuit die temas is dit duidelik dat die respondente verliese ervaar. Hierdie verliese sluit hulle bekende omgewing en bekende praktyke in. Die nuwe omgewing word as onvoorspelbaar en vreemd beleef.

### **3.4.5 Vraag 5**

***Wat het gehelp om die probleme te hanteer?***

#### **3.4.5.1 Verbale response van respondente**

##### **Onderhoud 1:**

- Ek eet koekies.
- Speel games (playstation).

##### **Onderhoud 2:**

- Toe besef ek nadat ek lank hieroor geworry het, hier is so baie mense hierso, dit is omtrent elke tweede ou wat jy praat het dalk gebroke Engels, wat nie



lekker Engels kan praat nie, so mens hoef glad nie uit te voel as jy hierso praat nie want daar is so baie toeriste en mense wat hierso bly.

- Hoe langer 'n mens hier is, hoe meer raak jy op jou gemak met die tubes, hoe meer voel jy gemaklik om met busse te ry en met treine.
- Ek dink ook as jy nou klaar self jou eie geldjies verdien en jy weet okay jy is nou op sterkte, jy kan darem vir jousef sorg dan help dit nogal.
- Vandat ek begin werk het ontmoet ek elke liewe keer wat ek werk, ontmoet ek nuwe mense en my confidence het net meer gegroei en ek praat nou al baie meer Engels en ek voel al baie gemakliker met dit.

### **Onderhoud 3:**

- Jy het nie 'n ander keuse nie. Dit het gehelp so ek meen ek moes dit doen. Ek is geforseer om daaraan gewoond te raak.
- Jy het jou buddies om jou, so ek meen jy staan so, jy is nie gewoond aan hierdie storie nie en nou het jy iemand om mee te gesels en iemand wat vir jou help, iemand wat jou deur die swaar tye trek.

### **Onderhoud 4:**

- Maar seker vir jou 'n doel stel, sê nou maar wat jy sê nou maar wil bereik, waarna toe gaan jy, wat wil jy bereik, wat, hoekom jy hier is, wat wil jy doen. Ja, dan moet jy seker maar vasbyt en maar net doen.

### **Onderhoud 5:**

- Deursettingsvermoë. Nie om 'n punt te bewys nie maar om te sê dat ek selfstandig genoeg is as persoon, nie omdat ek 18 of 19 whatever jaar oud is dat ek dit nie gaan maak nie. Ek dink dit hang van persoon tot persoon af.
- Ek het vir 'n doel hierna toe gekom om geld te, geld te verdien, geld te spaar vir wat ek wil studeer.

### **Onderhoud 6:**

- Alles hier is so eenvoudig om te leer. Jy kan soos in 'n dag net leer hoe om 'n ding te doen en dan is jy okay.

### **Onderhoud 7:**

- My ma-hulle het vir my foto's gestuur en dit was vir my, baie gehelp. Ek het foto's en dan sit ek maar hier op my bed..bed toe in die aand gaan dan dink

ek ai, as ek maar net die see sien. Dan troos ek myself daaraan want hoekom ek gekom het, is ek wil baie graag 'n droom van my altyd was om genoeg geld te spaar dat ek Indonisië toe kan gaan om te gaan surf en Bali.

- ...en om te dink dat na Desember gaan ek huis toe en dan seker hier by Februarie sal ek hopelik Indonisië toe kan gaan.

**Onderhoud 8:**

- Jy moet maar net self dit doen. Maar dit...niemand kan jou eintlik heeltemal verduidelik. Hulle kan jou verduidelik want tot jy self die, paar keer op jou eie gaan doen nie, gaan jy dit nie regkry nie en van daar af raak dit maklik. Ewe skielik verstaan jy net alles.

**Onderhoud 9:**

- Jy probeer maar net altyd dink aan jou doel, hoekom het jy gekom. Dis maar net om dit te onthou want jy het gekom om geld te maak so jy het nie gekom om lekker te bly nie, jy het nie gekom om jouself te geniet nie, jy het gekom om geld te maak.

**Onderhoud 10:**

- Ek dink nie dis nog vir my maklik nie.
- Soos die tube, dit is net omdat jy op jou eie begin doen het dat dit makliker word.

**3.4.5.2 Hooftemas vanuit vraag 5**

- Die aanpassing was nie so maklik nie, maar hoe langer hulle daar was, hoe makliker het dit geword.
- Die respondente hou die doel waarom hulle gekom het voor oë.

**3.4.5.3 Subtemas vanuit vraag 5**

- Respondente skep vir hulle self ontvlugting, hetsy deur middel van speletjies of foto's.
- Werk lei tot 'n verhoging in selfvertroue, wat beter aanpassing tot gevolg het.
- Ondersteuning van vriende dra by tot die aanpassing.

Die derde fase in Oberg (2001:8) se fases van aanpassing is die herstelfase en begin by aanvaarding dat 'n probleem bestaan en dat daaraan gewerk moet word. Die respondente noem dat hulle die doel voor oë moet hou en dus help dit hulle om die probleem te aanvaar. Dit behels gewoonlik 'n kompromie tussen die gevoel en denke van die wittebroodfase en die kultuurskokfase. Hierdie kompromie bestaan tussen die oordrewe verwagtinge en realiteit. Die respondente is volgens die navorser in die derde fase aangesien hulle verby die aanvanklike kultuurskok en die nuutheid van die ervaring is. In die finale aanpassingsfase is die persoon in staat om effektief te kan werk, ken die beperkinge van hulle vaardighede en is meer buigzaam. Die navorser vind vanuit bogenoemde aanhalings van die respondente dat hulle meer gevestig is in hulle werk, bewus is van nuwe vaardighede en dat hulle meer buigzaam is aangesien hulle vir hulself wyses van aanpassing skep.

Die drie vlakke van aanpassing soos deur Marx (2001:13) uiteengesit, is die hantering van die spanning van transisie, die uitdaging van die persepsie en interpretasie van gebeure en gedrag en die ontwikkeling van beter sosiale vaardighede. Die navorser vind dat die respondente individuele wyses ontwikkel het om die spanning van die transisie te hanteer. Die respondente daag wel die persepsie en interpretasie van gebeure en gedrag uit, byvoorbeeld die besef dat gebroke Engels 'n aanvaarbare verskynsel in Londen is. Die respondente se sosiale vaardighede verbeter hoe langer hulle in die Verenigde Koninkryk woon

Kim (2001:229) noem dat 'n persoon se ontvanklikheid vir nuwe inligting en deursettingsvermoë persoonlikheidseienskappe is wat positiewe kruis-kulturele aanpassing ondersteun. Vanuit die response is dit duidelik dat die respondente bewus is daarvan dat sekere persoonlikheidseienskappe hulle aanpassing vergemaklik het, onder meer die beoefening van deursettingsvermoë.

#### **3.4.6 Vraag 6**

***Ervaar jy heimweë (homesickness) en indien wel, wat veroorsaak die heimweë?***

##### **3.4.6.1 Verbale response van respondente**

**Onderhoud 1:**

- Absoluut. Elke drie maande...na drie maande was dit erg. Na ses maande was dit erg en nou na nege maande is dit net so erg.
- Dit slaan my party keer erg want veral soos, ek en my broer is lief vir rugby. Ons kan die hele game uitmekaar uithaal. Ek het die tweede helftes van elke game (Drie Nasies) gesien en ek wou so graag met iemand gesels en daar is nie...ek meen toe is my broer nie daar om vir hom iets te sê oor die game nie.
- Ek het vir my ma-hulle gesê hulle moenie vir my foto's stuur nie.
- Party keer bel hulle en dan hoor jy ja hulle eet nou vroeër...veral die kos, as jy hoor watter kos hulle eet en so aan.

#### **Onderhoud 2:**

- Almal sê altyd die eerste paar maande verlang jy baie terug na Suid-Afrika. Ek het dit ook nogal so ervaar. Daardie eerste maande wat ek nog nie geweet het (van werk) nie, was ek baie, wat ek heeldyd by die huis sit en TV kyk het, toe het ek baie terugverlang huis toe. Ek wou net teruggaan huis toe en gevoel al my vriende is daar.
- Wat my nog baie laat terugverlang, veral as ek my foto's in my kamer sien, dan dink ek nogal ek verlang terug, ek wil hulle so graag sien, maar dan is dit half, gee dit vir my nuwe moed as ek dink ag dis net oor drie maande dan gaan ek terug so dis nie meer so lank nie. Dat 'n mens net vir jou 'n doeltyd het en jy weet jy gaan aan die einde van die jaar dan help dit baie.
- Veral as ons rugby kyk hierso dan dink ek oe, ek is so lus vir biltong.

#### **Onderhoud 3:**

- Nee. Ek is die tipe ou wat as ek by die huis was, in Suid-Afrika, was ek nooit by die huis nie. Ek het net by die huis geslaap. Sure, ek mis my ma en pa en my pêls, almal moet, maar homesickness, nee.
- Ek mis wel...my matrieklewe. As ek nou by die huis, partykeer in die aande lê en, ek is moeg vir die werk dan dink ek, dan mis ek dit verskriklik.

#### **Onderhoud 4:**

- Nee wat.
- Obviously verlang jy bietjie maar my broer en suster en so, so dis maar goed wat jy opoffer en maar besluit waarnatoe, wat vir jou belangrik is in die lewe.

#### **Onderhoud 5:**

- Snaaks genoeg aan die begin, ek het nie regtig homesickness gehad nie....maar jy kry van tyd tot tyd soos oomblikke wat jy nou net bietjie stil raak, jy weet, maar ek moet sê die begin was dit nie so erg nie want daar is net te veel goeters wat gebeur.

**Onderhoud 6:**

- Ja-nee for sure!
- Meeste van die tye wanneer ek homesick word is die tye wat ek alleen is op my eie of as ek niks het om te doen nie, jy weet, as ek bored is.
- Voordat jy nou gaan slaap, ek dink dan dink jy gewoonlik aan...dink jy bietjie aan die huis en so.
- Wanneer jy nie 'n mission het vir die dag nie, dan word jy, word ek wakker die oggende dan dink ek ag je, as ek nou by die huis was sou ek ten minste iets gaan doen het.

**Onderhoud 7:**

- Ag ek weet nie regtig nie. Party dae dan dink ek jy regtig dat jy staan op, so in die oggende is jy, somer wakker raak dan dink jy ag-nee jy is net nie lus vir die dag nie maar vir my is dit nie so erg nie.
- Ek is 'n mens wat baie maklik aanpas. Toe ek by die huis was, het ek baie weggegaan naweke en vakansies, party vakansies het ek die hele vakansie glad nie eers my ma-hulle gesien nie.
- Die eerste drie weke toe ek hier was, toe het ek gedink "o hel, ek weet nie of ek dit gaan maak nie". Toe het ek regtig gedink okay, ek wil huis toe gaan en wil nie hier wees nie, maar toe het ek maar nou net besluit okay ek is hier, ek moet die beste van die saak maak en dit gaan darem alright nou.

**Onderhoud 8:**

- Nee. Ek ervaar dit glad nie. Mens kry dis jou eie familie ook maar hierso want ...mens het baie bekende gesigte en ek sien, elke nou en dan, dan ontmoet ek vriende van my hierso.
- Aan die begin is dit erg, maar dan raak jy gewoond daaraan en jy besef jou lewe draai nie net om jou ouers nie en jy moet maar jou eie ding begin doen.

**Onderhoud 9:**

- In die begin moet ek sê het ek nie. Ek het glad nie die huis gemis nie. Ek het geniet om te kom en, soos ek gesê het, om op my eie te wees, my eie lewe te lei, toe het ek dit geniet.
- Ek begin nou my pa mis, veral, maar ek en my pa het 'n close verhouding maar ek mis net hom.
- Omdat ek direk na matriek gekom het, jy mis die tye saam jou vriende, en gaan kyk rugby, en gaan doen dit, daai mis ek baie. Dit mis jy van dag een af, jy weet, want nou is jy, jy is nou niks, as jy hiernatoe kom. Jy is nou net nog 'n ou wat probeer om sy lewe te maak hierso waar jy, as jy op skool was, matriek, jy was dié ou.

#### **Onderhoud 10:**

- Ek dink ek het verskriklik uitgemis op goedjies. Ek het hulle nie goed behandel meestal toe ek by die huis was nie. Nou ewe skielik is dit soos "waar is my ouers? Waar is my ouers?".
- Ek en my suster, ons het nooit regtig oor die weg gekom nie...en nou ewe skielik, soos omdat ek geleer het om ander mense te respekteer vir wie en wat hulle is, kan ek my suster respekteer vir hoe sy is en nou kan ek nie wag om by die huis te kom om net actually haar vriendin te wees nie.
- Ek en my boetie was verskriklik close gewees. ...maar dit is nie meer daar nie. Daar is nie meer hierdie close vriend, jy weet, jy is heeltemal op jou eie.
- Niemand worry oor jou nie waar jou ouers het so geworry oor jou. Jy sal geld bedel by enige iemand net om 'n telefoonkaart te koop net om met jou ouers te kan praat want hulle sal verstaan.

#### **3.4.6.2 Hoofemas vanuit vraag 6**

- Alle respondente het erken dat hulle heimweë ervaar, ten spyte van inisiële antwoorde waar hulle stel dat hulle glad nie heimweë ervaar het nie. Daar is wel individuele verskille in terme van wat hulle heimweë veroorsaak.
- Die meerderheid respondente het verwys na 'n familielid/familielede waarna hulle verlang.
- Heimweë word rondom slaapyd ervaar: voor hulle gaan slaap of sodra hulle wakker word.

- Die begin van die ervaring is 'n definitiewe tydperk waar respondente duidelik is omtrent heimweë. Sommige het dit glad nie ervaar nie aangesien hulle te besig was en sommige het intense heimweë ervaar.

#### **3.4.6.3 Subtemas vanuit vraag 6**

- Foto's en om rugby te kyk, kan heimweë veroorsaak.
- Die besef dat die respondente wel gaan terugkeer huistoe, bring verligting.

Heimweë is 'n reaksie op omstandighede wat skeiding van bekende of geliefde mense en plekke veroorsaak (Archer *et al.*, 1998:205; Stroebe *et al.*, 2002:4). Die respondente het familieleden genoem in respons tot die bespreking rondom heimweë.

Heimweë word verder deur Fisher (1998:205) beskryf as 'n toestand met eienskappe wat verwant is aan rou, verlange en 'n konstante beheptheid met die verlede. In die empiriese gegewens is daar telkens verwysing gemaak na die respondente se matrieklewe, wat dus 'n beheptheid met die verlede is en daarom as die ervaring van heimweë bestempel kan word.

Storti (2001:4) se tweede element waarby aangepas moet word, is dit waarsonder 'n mens moet klaarkom in 'n nuwe land. Dit sluit in 'n gunsteling sport of tydverdryf. In onderhoud 1 ervaar die respondent heimweë wanneer daar na rugby gekyk word aangesien dit in die Verenigde Koninkryk nie op dieselfde wyse as in Suid-Afrika ervaar word nie.

#### **3.4.7 Vraag 7**

***Wat doen jy as jy heimweë ervaar?***

##### **3.4.7.1 Verbale reponse van respondente**

###### **Onderhoud 1:**

- As ek werk kom ek nie agter nie.
- Jy kan eintlik niks doen nie.
- Party keer dan bel ek maar of iets maar dan werk eintlik niks nie.
- As dit erg slaan, dan wag jy maar dat dit oorkom.

**Onderhoud 2:**

- Ek bel nogal gereeld of e-mail maar vir hulle.
- Ek dink oor maar van die drie maande wat jy teruggaan huis toe. Dis 'n groot motivering.
- As ek enigsins alleen voel of iets of nuus van Suid-Afrika hoor, dan bel (ek) vir hom ('n vriend) of al my vriende.

**Onderhoud 3:**

- Ek het kontak met die ander lot (vriende), bietjie voel ek mis hulle dan gooi ek 'n sms daai kant toe of so dan...hou maar net kontak.

**Onderhoud 4:**

- Bel maar meeste, e-mail heeltyd.
- Stuur maar foto's, al daai goed. Seker maar al wat jy kan doen.

**Onderhoud 5:**

- Ek gaan lê dalk net op my bed en slaap voor dit kom.

**Onderhoud 6:**

- Ek sit en dink "ag, jis, kan ek nie net by die huis wees nie" maar eventually dis 'n half uur later dan kom ek daaroor en dan dink ek okay, ek het iets om te doen, ek wil nou iets gaan doen...kom net besig.
- Ek mission gewoonlik internet café toe dan het ek op die internet gaan buzz.
- As jy homesick is en jy bel huis, dan help dit nie veel nie. Jy moet liever nie bel as jy homesick is nie.

**Onderhoud 7:**

- Ek bel hulle en dan praat ek sommer lank met hulle en vertel vir hulle wat hier aangaan en hoe ek dit mis en alles.
- My ma-hulle stuur baie keer vir my goeters.
- Hierso (Londen) is nog Suid-Afrikaners. Jy praat met hulle en met dit, verstaan, dis jou mense.



**Onderhoud 8:**

- As jy nou maar nie lekker voel nie dan sit ons klomp maar...ons is baie naby aan mekaar ons drie (wat die navorser in die huis ontmoet het). Ons sal maar met mekaar gesels en maar op ons eie manier vir mekaar bietjie liefde gee.
- Ons is maar almal baie vriendelik met mekaar en almal weet dis maar...ander omstandighede. Jy kan nie, moenie ongeskik met mekaar wees nie en dan, wees maar vriendelik met mekaar en probeer mekaar help, en dit help baie daarvoor.

**Onderhoud 9:**

- Jy dink maar net hopelik is daar nog hoop dat jy terug kan gaan en jousef gaan geniet.
- Vergeet van die slegte en dink aan die goeie (laggie). Dis seker maar hoe jy daarmee cope.

**Onderhoud 10:**

- As ek geld het, as ek 'n foonkaart dan sal ek bel.
- Ek sal na foto's kyk.
- Ek sal soos ure net op my bed sit, dit sal nou baie weird klink, maar ek sal soos na die foto kyk en dan sal ek vir elkeen so sit en bid en dan as ek klaar gebid het dan voel ek soveel beter.
- Ek sal op die bed gaan klim en net gaan huil.
- Of ek sal actually met iemand gaan praat, maar dis sleg om met iemand te praat want niemand weet hoe daardie persoon lyk van wie jy praat nie. Niemand weet hoe, watter persoon die ou is nie. Niemand verstaan as jy eintlik van iemand praat nie.

**3.4.7.2 Hoofemas vanuit vraag 7**

- Die respondente maak kontak met familie en vriende deur te bel, sms'e en e-pos te stuur en kyk foto's om verlangeteen te werk.
- Respondente herinner hulself aan die hoop om terug te keer na Suid-Afrika.
- Respondente hou hulself besig sodat hulle nie aan hulle heimweë hoef te dink nie.

- Ondersteuning van ander Suid-Afrikaners word tydens die ervaring van heimweë benut.

#### 3.4.7.3 Subtemas vanuit vraag 7

- Vir sommige respondente het oproepe die teenoorgestelde effek: dit vererger die heimweë.
- Respondente toon die vermoë om wyses te identifiseer waarop heimweë verbeter of vererger word en pas hierdie uitgetoetse wyses dienooreenkomstig toe.

Hantering of " *coping* " word deur Rickwood (1995:685) gedefinieer as kognitiewe en gedragspogings wat gemaak word om eksterne en interne eise te bemeester, te tolereer of te verminder. Die gegewens toon dat die respondente wyses vind waarmee hulle heimweë hanteer. Die wyses wat genoem is, is hoofsaaklik gedragspogings waar aksies uitgevoer word, byvoorbeeld die maak van oproepe, kyk na foto's of die stuur van e-pos. Kognitiewe wyses is tydens onderhoud 9 geïdentifiseer waar die respondent denke benut as hanteringsmeganisme.

Die gegewens toon dat respondente kohesie ervaar met ander Suid-Afrikaners. Hierdie gevoel van solidariteit word ook in die response op vorige vrae gemeld. Die deel van stresvolle ervarings deur 'n groep of 'n gemeenskap lei volgens Furnham & Bochner (1986:80) tot voordelige gevolge vir geestesgesondheid. Die gevoel van konfrontering van 'n gemeenskaplike bedreiging kan volgens Cochrane & Sobel (1986:180) lei tot verhoogde groepskohesie, verhoogde sosiale interaksie, kan 'n afleiding van persoonlike bekommernisse, nuwe rolle of selfs status vir persone voorsien wat voorheen geïsoleer was.

Furnham & Bochner (1986:184) stel dat migrasie gewoonlik beteken dat familie, vriende en kennisse agtergelaat word. Sosiale ondersteuningsbronne is gevolglik laer. Die navorser vind vanuit die gegewens dat die respondente vir hierdie gebrek aan sosiale ondersteuningsbronne kompenseer deur huise met Suid-Afrikaners te deel en in omgewings te woon wat 'n betreklike groot populasie Suid-Afrikaners het. Neto (2002:335) voer aan dat sosiale aanpassing vanuit ko-nasionale kulturele onderhouding ondersoek moet word en het gevind dat om meer ko-nasionale vriende te hê 'n determinant van stres is. Die navorser is van mening dat die ko-nasionale

kulturele onderhouding tweeledig van aard is: eerstens is hierdie verskynsel 'n indikasie van die stres – 'n gevolg van die kultuurskok – en tweedens bied dit 'n wyse van ondersteuning aan die respondente.

### 3.5 ANDER GEGEWENS

Die navorser het ook die volgende gegewens van respondente verkry:

➤ **Hoekom het jy na die Verenigde Koninkryk toe gekom?**

(Die navorser het al die response gelys. Herhaling het voorgekom).

- Volwasse te word.
- Geld spaar.
- Tyd om toekomsbesluite te neem.
- Wou vir een jaar kom kyk wat in die Verenigde Koninkryk aangaan.
- Om ervaring op te bou oor die lewe.
- Werk.
- Om onafhanklik te leer word.
- Om geld te maak.
- Om in iets te belê wanneer ek teruggaan.
- Om geld te maak.
- Om rugby te speel.
- Om ondervinding op te doen in wat ek wil word.
- Om geld te spaar.
- Om die wêreld (Europa) te kan experience.
- Om nuwe mense te ontmoet.
- Wou travel en bietjie die res van die wêreld explore.
- Het nie geweet wat ek wil doen nie, toe dink ek vir ondervinding sal ek kom.
- Beoog om te gaan toer as ek genoeg geld kan spaar.
- Wou Britse Weermag toe gaan, maar hulle het nie meer mense nodig nie so ek gaan huis toe.
- Om geld te maak.
- Om selfstandig te word.
- Om vir myself en ander iets te bewys.
- Ek wou wegbreek van almal wat my ken.

Daar is vier sentrale temas vanuit bogenoemde response verkry. Die eerste tema was die behoefte aan die ontwikkeling van selfstandigheid sodat die respondente self besluite kon neem en meer onafhanklik kon raak. Walsh & Horenczyk (2001:2) sluit hierby aan aangesien die proses van transisie betrokke in immigrasie die geleentheid vir persoonlike groei en ontwikkeling bied.

Die tweede sentrale tema was om geld te maak. 'n Derde tema was die behoefte aan werk en die verkryging van werkservaring wat aansluit by hulle behoefte om 'n besluit te neem oor hulle beroepskeuses. Laat-adolesente wat werk soek, selekteer volgens Heaven (1994:170) gewoonlik beroepe wat ooreenstem met hulle selfwaarde en wêreldsiening. 'n Laaste tema was die behoefte om te toer.

➤ **Was dit wat jy verwag het?**

Ses respondente het "Ja" op hierdie vraag geantwoord en dit soos volg gemotiveer:

- My vriende het vir my voorberei vir wat als voorlê, ander klein goetertjies kom mens maar self agter.
- Londen self is wonderlik soos gesê is. Hier is baie potensiaal om groot geld te maak, indien jy bereid is om te werk. Ek self het al baie ondervinding opgebou en is nou al heeltmal onafhanklik.
- Verwag die ergste dan kan dit net beter.
- Opportunities is baie meer beskikbaar hier byvoorbeeld werksgegewys.
- Dit is wat ek verwag het want Londen is net soos wat dit in die videos gesien is.
- Ek het baie uit elke situasie geleer en dit het my baie "groot" gemaak. Ek het baie dinge beleef en ervaar wat ek geweet het ek wil beleef en ervaar.

Weereens word selfstandigheid as 'n tema geïdentifiseer. Die geleenthede wat Londen bied voldoen aan die respondente se verwagtinge.

Ses respondente het "Nee" op hierdie vraag beantwoord en dit soos volg gemotiveer:

- Hoor "maanskyn en rose"-stories by die huis en as jy hier aankom is dit HEEL ANDERS!! Vaal en grys, onvriendelike mense, lelike land, graffitti.
- Van die Britse mense hierso is nie almal baie vriendelik en hulpvaardig nie – hulle neuse is so bietjie in die lug.

- Het gedink als gaan heavy meer modern wees byvoorbeeld soos New York. Het nie gedink hier sal baie oop velde ensovoorts wees nie.
- 'n Mens besef eers wat aangaan in die wêreld as jy hier kom. Dit is 'n groot wakker word of dit was in elk geval vir my.
- Het regtig met 'n verbeelding hier aangekom en gedink alles gaan in my skoot val. Het vinnig die realiteit van die lewe besef.
- Ek het gedink die plek is "the s...". Ek wou nog my lewe lank kon sê: "Ek kom van Londen af" maar ek het respek gekry vir Suid-Afrika en ons morele waardes. Die mense en die plek het my teleurgestel en verkeerd bewys.

Geen temas is vanuit bogenoemde geïdentifiseer nie aangesien uiteenlopende response verkry was. Die navorser huldig die mening dat die response die essensie saamvat van die individuele ervarings van die respondente. Hierdie response reflekteer ook die oorweldiging van die ervaring vir die respondente. Marx (2001:5) noem dat kultuurskok plaasvind wanneer verwagtings nie ooreenstem met realiteit nie.

### **3.6 SAMEVATTING**

- 3.6.1 Die literatuurstudie (Hoofstuk 2) het die basis verleen vir die ontwerp van die vrae wat tydens die semi-gestruktureerde onderhoude benut is. Sewe vrae is gedurende individuele onderhoude aan tien respondente gestel.
- 3.6.2 Die onderhoude is uitgevoer, getranskribeer en temas is vanuit hierdie transkripsies afgelei.
- 3.6.3 Vraelyste is deur die respondente voltooi ten einde biografiese gegewens in te win.
- 3.6.4 Vanuit die biografiese gegewens is gevind dat twee respondente 18 jaar oud en agt respondente 19 jaar oud was. Ses respondente was manlik en vier respondente vroulik.
- 3.6.5 Die gemiddelde verblyf in die Verenigde Koninkryk ten tye van die onderhoud was 6.8 maande.

- 3.6.7 Al die respondente werk.
- 3.6.8 Al die respondente het weekliks kontak terwyl een respondent tweeweklikse en een respondent maandelikse kontak het met spesifieke vriende/familielede.
- 3.6.9 Al die respondente woon saam met Suid-Afrikaners. Die huise het gemiddeld 6 inwoners met 4.4 slaapkamers.
- 3.6.10 Vanuit die temas is gevind dat al die respondente aanpassings moes maak in hulle nuwe omgewing (Verenigde Koninkryk – Londen).
- 3.6.11 Verskille ten opsigte van die Suid-Afrikaners en die Britte is uitgewys.
- 3.6.12 Die respondente ervaar heimweë en het wyses gevind waarop hierdie heimweë hanteer kan word.
- 3.6.13 Die redes vir die werksvakansie het twee sentrale temas na vore laat kom: eerstens poog die laat-adolescente om selfstandigheid te vermeerder en tweedens wil hulle geld maak.
- 3.6.14 Rondom die respondente se verwagtinge van die Verenigde Koninkryk is 'n gelyke hoeveelheid response verkry dat dit wel aan hulle verwagtings voldoen het asook dat dit nie aan hulle verwagtings voldoen het nie. Daar was uiteenlopende individuele redes ter aanvoering vir die respons van hulle keuse.

## **HOOFSTUK 4**

### **SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

#### **4.1 INLEIDING**

Uit die navorsingsresultate wat in Hoofstuk 3 bespreek is, word gesien dat die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat op 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is, aanpassings ten opsigte van die ervaring van kultuurverskille asook verskille in die fisiese omgewing moet maak. Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te dui tot watter mate die doel en doelwitte wat in hierdie studie gestel is om die navorsingsvraag op te los, bereik is. In hierdie hoofstuk word elke hoofstuk in die navorsingsverslag saamgevat en toepaslike gevolgtrekkings en aanbevelings word gemaak.

#### **4.2 SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

##### **4.2.1 Hoofstuk 1: Algemene inleiding**

###### **4.2.1.1 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die motivering vir die uitvoering van die studie. Die probleem is geformuleer en die oorhoofse doelstellings en doelwitte uiteengesit. Die navorsingsvraag, navorsingsbenadering, tipe navorsing, navorsingsontwerp, navorsingsprosedure en strategie is bespreek.

Die navorsing was verkennend van aard omdat geen ander navorsing ten opsigte van die spesifieke tema gevind kon word nie. 'n Kwalitatiewe navorsingsbenadering is gevolg aangesien die persoonlike belewenis van respondente verkry wou word. Semi-gestruktureerde onderhoude is met tien respondente, wat aan die gestelde kriteria vir die steekproef voldoen het, gevoer. 'n Voorondersoek is gedoen om die uitvoerbaarheid van die studie te bevestig waarna die begrensing van die studie omskryf is. Die etiese kwessies is bespreek waartydens die ingeligte toestemming van respondente asook die klem op vertroulikheid en anonimiteit sterk beklemtoon is.

Die respondente is op geen stadium mislei nie en respondente is nie skade berokken nie. Die hoofkonsepte onderliggend aan die studie, naamlik laat-adolessensie, werksvakansie en aanpassing is gedefinieer.

#### **4.2.1.2 Gevolgtrekkings**

Tydens hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering. Die navorser het die tendens van Suid-Afrikaanse laat-adolessente wat pas na hulle matrikulasie in die Verenigde Koninkryk kom werk, kwalitatief ondersoek.

Hierdie benadering was gepas vir die doeleindes van die studie aangesien die aard van die aanpassing ondersoek kon word in terme van die betekenis wat die laat-adolessente aan hulle ervaring heg. Die fokus van die studie was op die ervarings soos deur die individuele respondente beleef.

Die navorser het van toegepaste navorsing gebruik gemaak en het die belewenisse van die laat-adolessente beskryf. Die voordeel van toegepaste navorsing is die onmiddellike praktiese gebruik. Die inligting wat gedurende hierdie studie ingesamel is, kan benut word vir verdere studies omtrent die laat-adolessent se aanpassing in die Verenigde Koninkryk.

Aangesien die navorser gepoog het om 'n verskynsel te verstaan, was die navorsing verkennend van aard. Aspekte omtrent die laat-adolessente se werksvakansie is verken. Die gebruik van die ontwerp was suksesvol aangesien die navorser die aard van die aanpassing en die laat-adolessente se belewenis van die Verenigde Koninkryk kon bepaal.

Die navorser het fenomenologie as strategie vir die studie benut. Vir die doeleindes van die studie het die navorser betekenis wat die laat-adolessente aan hulle aanpassing by die daaglikse lewe in die Verenigde Koninkryk heg, geïnterpreteer. Creswell (1998:51) voeg hierby ook die konsep of fenomeen van die individue. Die fenomeen van laat-adolessente wat Suid-Afrika na afloop van hulle matriekeindeksamen verlaat, is die fenomeen wat in hierdie studie ondersoek is.



Die navorser het van doelbewuste steekproeftrekking gebruik gemaak wat daartoe bygedra het om toegangspunte te identifiseer om sodoende respondente te trek wat aan die vooropgestelde kriteria voldoen het. Die navorser het beoog om die totale steekproef vanuit die Sentraal-Londen gemeente te trek en het 'n aankondiging in die kerk gemaak soos in die navorsingsvoorstel beplan was, maar slegs vier potensiele respondente se name is ingewin. Die navorser moes daarom van toevallige steekproeftrekking gebruik maak. Persone wat die navorser se pad gekruis het en aan die kriteria voldoen het, is by die studie betrek. Vanuit die respondente wat deur laasgenoemde metode ingesamel is, het die navorser verder van sneeubalsteekproefneming gebruik gemaak waar die respondente die navorser aan ander respondente wat aan die kriteria voldoen het, voorgestel het.

Semi-gestruktureerde onderhoude is met tien respondente gevoer. Vrae wat verband hou met die aard van die aanpassing van die laat-adolessente wat op 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is, is vooraf opgestel. Die navorser het oorspronklik beplan om 'n fokusgroep te hou met 6 tot 8 respondente. Weens ongereelde werskure was dit nie moontlik om die respondente bymekaar te kry vir 'n fokusgroep nie. Die navorser woon nie in Londen nie (300 km buite Londen) en moes dus die fokusgroep vir 'n naweek reël. Die grootste persentasie respondente wat aan die studie deelgeneem het, werk oor naweke. Die data-insamelingsmetode was gewysig na semi-gestruktureerde onderhoude. Dit het die uitvoering van die studie vergemaklik aangesien slegs individuele werksure in ag geneem moes word. Die navorser huldig die mening dat dit ook die hoeveelheid data wat ingesamel is, gemaksimaliseer het.

#### **4.2.1.3 Aanbevelings**

- Fokusgroepe was nie 'n suksesvolle data-insamelingsmetode nie weens die respondente se onkonvensionele werksure. Studies wat in die toekoms met betrekking tot laat-adolessente uitgevoer word, moet hierdie veranderlike in ag neem wanneer 'n data-insamelingsmetode geselekteer word.
- Die navorser beveel aan dat doelbewuste steekproefneming met sneeubalsteekproefneming vervang moet word wanneer studies met Suid-Afrikaners in die Verenigde Koninkryk uitgevoer word. Weens databeskermingswette in die Verenigde Koninkryk is dit nie moontlik om lyste van name te bekom waaruit 'n steekproef getrek kan word nie. Die navorser vind dat weens die kohesie tussen Suid-Afrikaners en die ko-nasionale

onderhouding van kultuur (soos bespreek in Hoofstuk 3), 'n navorser meer geredelike samewerking van respondente sal kry waardeur die navorser aan verdere respondente voorgestel kan word.

- Hierdie studie is nie in die navorser se stad uitgevoer nie. Die navorser moes Londen toe reis vir elke onderhoud. Die afstand eenrigting was ongeveer 300 km, dus 600 km retoer. Londen is opsigself 'n groot stad en afstande tussen respondente was dus ook groot. Die navorser beveel aan dat toekomstige studies met Suid-Afrikaners in Londen deur 'n navorser uitgevoer moet word wat self in Londen woon. Dit sal tydsbeperkinge voorkom en meer buigsaamheid verleen vir die navorser en respondente aangesien daar in hierdie studie slegs tydens naweke onderhoude gevoer kon word. Sou die navorser in Londen woon, kan weksdae ook in berekening gebring word.
- Daar is 'n leemte in studies met gegradueerde Suid-Afrikaners. Die navorser het tydens die voorondersoek van die studie gevind dat daar 'n groot persentasie gegradueerdes is wat in Londen woon. Aangesien die tendens bestaan dat Suid-Afrikaners wat pas gegradueer het in Londen kom woon en werk, beveel die navorser aan dat 'n studie rondom hulle aanpassing uitgevoer word.

#### **4.2.2 Hoofstuk 2: Laat-adolessensie as ontwikkelingsfase en die belewing van kultuurskok in 'n vreemde omgewing**

##### **4.2.2.1 Samevatting**

In hierdie hoofstuk is die adolessent en sy ontwikkeling vanuit verskeie ontwikkelingsteorieë bespreek. Aandag is geskenk aan die laat-adolessent se ontwikkelingstake. Een van die primêre ontwikkelingstake van adolessensie is identiteitsontwikkeling. Vir die doeleindes van die navorsingstudie is daar gekyk hoe die Suid-Afrikaanse laat-adolessent wat nog in die proses van identiteitsontwikkeling is, by die veranderde omgewing inskakel.

Kultuurskok is 'n respons tot die transisie tussen twee kulture wat van individu tot individu verskil. In hierdie hoofstuk is 'n oorsig oor die aanpassing gegee.

#### 4.2.2.2 Gevolgtrekkings

Adolesensie word gedefinieer as die periode van fisiese en sielkundige ontwikkeling vanaf puberteit tot volwassenheid. Verskeie outeurs stel adolesensie gelyk aan ouderdomme wat wissel tussen 12 en 20 jaar.

Verskeie ontwikkelingsteorieë is bespreek. Dit sluit die biologiese siening, kulturele teorieë, psigoanalitiese teorie, psigososiale sienings en kognitiewe teorieë in. Die navorser vind dat 'n integrasie van laasgenoemde teorieë 'n platform gebied het vir die verstaan van die ontwikkelingsfase van die laat-adolesent tydens sy aanpassing in die Verenigde Koninkryk.

Adolesente en werk is bespreek. Die laat-adolesent is meer besorg oor beroepskeuses en beweeg weg van 'n fantasieperiode oor beroepsvoorkeure tot 'n realistiese periode. Vir die doeleindes van die studie was dit belangrik om die laat-adolesent se persepsie oor werk te beskryf, aangesien dit die hoofdoel van die respondente se werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is.

Identiteitsontwikkeling in laat-adolesensie bied 'n hoeksteen vir unieke individualiteit en volwassenheid. Die laat-adolesent moet antwoorde vind op vrae soos: Wat is die betekenis van my lewe? Wie is ek? Waarheen is ek op pad? Die ervaring wat die laat-adolesent in die Verenigde Koninkryk opdoen, stel wyer grense om hierdie vrae te beantwoord.

Die individualisasieproses verwys na die poging van die kind om in sy eie reg te bestaan met 'n emosionele afstand van sy ouers. Skeidingindividualisasie betrek die kapasiteit om toenemende verantwoordelikheid te aanvaar. Die respondente van die studie bevind hulle in 'n omgewing waar emosionele afstand 'n realiteit is en waar verantwoordelikheid vir besluitneming vanaf dag een van die werksvakansie aanvaar moet word.

Kultuur is 'n komplekse web van norme, waardes, aannames, houdings en menings wat kenmerkend is van 'n spesifieke groep. Die Suid-Afrikaanse laat-adolesent behoort tot 'n Suid-Afrikaanse kultuur en is daarom bekend met Suid-Afrikaanse norme, waardes, aannames, houdings en menings.

Kultuurskok is die skok wat ervaar word wanneer mense gekonfronteer word met die onbekende in die buiteland. Dit behels die verlies aan dit wat bekend is. Die respondente word tydens hulle werksvakansie in die Verenigde Koninkryk aan kultuurskok blootgestel aangesien hulle met eie kulturele waardes en norme in 'n samelewing woon en werk waar verskillende waardes en norme bestaan.

Hanteringstyle van adolessente is bespreek. Adolessente hanteer stres beide emosioneel en instrumenteel. Probleemoplossingsvaardighede van adolessente verbeter met ouderdom as 'n funksie van kognitiewe ontwikkeling en sosiale ervaring. Die adolessente in die Verenigde Koninkryk woon en werk in 'n vreemde konteks wat hulle sosiale ervaring dus vermeerder. Hulle is in 'n posisie waar hulle probleemoplossingsvaardighede op die proef gestel word.

Fases van aanpassing van mense wat oorsee gaan, is bespreek. Die eerste fase is die wittebroodfase, tydens die tweede fase word kultuurskok en tydens die derde fase herstel ervaar. Die laat-adolessente in die Verenigde Koninkryk gaan ook deur fases van aanpassing.

Heimweë is 'n reaksie op skeiding van bekende of geliefde mense en plekke. Die laat-adolessente wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk, beleef skeiding van sowel hulle familie en vriende as hulle land van oorsprong. Gevolglik is heimweë 'n onvermydelike reaksie wat deur respondente ervaar word. Individuele verskille in die hantering daarvan bestaan.

Akkulturasie is die mate waarin individue hulle kultuur van oorsprong behou of aangepas het by die groter samelewing. Sosiale ondersteuning binne die konteks van kultuurskok laat kulturele en nasionale verskille toe in die aanpassing by 'n nuwe kultuur. Die Suid-Afrikaanse laat-adolessente in die Verenigde Koninkryk woon gewoonlik saam met ander Suid-Afrikaners wat die onderhouding van hulle kultuur moontlik maak en terselfertyd sosiale ondersteuning bied.

#### **4.2.2.3 Aanbevelings**

- Kultuurskok is 'n ervaring wat van individu tot individu verskil. Laat-adolessensie is 'n ontwikkelingsfase met spesifieke ontwikkelingsstake. Die ervaring van kultuurskok sal dus oor verskeie ontwikkelingsfases heen verskil weens die onderskeie ontwikkelingsstake wat bemeester moet word. In die

literatuur bestaan daar genoegsame inligting omtrent die verskynsel van kultuurskok, maar nie omtrent die laat-adolesent se ervaring daarvan en hoe dit inpas by die ontwikkelingstake nie. 'n Onderzoek is dus nodig waar hierdie twee konsepte se invloed op mekaar in ag geneem moet word.

- Daar bestaan 'n leemte in die literatuur oor Suid-Afrikaners wat verhuis het na die Verenigde Koninkryk, hetsy vir langtermyn- of korttermynverblyf. Daar bestaan dus 'n behoefte aan 'n studie oor Suid-Afrikaners wat in die Verenigde Koninkryk woon waarin spesifiek gekyk word na die aanpasbaarheid van die Suid-Afrikaanse kultuur binne die Britse kultuur.

### **4.2.3 Hoofstuk 3: Empiriese ondersoek**

#### **4.2.3.1 Samevatting**

Die navorsingsresultate van die empiriese studie het aanleiding gegee tot 'n groot hoeveelheid hoofemas soos vanuit die response op die verskeie vrae verkry. Die navorser het vanuit die somtotaal van die hoofemas soos uiteengesit in Hoofstuk 3 die volgende kerntemas geïdentifiseer:

- Die respondente beleef 'n aanvanklike gebrek aan oriëntasie sodra hulle in die Verenigde Koninkryk aankom. Die bekendwording met die vervoerstelsel (moltreine en busse) word hierby ingesluit. Die oorhoofse gevoel was dat dit aanvanklik as stressor beleef is, maar dat die aanpassing hierby binne 'n kort tydperk geskied.
- Verskille in die fisiese omgewing wat sowel die natuurlike omgewing as die mensgemaakte omgewing insluit, is uitgelig. Respondente het die weer asook die fisiese opset/uitleg van die huise ingesluit.
- Die verskille tussen Suid-Afrikaners en Britte was opmerklik: Britte word as ongeskik en onvriendelik beleef, terwyl Suid-Afrikaners as luidrugtig en sosiaal meer spontaan beleef word.
- Selfstandigheid - sodra die laat-adolesent sy ouerhuis verlaat en in Londen woon en werk, word 'n verhoging in outonomie beleef.
- Die laat-adolesente verkry werkservaring en verdien geld wat hulle in staat stel om in hulle behoeftes te voorsien wat nie by die huis (Suid-Afrika) moontlik was nie.
- Kohesie word met mede-Suid-Afrikaners beleef. Die laat-adolesent woon saam met Suid-Afrikaners in 'n omgewing met 'n groot persentasie Suid-Afrikaners en sosialiseer ook met ander Suid-Afrikaners.

- Die laat-adolesent ervaar blootstelling aan die Britse kultuur, internasionale kulture, 'n leefstyl wat spesifiek is tot die lewe in Londen en blootstelling aan ander lande. Laasgenoemde geskied aangesien dit goedkoper is om vanuit Londen te toer.
- Ervaring van heimweë - individuele verskille word ervaar rondom wat dit veroorsaak, wanneer dit ontstaan en wat dit teenwerk.

Die subtemas wat vanuit die empiriese studie verkry is, soos uiteengesit in Hoofstuk 3, het by bogenoemde hoofemas aangesluit.

#### 4.2.3.2 Gevolgtrekkings

- Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die doelstellings en doelwitte wat vir die doel van hierdie navorsing geformuleer is, bereik is. 'n Empiriese ondersoek na die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk werk, is suksesvol uitgevoer deurdat 'n skedule as data-insamelingsmetode suksesvol tydens individuele onderhoude benut is.
- Die navorser is ook van mening dat die navorsingsvraag beantwoord is. Empiriese data wat ingewin is, het die aard van die aanpassing uitgelig.

Op grond van die empiriese data wat ingewin is, kom die navorser tot die volgende gevolgtrekkings:

- 'n Gebrek aan oriëntasie word beleef sodra die laat-adolesent in die Verenigde Koninkryk kom. Die benutting van die vervoerstelsel in Londen sluit hierby aan. Die laat-adolesent se aanvanklike verwarring word vererger omdat hulle hulself eers daarmee moet bekend maak. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat hierdie sin van verwarring, die onsekerheid en angstigheid wat die laat-adolesente ervaar, die belewenis van kultuurskok is ([www.m-w.com](http://www.m-w.com)).
- Verskille word in die fisiese omgewing ervaar. Die weer in die Verenigde Koninkryk is uitgelig as 'n verskil, asook die huisopsette. Storti (2001:3) het ook verwys na die aanpassing by die klimaat in 'n nuwe land. Wanneer die verskil in klimaat teenoorgesteldes is, beteken dit 'n aanpassing in lewenswyse. Die respondente het na die koue verwys as iets waarby aangepas moes word, asook die verskil in die ure van daglig wat wissel in die

winter en somer – dit is meer ekstreem in vergelyking met Suid-Afrikaanse daglig in die verskeie seisoene.

- In die Verenigde Koninkryk is huise kleiner en vanuit die biografiese gegewens is gevind dat 80% van die respondente 'n kamer moes deel. Daar is ook vanuit die biografiese gegewens gevind dat die respondente 'n huis moet deel met 'n aantal huismense wat wissel afhangende van die hoeveelheid slaapkamers. Dit verskil van die omstandighede by hulle ouerhuise in Suid-Afrika. Die huise is groter en word deur 'n gesin bewoon. Daar is dus verskillende rolle asook verskillende ouderdomme (generasies). In Londen woon die laat-adolesente saam met lede van dieselfde portuurgroep. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die laat-adolesent moet aanpas by fisiese verskille in die omgewing. Dit sluit in aanpassings by die natuurlike omgewing, naamlik die weer, asook die leefomgewing, naamlik die huise. Aanpassings word gemaak omdat dit anders is in vergelyking met die omgewings in Suid-Afrika waaraan hulle gewoond is.
- Navorsingsresultate dui aan dat daar verskille tussen Suid-Afrikaners en Britte geïdentifiseer word. Hieruit blyk dit dat 'n aantal respondente die Britte as ongeskik en onvriendelik beleef het, terwyl Suid-Afrikaners as sosiaal meer spontaan beleef word. Die laat-adolesente stel ook dat die Britte lui is terwyl Suid-Afrikaners hardwerkend is. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat daar duidelike polariteite deur die laat-adolesente geïdentifiseer word. Die navorser is van mening dat die kontekste van waaruit hierdie stellings gemaak word, in ag geneem moet word. In die Verenigde Koninkryk bestaan daar 'n afhanklikheidskultuur wat versterk word deur die feit dat dit 'n Welsynstaat is. Suid-Afrikaners wat in die Verenigde Koninkryk woon, het ten doel om te werk. In Suid-Afrika word daar nie 'n afhanklikheid van die staat gedemonstreer nie en daarom toon hulle nie dienooreenkomstige gedrag in die Verenigde Koninkryk nie. Gegrond op hierdie konteks tref die Suid-Afrikaanse laat-adolesent dus 'n onderskeid tussen hulle bereidheid om te werk met dié van die Britse portuurgroep.
- Vanuit die navorsingsresultate blyk dit dat die laat-adolesente selfstandigheid geniet. Die laat-adolesente moet self besluite neem ten opsigte van hulle behoeftes, waar hulle wil woon, watter werk hulle wil doen

asook waar en hoe hulle sosiaal verkeer. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die laat-adolesent se ontwikkelingsfase hier 'n kritieke rol speel. Die data in die navorsing het getoon dat die laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk met rolle eksperimenteer deur besluite te neem wat voorheen deur ander volwassenes vir hulle geneem is. Die respondente het aan die navorser gestel dat hulle vaardighede verkry het en weg van die huis af identiteite ontwikkel het waarvoor hulle nie voorheen beskik het nie. Dit wil dus voorkom asof die ervaring in die Verenigde Koninkryk meer druk op die laat-adolesente plaas weens die feit dat hulle hulself in 'n omgewing bevind wat nie die gemak en bekendheid van die ouerhuis het nie en daarom genoodsaak word om selfstandig te word.

- Die navorsingsresultate toon dat die laat-adolesente werkservaring verkry en geld verdien wat hulle in staat stel om in hulle behoeftes te voorsien. Dit sou nie by die huis (Suid-Afrika) moontlik wees nie. In die Verenigde Koninkryk kry die laat-adolesent 'n geleentheid om ongeskoolde arbeid te verrig teen betaling wat hulle in staat stel om onafhanklik van hulle ouers te woon asook materiële items te bekom wat in hulle behoeftes voorsien. Die laat-adolesent is in beheer van hoe hierdie geld spandeer word, wat ook selfstandigheid bevorder.
- Vanuit die navorsingsresultate is dit duidelik dat die laat-adolesent in die Verenigde Koninkryk kohesie met mede-Suid-Afrikaners beleef. Die biografiese gegewens het getoon dat al die respondente saam met Suid-Afrikaners woon. Dit versterk 'n solidariteit met Suid-Afrikaners en absorbeer die aanvanklike kultuurskok. Die navorser het gevind dat die huismense die vorm van 'n pseudogesin aanneem wat 'n buffer bied teen die stressors wat kultuurskok meebring. Dit bied ook 'n plaasvervanger vir familieleden in Suid-Afrika.
- Die navorsingsresultate maak die blootstelling aan die Britse kultuur, internasionale kulture, 'n Londense leefstyl en ander lande bekend. Die laat-adolesente woon en werk in die Verenigde Koninkryk waar hulle blootgestel word aan die Britse kultuur. Londen is 'n stad met 'n unieke lewensstyl wat 'n verdere blootstelling is vir die laat-adolesente en waarby hulle moet aanpas. Londen is ook 'n kosmopolitiese stad en stel die Suid-Afrikaners bloot aan



verskeie internasionale kulture. Aangesien die laat-adolesent geld verdien wat hom in staat stel om te kan toer en omdat Londen sentraal geleë is vir wêreldwye toere, beteken dit verdere blootstelling aan ander lande. Die navorser maak die gevolgtrekking dat die laat-adolesent wat direk na matriek in die Verenigde Koninkryk woon en werk, meer blootstelling kry in vergelyking met die laat-adolesent wat Suid-Afrika nie verlaat nie. Dit bied aan die laat-adolesent meer geleenthede vir die suksesvolle uitvoering van ontwikkelingstake.

- Heimweë word in die navorsingsresultate aangetoon as 'n verskynsel wat deur elke respondent gemeld is. Individuele verskille bestaan rondom die ervaring van heimweë asook wat dit veroorsaak en hoe dit hanteer word. Die navorser het gevind dat al die respondente melding van familieledede gemaak het tydens die bespreking van heimweë. Die navorser is van mening dat daar 'n gevoel van hulpeloosheid onderliggend aan die ervaring van heimweë is. Die respondente maak stellings waar hulle aanvoer dat sekere wyses waarmee heimweë teengewerk word "nie help nie", asook die besef dat hulle moet wag dat "dit vanself oorgaan". Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat heimweë 'n onvermydelike verskynsel vir die laat-adolesent wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk, is en dat hulle wel wyses vind waarop hulle dit kan hanteer – hetsy om doelbewus iets te doen of om dit bloot net te ervaar. Die bewustheid van hulle doel waarom hulle na die Verenigde Koninkryk gekom het, blyk verligting te bring vir die heimweë en hou hulle gefokus.
- Die navorser kom tot die algemene gevolgtrekking dat die inligting wat tydens die empiriese ondersoek ingewin is, 'n waardevolle bydrae kan lewer vir toekomstige navorsing op hierdie gebied. Die navorser is van mening dat hierdie inligting benut kan word in die ontwerp van programme wat hierdie aanpassing van die laat-adolesente in die Verenigde Koninkryk aanspreek.

#### **4.2.3.3 Aanbevelings**

Die navorser wil aan die hand van bogenoemde gevolgtrekkings die volgende aanbevelings maak:

- Daar word aanbeveel dat 'n program vir die Suid-Afrikaanse laat-adolescent ontwikkel word wat die aard van die aanpassing aan laat-adolescente verduidelik. Hierdie program kan aangebied word aan matrikulante wat beoog om 'n werksvakansie na die Verenigde Koninkryk te onderneem. Hierdie program kan in skole aangebied word asook by organisasies wat reëlings vir die werksvakansies tref. Die doelstelling van die program is korttermyn van aard en die fokus is op voorkoming en die weergee van inligting.
- 'n Voortvloeiende vanuit bogenoemde voorstel is dat 'n pamflet/uitdeelstuk ontwikkel kan word wat die essensie van die aanpassing vervat. Hierdie pamflette/uitdeelstukke kan by reisagente wat verantwoordelik is vir leiding aan laat-adolescente wat aansoek om 'n werksvakansievisum doen, beskikbaar gestel word.
- Vanuit die navorsingsresultate was dit duidelik dat die laat-adolescente heimweë ervaar. 'n Program kan ontwikkel word waarby ouers betrek word ter voorbereiding vir hulle kind se vertrek na die Verenigde Koninkryk. Hierdie program sal ten doel hê om ouers in te lig met betrekking tot dit wat op hulle kinders wag. Hierdie program moet poog om ouers op te voed in die belangrikheid van ondersteuning vir die laat-adolescent wat in die Verenigde Koninkryk werk, dat die laat-adolescent wyses sal vind waar heimweë verminder word en dat dit somtyds vermyding kan insluit aangesien sommige respondente gemeld het dat telefoonoproepes of foto's heimweë kan vererger.
- Die navorser wil ook aanbeveel dat 'n program in die Verenigde Koninkryk aangebied kan word binne die eerste week van die laat-adolescent se aankoms in die land. Die doel van die program is om die aanpassing te fasiliteer en die inisiële verwagtings te bespreek. 'n Opvolg kan binne die eerste drie maande van die laat-adolescent se verblyf gedoen word om die aanpassing te monitor en om die doeltreffendheid van die program te evalueer. Hierdie program kan met maatskaplike groepwerk in die vorm van ondersteuningsgroepe aangespreek word.

Ten opsigte van verdere navorsing wil die navorser die volgende aanbevelings maak:

- Die navorser beveel aan dat 'n program ontwikkel word waar mites van die werksvakansie aangespreek word asook die realiteite rondom die aanpassing in die Verenigde Koninkryk. By die aanbidding van die program moet die laat-adolescent se ontwikkelingstake in ag geneem word. Hierdie navorsing

sal as intervensienavorsing benader word weens die feit dat die empiriese data van hierdie studie gekoppel kan word aan die praktiese toepassing van die kennis wat ingewin is.

- Verdere navorsing kan fokus op die evaluering van hierdie program. Die navorser beveel aan dat die program deurloop word voordat die laat-adolescente Suid-Afrika verlaat en dat 'n opvolg gedoen word waar die doeltreffendheid van die program geëvalueer word. Hierdie evaluering moet fokus op die effektiwiteit in die vermindering van angstigheids en hoe dit die laat-adolescent gehelp het om in die nuwe omgewing aan te pas. Dit kan ook aandag skenk aan die verwagtings wat die laat-adolescent gehad het.

### **4.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE**

#### **4.3.1 Doelstelling**

Die doel van die studie was:

- om die aard van die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolescent wat op 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is, te ondersoek.

Bogenoemde doelstelling is soos volg bereik: Uit die literatuurstudie en konsultasie met kundiges is 'n kennisbasis opgebou wat benut is om die vrae vir die semi-gestruktureerde onderhoude te identifiseer. Daaruit het die navorser die skedule vir die onderhoude het. Die skedule is tydens die tien individuele onderhoude benut ten einde kwalitatiewe empiriese data in te samel om te bepaal wat die aard van die aanpassing van die laat-adolescente is wat in die Verenigde Koninkryk werk. Die resultate van die literatuurondersoek asook die empiriese ondersoek het 'n duidelike beeld van die aard van die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolescent wat op 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is, gegee.

#### **4.3.2 Doelwitte van die studie**

Konkreet uitvoerbare doelwitte is geformuleer om die doelstelling te bereik. Die doelwitte van die studie sal vervolgens afsonderlik bespreek word:

**Doelwit 1:**

- Om ondersoek in te stel na die aard van die ontwikkelingstake van die laat-adolesent asook die redes vir die werksvakansie in die buiteland.

Hierdie doelwit is bereik aangesien die navorser met behulp van 'n literatuurstudie en gesprekke met kundiges, inligting ingesamel het en 'n teoretiese basis opgebou het oor die ontwikkelingstake van die laat-adolesent. Hierdie inligting is in Hoofstuk 2 uiteengesit.

**Doelwit 2:**

- Om ondersoek in te stel na die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolesent in die Verenigde Koninkryk.

'n Empiriese studie is uitgevoer waar die navorser 'n skedule met vroeë ontwerp het wat tydens semi-gestruktureerde onderhoude as data-insamelingsmetode benut is om die Suid-Afrikaanse laat-adolesent se aanpassing in die Verenigde Koninkryk te bepaal. Die volgende aspekte is spesifiek hanteer:

- Die positiewe en negatiewe aspekte rondom die Suid-Afrikaanse laat-adolesent se aankoms in die Verenigde Koninkryk.
- Watter verskille die Suid-Afrikaanse laat-adolesente geïdentifiseer het tussen die Suid-Afrikaanse kultuur en die Britse kultuur.
- Die probleme wat ervaar was met die aanpassing in die nuwe omgewing.
- Wat hulle gehelp het om hierdie probleme te hanteer.
- Die ervaring van heimweë en wat dit veroorsaak.
- Wat hulle help om heimweë te hanteer.

Tien respondente is gedurende individuele semi-gestruktureerde onderhoude by die navorsing betrek. Die doelwit is bereik aangesien die data wat ingewin is die genoemde aspekte van die Suid-Afrikaanse laat-adolesent se aanpassing in die Verenigde Koninkryk gedek het.

**Doelwit 3:**

- Om gevolgtrekkings en aanbevelings aan die hand van die verkreeë inligting te maak met die oog op maatskappelijke programme wat reeds in Suid-Afrika aan laat-adolesente wat die maatskappelijkheid van 'n werksvakansie oorweeg, asook aan

laat-adolescente wat reeds in die Verenigde Koninkryk werk, gebied kan word.

Gevolgtrekkings en aanbevelings vir die bereiking van bogenoemde doelwit word in hierdie hoofstuk gemaak.

Die doelstelling en doelwitte van hierdie studie is dus ten volle bereik.

#### **4.4 NAVORSINGSVRAAG**

Aangesien die navorser verkennende navorsing onderneem het en 'n kwalitatiewe studie uitgevoer het, is die volgende navorsingsvraag geformuleer:

**Wat is die aard van die aanpassing van laat-adolescente wanneer hulle in die Verenigde Koninkryk woon en werk?**

Die vraag is beantwoord deurdat empiriese data aangedui het dat aanpassing vir die laat-adolescente 'n proses is met individuele verskille waar aanvanklike kultuurskok ervaar word, maar wat verminder sodra die laat-adolescent ingeburger is in 'n huis en werk het. Ondersteuningsnetwerke wat uit mede-Suid-Afrikaners bestaan, absorbeer kultuurskok en help met die laat-adolescent se aanpassing.

#### **4.5 SLOTGEDAGTE**

Die laat-adolescente wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk, vind aanvanklik dat hulle moeilik aanpas en dat hulle aan 'n unieke lewensstyl moet gewoond raak. Die laat-adolescent verlaat die gemak en bekendheid van sy matrieklewe en sy ouerhuis om blootgestel te word aan die realiteite van werk en onafhanklikheid. Sodra die laat-adolescente aangepas is, beleef hulle wel heimweë maar herinner hulself aan die redes waarom hulle na die Verenigde Koninkryk gekom het. Tussendeur die aanpassing is daar ook tyd vir plesier en die maak van vriende. Die navorser is van mening dat dit 'n goeie leerskool is vir skoolverlaters, maar nie sonder die nodige steunstelsels en voorbereiding nie.

## BRONNELYS

Adams, G. (Ed.) 2000. **Adolescent development. The essential readings.** Oxford: Blackwell Publishers.

Allison, B.N. & Schultz, J.B. 2001. Interpersonal identity formation during early adolescence. **Adolescence**, 36(143), Fall: 509-522.

Archer, J.; Ireland, J.; Amos, S.; Broad, H. & Currid, L. 1998. Derivation of a homesickness scale. **British Journal of Psychology**, 89(2), May: 205-222.

Babbie, E. 2004. **The Practice of Social Research.** 10<sup>th</sup> Ed. Victoria: Thomson Wadsworth.

Bergin, C.; Talley, S. & Hamer, L. 2003. Prosocial behaviours of young adolescents: a focus group study. **Journal of Adolescence**, 26(1), February: 13-32.

Berman, A.M.; Schwartz, S.J., Kurtines, W.M. & Berman, S.L. 2001. The process of exploration in identity formation: the role of style and competence. **Journal of Adolescence**, 4(24), August: 513-528.

Berzonsky, M.D. 2000. Theories of adolescence. In Adams, G. (Ed.) **Adolescent development. The essential readings**, 12-82. Oxford: Blackwell Publishers.

Bird, P. 2000. **Taking a year out.** Trowbridge: Redwood Books.

Butcher, V. & Rees, C. 2000. **Taking a year off.** 4<sup>th</sup> Ed. Surrey: Trotman & Company Ltd.

Collins, V.R. 1999. **Working in tourism. The UK, Europe and beyond.** 2<sup>nd</sup> Ed. London: World View Publishing Service.

Côté, J.E. & Schwartz, S.J. 2002. Comparing psychological and sociological approaches to identity: identity status, identity capital, and the individualization process. **Journal of Adolescence**, 25(6), December: 571-586.

Crain, W. 2000. **Theories of development: concepts and applications.** 4<sup>th</sup> Ed. New Jersey: Prentice Hall.

Creswell, J.W. 1998. **Qualitative inquiry and research design. Choosing among five traditions.** London: SAGE Publications.

Dane, F.C. 1990. **Research Methods.** California: Brooks/Cole Publications Company.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2000. **Handbook of Qualitative Research.** 2<sup>nd</sup> Ed. London: SAGE Publications.

de Vos, A.S. 2001. Conceptualisation and operationalisation. In de Vos, A.S. (Ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions,** 109-121. Pretoria: J.L. van Schaik.

de Vos, A.S. (Ed) 2001. **Research at grass roots. A Primer for the caring professions.** 2<sup>nd</sup> Ed. Pretoria: J.L. van Schaik.

Dunkel, C.S. & Anthis, K.S. 2001. The role of possible selves in identity formation: a short-term longitudinal study. **Journal of Adolescence,** 24(6), December: 765-776.

Elbogen, E.B.; Carlo, G. & Spaulding, W. 2001. Hierarchical classification and the integration of self-structure in late adolescence. **Journal of Adolescence,** 5(24), October: 657-670.

Farver, J.M.; Bhadha, B.R. & Narang, S.K. 2002. Acculturation and psychological functioning in Asian Indian Adolescents. **Social Development,** 11(1), 11-29.

Frydenberg, E. 1997. **Adolescent coping. Theoretical and research perspectives.** London: Routledge.

Furnham, A. & Bochner, S. 1986. **Culture shock. Psychological reactions to unfamiliar environments.** London: Routledge.

Geuzaine, C.; Debry, M. & Liesens, V. 2000. Separation from parents in late adolescence: the same for boys and girls? **Journal of Youth and Adolescence**, 29(1), February: 79.

Gilbert, N. 1993. **Researching Social Life**. London: SAGE Publications.

Green, M. & Piel, J.A. 2002. **Theories of human development: a comparative approach**. Boston: Allyn & Bacon.

Greenberger, E. & McLaughlin, C.S. 1998. Attachment, coping & explanatory style in late adolescence. **Journal of Youth and Adolescence**, 29(2), April: 121-140.

Heaven, P.C.L. 1994 **Contemporary adolescence: a social psychological approach**. South Melbourne: MacMillan Education Australia Pty Ltd.

Hendry, L.B.; Shucksmith, J.; Love, J.G. & Glendinning, A. 1993. **Young people's leisure and lifestyles**. London: Routledge.

Holmbeck, G.N. & Leake, C. 1999. Separation-individuation and psychological adjustment in late adolescence. **Journal of Youth and Adolescence**, 28(5), October: 563.

Huff, J.L. 2001. Parental attachment, reverse culture shock, perceived social support, and college adjustment of missionary children. **Journal of Psychology and Theology**, 29(3), 246-65.

Humber, T. 2001. Intercultural adaptation. In Milhouse, V.H.; Asante, M.K. & Nurosu, P.O. (Eds.) 2001. **Transcultural realities: interdisciplinary perspectives on cross-cultural relations**, 227-240. Thousand Oaks: Sage Publications.

Jackson, S. & Rodriguez-Tomé, H. (Eds.) 1993. **Adolescence and it's social worlds**. Hove: Lawrence Erlbaum Associates Publishers.

Johnson, P.; Buboltz Jr, W.C. & Seemann, E. 2003. Ego identity status: a step in the differentiation process. **Journal of Counselling and Development**, 81(2), 191.



Kerpelman, J.L. & Pittman, J.F. 2001. The instability of possible selves: identity processes within late adolescents' close peer relations. **Journal of Adolescence**, 24(4), August: 491-512.

Kracke, B. 2002. The role of personality, parents and peers in adolescents' career exploration. **Journal of Adolescence**, 25, February: 19-30.

Kruger, T. & Roodt, G. 2003. Hofstede's VSM-94 revisited: is it reliable and valid? **South African Journal of Industrial Psychology**, 29(1), 75-82.

Kroger, J. 2000. **Identity development: adolescence through adulthood**. London: Sage Publications Inc.

Kvale, S. 1996. **Interviews. An introduction to qualitative research interviewings**. London: Sage Publications.

Lackland, D. 2000. Psychological Adaptation of Adolescents With Immigrant Backgrounds. **The Journal of Social Psychology**, 140(1), February: 5-25.

Lu, L. 1997. Social support, reciprocity and well-being. **The Journal of Social Psychology**, 137(5), October: 618-628.

Mark, R. 1996. **Research made simple. A handbook for social workers**. London: SAGE Publications.

Marshall, C. & Rossman, G.B. 1999. **Designing Qualitative Research**. 3<sup>rd</sup> Ed. London: SAGE Publications.

Marx, E. 2001. **Breaking through culture shock**. London: Nicholas Brealey Publishing.

Mason, J. 1996. **Qualitative Researching**. London: SAGE Publications.

Milhouse, V.H.; Asante, M.K. & Nurosu, P.O. (Eds.) 2001. **Transcultural realities: interdisciplinary perspectives on cross-cultural relations**. Thousand Oaks: Sage Publications.

Moshman, D. 1999. **Adolescent psychological development: rationality, morality and identity.** New Jersey: Laurence Erlbaum Associates Publishers.

Mullis, R.L. & Chapman, P. 2000. Age, gender, and self-esteem differences in adolescent coping styles. **Journal of Social Psychology**, 140(4), August: 539-541.

Neto, F. 2002. Social adaptation difficulties of adolescents with immigrant backgrounds. **Social Behaviour and Personality**, 30(4), 335-346.

Neuman, W.L. 1997. **Social Research Methods. Qualitative and Quantitative Approaches.** Needham Heights: Allyn & Bacon.

Newman, B.N. & Newman, P.R. 1995. **Development Through Life. A Psychological Approach.** Boston: Brooks/Cole Publishing Company.

Nielsen, L. 1996. **Adolescence: A contemporary view.** 3<sup>rd</sup> Ed. London: Harcourt Brace College Publishers.

O’Koon, J. 1997. Attachment to parents and peers in late adolescence and their relationship with self-image. **Adolescence**, 32(126), Summer: 471-483.

Poggenpoel, M. 2001. Data analysis in qualitative research. In de Vos, A.S. (Ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions.** Pretoria: J.L. van Schaik.

Printz, B.L., Shermis, M.D. & Webb, P.M. 1999. Stress-buffering factors related to adolescent coping: a path analysis. **Adolescence**, 136(34), Winter: 715-731.

Renz, J. “Culture shock”. <http://www.upsticksandgo.com> (2001).

Renz, J. 2003. **Onderhoud met Ms Renz, Direkteur van Upsticksandgo.** Londen, 4 April.

Rickwood, D.J. 1995. The effectiveness of seeking help for coping with personal problems in late adolescence. **Journal of Youth and Adolescence**, 24(6), December: 685-704.

Rycek, R.F.; Stuhr, S.L.; McDermott, J.; Benker, J. & Swartz, M.D. 1998. Adolescent egocentrism and cognitive functioning during late adolescence. **Adolescence**, 33(132), Winter: 743-749.

Schurink, E.M. 2001. Deciding to use a qualitative research approach. In de Vos, A.S. (Ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions**, 239-251. Pretoria: J.L. van Schaik.

Schurink, E.M. 2001. Designing qualitative research. In de Vos, A.S. (Ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions**, 252-264. Pretoria: J.L. van Schaik.

Schwardt, T.A. 1997. **Qualitative Inquiry. A dictionary of terms**. London: Sage Publications.

Silverman, D. 2000. **Doing Qualitative Research. A Practical Handbook**. London: SAGE Publications.

Skoe, E.E.A. & von der Lippe, A.L. (Eds.) 1998. **Personality development in adolescence. A cross national and lifespan perspective**. London: Routledge.

Storti, C. 2001. **The art of crossing cultures**. 2<sup>nd</sup> Ed. London: Nicholas Brealy Publishing.

Stroebe, M.; van Vliet, T.; Hewstone, M. & Willis, H. 2002. Homesickness among students in two cultures: antecedents and consequences. **British Journal of Psychology**, 93(2), May: 147-169.

Strydom, H. 2001. The pilot study. In de Vos, A.S. (Ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions**, 178-188. Pretoria: J.L. van Schaik.

Strydom, H. & de Vos, A.S. 2001. Sampling and sampling methods. In de Vos, A.S. (Ed.) **Research at grass roots. A primer for the caring professions**, 189-201. Pretoria: J.L. van Schaik.

Stuart-Hamilton, I. 1996. **Dictionary of Developmental Psychology**. London: Jessica Kingsley Publishers.

Vartanian, L.R. 2001. Adolescents' reactions to hypothetical peer group conversation: evidence for an imaginary audience? **Adolescence**, 36(142), Summer: 347-384.

Walsh, S.D. & Horenczyk, G. 2001. Gendered patterns of experience in social and cultural transition: the case of English-speaking immigrants in Israel. **Sex roles**, 45(7), October: 501-529.

Yeh, C. & Inose, M. 2002. Difficulties and coping strategies of Chinese, Japanese and Korean immigrant students. **Adolescence**, 145(37), Spring: 69-82.

**Webbladsye (sonder outeurs) wat benut is**

Encyclopedia Britannica. Adolescence. Beskikbaar: [www.britannica.com](http://www.britannica.com) Toegang op 10 November 2003.

British High Commission, South Africa. Working Holidaymakers. Beskikbaar: [www.britishhighcommission.co.uk](http://www.britishhighcommission.co.uk) Toegang op 27 Maart 2003.

Dictionary.com. Adolescence. Beskikbaar: [www.dictionary.com](http://www.dictionary.com) Toegang 10 November 2003.

Schumacher, J.C. Adolescence: Change and Continuity. Beskikbaar: [www.inside.bard.edu/academic/specialproj/darling/adid1.htm](http://www.inside.bard.edu/academic/specialproj/darling/adid1.htm) Toegang op 24 September 2003.

Merriam-Webster Online Dictionary. Culture shock. Beskikbaar: [www.m-w.com](http://www.m-w.com) Toegang op 10 November 2003.

Open2.net. Bringing learning to life. Beskikbaar: [www.open2.net](http://www.open2.net) Toegang op 19 Oktober 2004.

Rainbow Nation. The Global South African Community. Beskikbaar: [www.rainbownation.com](http://www.rainbownation.com) Toegang op 27 Maart 2003.

The Gumtree. London's online community. Beskikbaar: [www.thegumtree.co.uk](http://www.thegumtree.co.uk) Toegang op 17 Mei 2004.

Your Dictionary.com. Culture. Beskikbaar: [www.yourdictionary.com](http://www.yourdictionary.com) Toegang op 10 November 2003.

**BYLAAG 1: INGELIGTE TOESTEMMING: DEELNAME AAN NAVORSING**

**8 Beaumont Court  
Spring Hill  
Lincoln  
LN1 1HE**

**Navorser:           Liesel le Roux  
e-pos adres:       liezeljoan@aol.com**

**INGELIGTE TOESTEMMING: DEELNAME AAN NAVORSING**

Hiermee gee u toestemming vir \_\_\_\_\_ om deel te neem aan navorsing. Die tema van die navorsing is: Die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolesent tydens 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk: 'n maatskaplikewerkondersoek.

Ek is 'n maatskaplike werker wat self in die Verenigde Koninkryk woon. Die doel van die studie is om die aard van die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat op 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is, te ondersoek.

Ek is tans besig met die graad MSD (Spel terapie) aan die Universiteit van Pretoria (Departement Maatskaplike Werk).

Ek onderneem om fokusgroepe te benut ter insameling van die data. Daar sal per gemiddeld ongeveer 6-9 lede per fokusgroep wees. Elke respondent neem slegs aan een fokusgroep deel. Tydens die fokusgroepe word spesifieke elemente rondom hulle werksvakansie en hul aanpassing in die Verenigde Koninkryk bespreek. Die bespreking sal ongeveer 'n uur lank duur.

Die risiko bestaan dat die deelnemers ongemak kan ervaar rondom hul eie ervarings sou dit van 'n negatiewe aard wees. Lede wat voel hulle benodig professionele hulp, sal deur my verwys word na professionele persone wat bevoeg is om dit te kan hanteer.

Deelnemers mag gevoelens van solidariteit en identifikasie met mede-Suid-Afrikaners beleef. Dit kan bydra tot ondersteuning van ander deelnemers.

Ek wil u graag verseker dat die deelnemers te enige tyd van die studie kan onttrek sonder negatiewe gevolge.

Alle inligting word as vertroulik behandel. Anonimiteit van die deelnemers word verseker. Die data van 'n persoon wat onttrek het, sal vernietig word. Die deelnemers se name sal nie in die mini-verhandeling bekend gemaak word nie.

Ek wil u versoek om die dokument te teken en aan die Departement van Maatskaplike Werk vir aandag: Dr C.E. Prinsloo, te faks in die geval van ouers in Suid-Afrika wat toestemming verleen. U kan my gerus kontak per e-pos sou u meer duidelikheid rondom die studie wou verkry.

Dankie byvoorbaat vir u samewerking.

Navorser: Liezel le Roux

Geteken \_\_\_\_\_ Te: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

Deelnemer/ouer/voog: \_\_\_\_\_

Geteken \_\_\_\_\_ Te: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**BYLAAG 2: INGELIGTE TOESTEMMING: DEELNAME AAN NAVORSING**

**6 Beaumont Court  
Spring Hill  
Lincoln  
LN1 1HE**

**Navorsers:           Liesel le Roux  
e-pos adres:        liezeljoan@aol.com**

**INGELIGTE TOESTEMMING: DEELNAME AAN NAVORSING**

Hiermee gee u toestemming vir \_\_\_\_\_ om deel te neem aan navorsing. Die tema van die navorsing is: Die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolesent tydens 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk: 'n maatskaplikewerkondersoek.

Ek is 'n maatskaplike werker wat self in die Verenigde Koninkryk woon. Die doel van die studie is om die aard van die aanpassing van die Suid-Afrikaanse laat-adolesent wat op 'n werksvakansie in die Verenigde Koninkryk is, te ondersoek.

Ek is tans besig met die graad MSD (Spel terapie) aan die Universiteit van Pretoria (Departement Maatskaplike Werk).

Ek onderneem om semi-gestruktureerde onderhoude te benut ter insameling van die data. Die onderhoude word individueel uitgevoer. Elke respondent neem dus slegs aan een onderhoud deel. Tydens die onderhoude word spesifieke elemente rondom die respondent se werksvakansie en die individu se aanpassing in die Verenigde Koninkryk bespreek. Die onderhoud sal ongeveer 'n half uur lank duur.

Die risiko bestaan dat die respondent ongemak kan ervaar rondom sy/haar ervaring sou dit van 'n negatiewe aard wees. Indien die respondent voel hy/sy benodig professionele hulp, sal hy/sy deur my verwys word na professionele persone wat bevoeg is om dit te kan hanteer.

Ek wil u graag verseker dat die deelnemer te enige tyd van die studie kan onttrek sonder negatiewe gevolge.

Alle inligting word as vertroulik behandel. Anonimiteit van die deelnemer word verseker. Die data van 'n persoon wat onttrek het, sal vernietig word. Die deelnemers se name sal nie in die mini-verhandeling bekend gemaak word nie.



Ek wil u versoek om die dokument te teken en aan die Departement van Maatskaplike Werk vir aandag: Dr C.E. Prinsloo, te faks in die geval van ouers in Suid-Afrika wat toestemming verleen. U kan my gerus kontak per e-pos sou u meer duidelikheid rondom die studie wou verkry.

Dankie byvoorbaat vir u samewerking.

Navorsers: Liezel le Roux

Geteken \_\_\_\_\_ Te: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

Deelnemer/ouer/voog: \_\_\_\_\_

Geteken \_\_\_\_\_ Te: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

**BYLAAG 3: ONDERHOUDSKEDULE:**

1. Wat was vir jou die heel ergste toe jy in die Verenigde Koninkryk aangekom het?
2. Wat was die heel lekkerste toe jy in die Verenigde Koninkryk aangekom het?
3. Watter verskille het jy tussen die Suid-Afrikaanse kultuur en die Britse kultuur raakgesien?
4. Watter probleme ervaar jy in die aanpassing by die nuwe omgewing?
5. Wat het gehelp om die probleme te hanteer?
6. Ervaar jy heimweë (*homesickness*) en indien wel, wat veroorsaak die heimweë?
7. Wat doen jy as jy heimweë ervaar?